

DIE GEREFORMEERDE BEGINSEL IN DIE ONDERWYS
IN TRANSVAAL: 1881-1899; MET BESONDERE VER-
WYSING NA PRESIDENT KRUGER SE AANDEEL EN
INVLOED

deur

W.G. vd. SCHYFF, B.A., B.Ed.

Verhandeling aangebied ter nakoming
van die vereistes vir die Graad
MAGISTER EDUCATIONIS
aan die
POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT vir C.H.O.

Promotor: prof. dr. J. Chr. Coetzee.

Desember 1953.

Voorwoord.

Met die voltooiing van hierdie verhandeling dink ek met dankbaarheid aan die krag en leiding wat die Hemelse Vader my geskenk het. Aan Hom alle eer en erkenning.

My opregte dank en waardering aan my vrou, Thora, vir haar opoffering, aanmoediging en daadwerklike hulp wat sy verleen het gedurende die jare van privaatstudie en met hierdie verhandeling; aan prof. J. Chr. Coetzee, wat nieteenstande sy veelvuldige pligte eers as waarnemende rektor en toe as rektor altyd bereidwillig en hulpvaardig was om my die nodige leiding te gee.

Ek bring hulde aan die nagedagtenis van my ouers en broer vir die opoffering en belangstelling wat hulle getoon het dwarsdeur my studiejare. Die voorbeeld wat hulle gestel het, elkeen op sy en haar eie terrein, was vir my 'n stukrag.

My dank aan die personeel van die Argief, van die T.O.D. - en die Ferdinand Postma-biblioteek vir hulle vriendelike hulpvaardigheid.

Aan al die ander wat my net raad, daad en belangstelling bygestaan het, sê ek dankie.

W.G. v.d.S.

Desember 1953.

INHOUDSOPGAWE.

Hoofstuk.

Bladsy.

I Die onderwystoestande in Transvaal tot omstreeks 1881.

Inleiding.	1.
1. Die tydperk van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie.	1.
2. Die tydperk van De Mist.	4.
3. Tydperk van verengelsing: 1806-1839.	5.
4. Onderwys op trek.	6.
5. Onderwys in die beginjare: 1838-1858.	7.
6. Onderwys onder die „Algemene Kommissie vir Onderwys" (1859-1867) en die Uitvoerende Raad (1868-1871).	9.
7. Onderwys onder Burgers.	12.
8. Onderwys onder die Engelse: 1877-1881.	17.

II Die grondgedagtes van die Driemanskap, veral van kommandant Kruger in verband met die herstel van die ou Christelik-nasionale Onderwys.

1. Die heersende beginsel in 1881.	23.
2. Die Driemanskap en S.J. du Toit.	27.
3. Ds. S.J. du Toit se artikels oor die Transvaal.	29.
4. Die formulering van die grondbeginsels deur ds. S.J. du Toit en hul aanvaarding deur die Driemanskap.	35.
5. Afwykende denkbeelde van president Kruger en ds. S.J. Du Toit insake die Christelike en nasionale aspekte van die onderwys:	40.
a. Die Christelike aspek.	
b. Die nasionale aspek.	

III	Kruger se standpunt ten opsigte van die onderwys soos ons dit vind in die Volksraad en daarbuite en in hoeverre die gedagtes van Kruger ook die gedagtes was van die mense van die Gereformeerde Kerk in Transvaal.	44.
	Inleiding.	44.
1.	Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.	45.
	a. Kruger se standpunt.	
	b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.	
	c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Gereformeerde Kerk.	
2.	Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.	52.
	a. Kruger se standpunt.	
	b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.	
	c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Gereformeerde Kerk.	
3.	Die skoolopvoeding moet Christelik wees.	58.
	a. Kruger se standpunt.	
	b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.	
	c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Geref. Kerk.	
4.	Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.	66.
	a. Kruger se standpunt.	
	b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.	
	c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Gereformeerde Kerk.	
IV	Die deurwerking van hierdie grondgedagtes in die tyd van S.J. du Toit.	74.

1. Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar. 74.
 - a. Stigting van skole.
 - b. Onderwysers.
 - c. Geskikte boeke.
 - d. Leerplan.
 - e. Inspeksie.
 2. Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders. 83.
 - a. Geskrifte van S.J. du Toit.
 - b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1882.
 - c. Toepassing van die beginsel.
 3. Die skoolopvoeding moet Christelik wees. 88.
 - a. Geskrifte van ds. S.J. du Toit.
 - b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1882.
 - c. Toepassing.
 4. Die skoolopvoeding moet nasionaal wees. 94.
 - a. Geskrifte van ds. S.J. du Toit.
 - b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1882.
 - c. Toepassing.
- V Die deurwerking van hierdie beginsel in die tyd van Mansvelt. 103.
1. Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar. 104.
 - a. Stigting van skole.
 - b. Onderwysers.
 - c. Geskikte boeke.
 - d. Leerplan.
 - e. Eksamens.
 - f. Inspeksie.

2. Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.	114
Die Onderwyswet van 1892.	
3. Die skoolopvoeding moet Christelik wees.	120
a. Toesprake van Mansvelt.	
b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1892 met betrekking tot die godsdiens en die toepassing daarvan.	
4. Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.	126.
a. Toesprake en geskrifte van Mansvelt.	
b. Wet No. 8 van 1892 met betrekking tot nasionale onderwys.	
c. Toepassing van die Onderwyswet van 1892.	
VI Samevatting en gevolgtrekking.	133.
1. Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.	133.
2. Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.	135.
3. Die skoolopvoeding moet Christelik wees.	138.
4. Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.	140.
Bibliografie.	143.

HOOFSTUK I.

DIE ONDERWYSTOESTANDE IN TRANSVAAL TOT OMSTREEKS 1881

Inleidings.

Om 'n deeglike begrip van die toestande op onderwysgebied in die Transvaal te verkry sal dit nodig wees om eers 'n aanduiding te gee van die toestande in die Kaapkolonie, beginnende in die tydperk van die Hollands-Oos-Indiese-Kompanjie, toe Gereformeerde owerheidskole die erkende stelsel van skole was. Hierna sal aangetoon word hoe die Gereformeerde beginsel heeltemal opsygeskuif is in die dae van De Mist en in die van Lord Charles Somerset, toe selfs die gebruik van die Hollandse taal verbied is. Die verbanning van hul taal en die onbevredigende wyse waarop godsdienst in die skole onderrig is, het dan ook veel bygedra tot die ontevredenheid van die Boere.

In die nuwe staat wat die Boere in die Noorde gestig het, is daar weer aan Hollands die ereplek toegeken, en gemeenteskole is gestig, waar die onderwys op Gereformeerde beginsel gebaseer is.

Ons vind egter dat daar gedurig 'n stryd deur die Boere was om die onchristelike en onnasionale rigtings uit die onderwys te weer. Hierdie stryd het sy hoogtepunt bereik in die tydperk van Burgers en in die tydperk 1877-1881, toe die Engelse aan die bewind was. Met die verkiesing van Kruger as president in 1881 het die nasionale en die Christelike in die onderwys weer geseëvier.

1.

Die tydperk van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie.

Ons het in hierdie tydperk te doen met Gereformeerde staatskole. Die Gereformeerde Kerk was die deur die staat bevoorregte kerk, en daarom is die belange van die Kerk by die onderwys deur die owerheid erken. Die Kerk het die

reg gehad om op die gebied van godsdiens voor te skryf wat op die skole geleer moes word, en dit moes ook ondersoek instel na die bekwaamheid en regsinnigheid van die onderwysers.

Aan die onderkant openbaar die bemoeiing van die owerheid in verband met die skool hom veral op drieërlei wyse

- (a) Die owerheid het die reg verleen om skool te hou: niemand mog skoolhou sonder die toestemming van die regering nie, en by verlening van die vergunning word duidelik omskryf onder watter voorwaardes dit gegee word;
- (b) Die owerheid het soms aan die onderwyser 'n subsidie gegee uit die publieke Kas; in die reël het die ouers tydens die Republiek self die koste van die onderwyser gedra, en
- (c) Die owerheid het toesig gehou oor al die skole deur die persone wat daartoe aangestel is⁽¹⁾.

Dit was veral die Dordtse Sinode van 1618-1619 wat bepaal het wat op godsdienstige gebied in die skole geleer moet word. Daar moes drieërlei vorm van katekisasie wees: in die huise deur die ouers, op die skole deur die skoolmeesters en in die kerke deur die predikante. Die ouers moes die kinders gewoon maak aan huisgodsdiens en hulle die vernaamste tekste uit die hoof laat leer. Die onderwysers moes lidmate wees van die Gereformeerde Kerk en moes die Nederlandse Konfessie en die Kategismus onderteken. Minstens twee dae in die week moes hulle die kinders die Kategismus inprent. Wat die kerklike katekisasie betref, word bepaal dat die predikante indien moontlik die kategismus self op skole sou preek⁽²⁾.

1). Woltjer: Wat is het doel van het Christelijk Nationaal Schoolonderwijs? 69.

2). Kaajan: De Pro-Acta der Dordtsche Synode in 1618, 207, 208.

Die godsdiensonderwys op skool is dan ook genoem katkisasie en het as hoofdoel gehad om die kinders te bring tot die belydenis van die geloof. Die godsdiensonderwys het dus in hierdie skole in diens van die kerk gestaan. „Sufficient religious knowledge for admission to membership in the established Church was the end sought. To this extent the majority of the European population were anxious for the education of their children“(3).

Onder die Oos-Indiese Kompanje was die skool te veel 'n verlengstuk van die kerk. Dit blyk uit die volgende oorweging

a. Die godsdiensonderwys op skool word genoem katkisasie en het ten doel gehad om die kinders voor te berei vir die kerklike aflegging van belydenis.

b. Eensydige nadruk word gelê op die godsdienstig-kerklike vorming van die kind. In die Kaap het die hele skoolopleiding ten doel gehad om die kinders gereed te maak vir die kerklike belydenis van geloof.

c. Die onderwyser was die dienaar van die kerk. Gedurig word gestreef om die amp van die onderwyser te verbind met die van koster, voorleser of krankebesoeker(4).

Al was die skool nie sonder foute nie, het dit vir die volk baie beteken. Die skool het nie alleen die Voortrekkers gered van ongeletterdheid nie maar het ook van die Boerenasie 'n volk gemaak Bybelvas en godsdienstig soos geen ander nasie nie. „En daarvoor moet die Afrikaansche volk die Kerk ten eeuwiges dage dankbaar wezen. Want deze weigering van wege de Kerk om personen, die niet lezen of schrijven konden tot het lidmaatschap toe te laten, heeft de Afrikaner van analfabetisme gered“(5).

3) Education Commission's Report 1863,

4). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika,
8-9.

5). V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, Pretoria, 1918.

Nog 'n voordeel van die skole was dat die Calvinisme, onder die Oos-Indiese Kompanje in kerk en skool geleer is, die Voortrekkers bewaar het van 'n vermenging met die swart bevolking van die land; en dit was die behoud van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika⁽⁶⁾.

2.

Die tydperk van De Mist.

Met die koms van De Mist in die naam van die Bataafse Republiek is kerk en staat geskei en het die Gereformeerde Kerk opgehou om die deur die staat bevoorregte kerk te wees. In 1804 het hy sy Kerkorde uitgevaardig, waarvan artikel I soos volg lui: „Alle Kerkgenootschappen, welke ter bevordering van deugd en goede zeden een Hoogst Wezen eerbiedigen genieten in deze volksplanting eene gelijke bescherming der wetten”.

De Mist het die kerk en staat geskei en ook die kerk aan die staat onderwerp. Hy het die godsdienst en die kerk in belang van die staat bevorder en terselfdertyd ook die skool in diens gestel van die staat. In bogenoemde Kerkorde het hy ook bepaal : „De openbare scholen strekkende tot onderwijzing der jeugd behooren niet tot eenig bijzonder Kerkgenootschap. Het zijn Kweekplaatsen om goede burgers voor de Staat te vormen en als zoodanig staan dezelve onder het onmiddellijk toezicht en bestuur van het Gouvernement”.

De Mist het dus die reg wat die kerk gehad het om voor te skryf wat op gebied van godsdienst op skool geleer sou word, ontnem. Die staat moes nou bepaal wat in skole geleer sou word, en die kerk sou nie meer seggenskap oor die skool hê nie.

De Mist het die onderwys in die skole, wat heeltemal gereformeerd was, vervang deur 'n godsdienst wat bo geloofs-verdeeldheid staan. Hy het bepaal dat die eerste beginsels

6. Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 11.

van die Christelike godsdiens geleer sou word, soveel moontlik ooreenkomstig die beginsels van die kerkgenootskap waartoe die ouers van die kind behoort⁽⁷⁾. Hy sluit dus nie alle dogmatiese onderwys uit die skool uit nie, maar alleen die leerstellings waarin die kerke ooreenkom, mag op die skole geleer word.

Waar dit die doel van die Oos-Indiese Kompanjie was om die kind lidmaat van die kerk te laat word, was dit De Mist se strewe om goeie burgers vir die staat te vorm.

Die bevolking aan die Kaap was egter heftig gekant teen die onderwysstelsel van De Mist. „Better no education at all from books than instruction not based on religion was the cry from one end of the colony to the other⁽⁸⁾. Onder die Ordonnansie van De Mist is daar dan ook net een skool opgerig, wat nie lank bestaan het nie⁽⁹⁾.

3.

Tydperk van verengelsing: 1806-1839.

In 1806 het die Kaap oorgegaan in die hande van Engeland. Die Goewerneur, sir John Cradock, het weer die kerk en die skool nader aan mekaar gebring deur sy „Koster Scholen” van 1812, wat feitlik kerkskole was. Hy het egter ook al begin met die politiek van verengelsing, deurdat die Engelse taal nou as fondament van die onderwys beskou word.

Lord Charles Somerset, wat op 6 April 1814 Goewerneur van die Kaapkolonie geword het, het egter ’n veel drastieser beleid ingevoer.

In 1822 vaardig hy ’n proklamasie uit waardeur Hollands heeltemal vervang sou word deur Engels. Ook in die skole en kerke is sy beleid van anglisering toegepas, deurdat hy

7). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 15.

8). Theal: History of South Africa, Vol III, 999.

9). V.d.Merwe: Die Kaap onder die Bataafse Republiek, 194.

Skotse onderwysers en predikante ingevoer het. In 1820 het hy dan ook die immigrasie van 5000 Engelse setlaars hierheen bewerkstellig.

Die beleid van Lord Charles Somerset om Engels op die volk af te dwing het egter net gemaak dat waar hulle andersins nie ongeneë was om die Engelse taal te leer nie, hulle nou geweier het om dit te doen.

„As a means of altering the language of the great body of Europeans in the country, these measures were an utter failure. In truth, they operated in the contrary direction, for hundreds of parents who otherwise would have had their children taught English now refused to do so, and the total number of children attending school decreased considerably at the start”.¹⁰⁾

Hierdie onderdrukking van godsdiens en taal, van alles wat vir hulle heilig en dierbaar was, was een van die hoof-oorsake wat gelei het tot die Groot Trek.

4.

Onderwys op trek.

Die Boere was gedurende die Groot Trek veral op twee dinge baie gesteld, nl. hulle godsdiens en opvoeding en die onderwys van hulle kinders. Weens die afsydige houding van die Kaaps-Hollandse Kerk kon die Trekkers egter nie 'n predikant vind wat saam met hulle trek nie. Daar was wel eerw. Erasmus Smit, wat as sendeling opgelei is en wat deur Piet Retief op 21 Mei 1837 self georden is as predikant van die Trekkers¹¹⁾.

Die aantal onderwysers wat die Trek meegemaak het, was heeltemal ontoereikend vir die behoefte van die gemeenskap: daar was 7 of 8 meesters.

10) Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 58.

11) Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 11.

Van gereelde onderwys was daar gedurende die Trek geen sprake nie, maar nogtans is die opvoeding en onderwys van die kinders nie verwaarloos nie. As saans laer getrek is, is die kinders byeengeroep vir die nodige onderrig, soms deur die meester maar meestal deur die moeder self. Die opvoeding van die Afrikanerjeug tydens die Trek was kernagtig, kerngerig en kerngesond¹²⁾.

Die opvoeding van die Trekkerkind was nie alleen 'n voorbereiding vir die eise van die lewe hier op aarde nie maar ook wesenlik 'n voorbereiding vir die eise van die lewe hierna. Die kind is as kind van God voorberei vir die ewige lewe. Sy hele opvoeding was daarop gerig om hom voor te berei vir die aflegging van die belydenis van die geloof. Daarom was 'n essensiële deel van die opvoeding om die kinders te leer om Bybel te lees.

Die opvoeding van die kind was dus oorwegend sedelik-godsdienstig. Nadat die A.B.C. en die "Trap der Jeugd" deur die kind behartig is, het gevolg die eintlike kern van die opvoeding, naamlik die godsdienstige opvoeding, die voorbereiding vir die aflegging van die geloofsbelydenis. Dit het bestaan uit 'n deeglike kennis van die Bybelse geskiedenis, 'n noukeurige onderrig in die geloofswaarhede van die Gereformeerde Kerk, 'n godsdienstige sang en lees van die Bybel en ander godsdienstige leesstof.

En so het die onderwys in die tyd van die Voortrekker 'n geslag gekweek van onversaagde baanbrekers wat die nuwe vaderland ekonomies en staatkundig sou ontgin, gerugsteun deur die sedelike krag van 'n stoer Calvinisme¹³⁾.

5.

Onderwys in die beginjare: 1838-1858.

Na die Trek was daar maar min geleentheid vir enige

12). Ibid., 12.

13). Bot: Die ontwikkeling van Onderwys in Transvaal 1836-1951

langdurige verstandelike opvoeding. Dorpe en plase moes aangê word, huise moes gebou word, water moes uitgehaal word, lande moes aangê en skoongemaak word. Waar moes die Trekker tyd vind om nog sy kind te onderrig! Nogtans vind ons dat die Trekkers maar altyd oor die belange van hulle kinders gewaak het. Reeds in die tweede Voortrekkergrondwet, dié van 1838, word in artikel 13 neergelê: „De Raad (van Presentanten van het volk) zal ook een wakend oog over den Godsdienst en Scholen moeten houden en alles aanwenden tot bevordering derzelve“¹⁴⁾.

Meestal moes die ouers self sorg vir die onderwys van hulle kinders daar onderwysers byna nie te bekom was nie. Vyf dinge, nl. lees, sing, skryf, syfer en godsdienst, het die grondslag van hul onderwys gevorm.

Gelukkig is die aandag van Nederland in daardie tyd gevestig op die Trekkers, en dié land het voorsien in die dringendste behoeftes deur aan hulle per skip 'n aantal boeke en Bybels te stuur. In Julie 1851 het die Nederlandse skip „Vasco da Gama“ in Delagoabaai aangekom met die eerste meesters aan boord, nl. H. van der Linden, J.W. Spruyt en W. Poen. Van der Linden is benoem tot onderwyser aan Mooirivier, Spruyt tot onderwyser op Rustenburg, terwyl Poen in Lydenburg onderwys gegee het sonder enige beheer van owerheidsweë.

Van der Linden het aan die Volksraad 'n voorstel tot reëling van die onderwys voorgelê, en as gevolg hiervan is die eerste wetlike reglement vir die onderwys in Transvaal deur die Volksraad goedgekeur. Artikel 5 van die Reglement plaas die skool onder die toesig van die gemeente; dit omskryf die vakke en bepaal dat die strekking van die onderwys godsdienstig moet wees¹⁵⁾. Die onderwys was toe staatsonderwys.

In 1853 het ds. Dirk van der Hoff in Potchefstroom aan-

14) Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 16.

15) Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek, 42.

gekom as predikant, en ook hy het 'n nuwe reglement vir die skole ontwerp, wat ook deur die kerkraad aangeneem is. Volgens hierdie regulasies sou die kontrole van die onderwys en onderwysers uitsluitlik by die kerkraad berus. Die predikant moes ook onder hierdie reëling onderwysers goedkeur.

Ongelukkig vir die gesonde ontwikkeling van die onderwys het daar twis ontstaan tussen predikant en onderwysers, met die gevolg dat die skole van Van der Linden en Spruyt in 1854 gesluit is. In 1855 was die onderwys in die Republiek in 'n chaotiese toestand. Pretorius het egter ingesien waar die fout lê nl. 'n gebrek aan 'n vaste grondwet, en daar is gevolglik deur sy toedoen 'n konsepgrondwet opgestel en deur die kommissie goedgekeur. Hierin kom vir die eerste keer voor „Het volk verlangt den opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat, en uit dien hoofde voorziening in de behoeften aan Nederduitsche Hervornde Predikanten en Schoolonderwijzers”¹⁶⁾.

Ons vind egter dat die Staat hom nie eintlik met die onderwys bemoei het nie, omdat dit nog altyd, volgens oorlewering die saak van die ouers was om in die onderwys van hulle kinders te voorsien.

So vind ons dan aan die begin van 1859 vyf dorpe in die Transvaal, nl. Potchefstroom, Rustenburg, Lydenburg, Pretoria en Zoutpansberg, maar oral was die onderwystoestande baie onbevredigend en ondoeltreffend.

6.

Onderwys onder die „Algemene Kommissie vir Onderwys”
(1859-1867) en die Uitvoerende Raad (1868-1871).

In artikel 42 van die nuwe grondwet word daar tans vir die onderwys van regeringsweë voorsiening gemaak. Die

¹⁶⁾ V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek, 45.

onderwyssake sou dus voortaan uit die beheer van die plaaslike kerkrade in die van die regering oorgaan.

In April 1859 is die skool in die hoofstad, Potchefstroom, weer heropen onder die vorige meester, H. van der Linden, wat tans benoem word as goewermentsonderwyser teen 'n vaste salaris van £75 per jaar. Die regering het 'n plaaslike skoolkommissie vir die Potchefstroomse skool benoem, wat bestaan het uit die here A.M. Goetz as president, ds. Van der Hoff, die Ned. Herv. predikant, staatspresident M.W. Pretorius H.S. Lombaard en dr. B. Poortman as sekretaris¹⁷⁾. Hieruit blyk dat die skoolonderwys in daardie jare opgevat is as 'n gewigtige gemeenskapstaak: selfs die Staatspresident het sitting geneem op die skoolkommissie.

Die Potchefstroomse skoolkommissie het opdrag gekry om dadelik 'n reglement vir goewermentsonderwysers op te stel wat hulle ook op 19 April 1859 ingelewer het. Die „Reglement“ bestaan uit 'n dertigtal artikels, waarin allerlei sake aangaande die onderwys op skole gereël word soos die salarisse van onderwysers, skoolgelde, skoolbehoefte, die inhoud en metode van onderwys, die versorging van die skool en meubels, skoolure, vakansies, eksamens, die regte en pligte van die skoolkommissies, die verhouding van die ouers tot die skool, die aanstelling van ondermeesters, die kerklike lidmaatskap van die goewermentsonderwyser, die toelating en uitneming van die kinders op skool.

Die inhoud van die onderwys sluit in lees, skryf, rekene, getal en vormleer, taalkunde, aardrykskunde, vaderlandse en algemene geskiedenis, Bybelse geskiedenis, die sing van die psalms en gesange in gebruik by die Ned. Geref. Kerk - wat toe die staatskerk was - en sangkuns. Ook het die Reglement bepaal dat alle goewermentsonderwysers lidmate van die

17). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 24.

Ned. Herv. Kerk moet wees.

Op 5 Mei is volgens 'n besluit van die Volksraad ook die aanstelling van 'n Kommissie van Onderwys vir die Zuid-Afrikaanse Republiek goedgekeur. Lede van die Kommissie was die twee Ned. Herv. predikante, D. van der Hoff en P.A.C. van Heynigen, die Ned. Herv. onderwyser van Potchefstroom, H. van der Linden, en die Ned. Herv. staatsprokureur, Proes. Die Kommissie het toe geword „Die Algemene Kommissie van Onderwys” in Transvaal en het toesig gehad oor die onderwys van die hele Republiek.

Op 10 Februarie 1859 is die Gereformeerde Kerk op Rustenburg herstig. Die Gereformeerde Kerk wou van die begin af 'n eie Gereformeerde skool gehad het. Op die goewermentskole was daar geen kans vir Gereformeerde onderwysers en onderwys nie, aangesien al die onderwysers verplig was om lid te wees van die Ned. Herv. Kerk. Die beginselbesware van die Gereformeerde manne was so aktueel dat hulle hul kinders nie op die Ned. Herv. owerheidskole wou of kon plaas nie. Die enigste uitweg was dus private Gereformeerde skole onder leiding en toesig van die enigste georganiseerde liggaam die Gereformeerde Boere, nl. die Kerk of Gemeente¹⁸⁾. So 'n skool was daar op Rustenburg onder leiding van ds. D. Postma.

Eers in 1866, met die nuwe regulasies, is die klousule in sake die lidmaatskap van die Ned. Herv. Kerk vir goewermentsonderwysers opgehef en vervang deur die eis dat hulle lede van 'n Protestantse kerk moet wees¹⁹⁾. Ook word kragtens die ontwerpwet wat op 24 Maart 1866 deur die Volksraad goedgekeur is, Engels vir die eerste keer in die onderwysgeskiedenis van die Republiek amptelik in die skole ingevoer. Een van die funksies van die Algemene Kommissie

18). Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in Transvaal 1859-1937, 16.

19). Artikel 21 en 24 van die Transvaalse Grondwet.

was ook, volgens die Reglement, wat sy werksaamhede omskrywe, om te sorg dat Engels naas Hollands onderwys moes word en om toe te sien dat by die aanstelling van onderwysers diegene wat 'n kennis van Engels het, beslis die voorkeur kry²⁰

Die lidmate van die Gereformeerde Kerk was egter nie tevrede nie. So vind ons dan dat na die Algemene Sinodale Kerkvergadering van 1869, gehou op Potchefstroom, die skoolvraagstuk deur die Gereformeerde Kerk op 'n meer algemene, stelselmatige wyse aangepak is²¹). Die afgevaardigdes van twee gemeentes het voorgestel dat die onderwys van die jeug in die gemeentes meer onder die opsig van die Kerk moes kom, wat ook deur die Sinode baie wenslik geag is.

Die Onderwyswet van 1866 het nie baie bevrediging gegee nie, sodat die Algemene Skoolkommissie reeds in 1867 'n gewysigde konsep voorgelê het. Intussen het ds. D. van der Hoff bedank. Daarop het die Staatspresident aan die hand gegee die aanstelling van 'n Superintendent van Onderwys. Dit is egter van die hand gewys, en die onderwys is toevertrou aan die Uitvoerende Raad self. Die Uitvoerende Raad was egter weens sy veelvuldige werksaamhede nie in staat om aan die saak van die onderwys volle reg te laat wedervaar nie, en die goeie beheer en toesig van die onderwys in die Republiek het verswak en later feitlik verdwyn.

Nie alleen op onderwysgebied het sake agteruitgegaan nie maar ook op politieke gebied. Staatspresident M.W. Pretorius het as gevolg van die moeilikhede in Maart 1871 sy amp neergelê en is in Julie 1872 opgevolg deur die nuwe president, ds. T.F. Burgers.

7.

Onderwys onder Burgers.

Beskawing en verligting was die doel en inhoud van

20). Basson: Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwet

21). Synodale Handelingen 1869, art. 116.

Burgers se onderwysbeskouing en dit kan alleen bereik word deur verstandelike ontwikkeling. Hierdie lewensbeskouing van sy leermeester, prof. Opzoomer, het hy dan ook gehuldig in 'n gemeenskap wat nog nie ryp was vir die verligte idees nie. Skole moet gebou word sodat misdaad kan verminder, want die oorsaak van die kwaad lê in die onkunde²²⁾. Die enigste teëwig teen geestelike agteruitgang was ons intellektuele ontwikkeling en nie, soos die mense in die Zuid-Afrikaanse Republiek geglo het nie, geestelike ontwikkeling geput uit die Bybel en by „meesters knie geleer“.

Die onderwys was ten tyde van die President se ampsaanvaarding in 'n slegte toestand. Hy het reeds in antwoord op die rekwisisies om hom verkiesbaar te stel gewys op die noodsaaklikheid om ernstige aandag aan die onderwys te skenk.

Met die sitting van die Volksraad in Februarie 1873 het die President nog nie uitvoering gegee aan die opdrag van die Uitvoerende Raad nie, nl. om 'n skema vir die onderwys op te stel wat op 13 Julie 1872 aan hom opgedra is. Ook met die volgende sitting, Mei 1873, kon pres. Burgers nog geen skema voorlê nie. Eers op 4 Februarie 1874 kon Burgers uiteindelik sy konseponderwyswet voorlê, en dit is gepubliseer in die staatskoerant van 4 November 1874 as Wet No. 4 van 1874²³⁾.

Twee jaar en vier maande het verstryk voordat daar enigsins weer nuwe lewe in die onderwys geblaas is. Was dit die geldelike toestand, die min belangstelling van die kant van die burgers of die laksheid van die President wat die kosbare tyd verlore laat gaan het?

Die klem van sy hele onderwyswet val weer op die onkunde en onbeskaafdheid van die bevolking „.....dat de

22). Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 132.

23). Coetzee: Onderwys in Tvl. 1838-1937, 35-36.

middels en kennis en besaving binne het bereik bring
van elke huisgezin"²⁴).

Die onderwyswet is deur die Volksraad aangeneem in weerwil van die volk se teenkating teen die President se vrysinnige idees. In die inleiding van die wet word bepaal: „dat die inrigting van het openbaar onderwys, met eerbiediging van ieders godsdienstige begrippen deur de wet worde geregeld, gelyk dezelve van Staatswege geldelijke ondersteuning vindt", en verder: Geen godsdienst-onderwys wordt in de schooluren gegeven; echter zullen de schoollocalen buiten de schooluren met goedvinden der schoolcommissiën, daartoe beschikbaar zyn voor Godsienste-leeraars of onderwijzers, zullen verder in iedere school in den Bijbel gelezen en in de Bijbel-geschiedenis onderwezen worden"²⁵).

Die Burgers-wet bestaan uit 'n „Inleiding", soos reeds hierbo aangedui, en 141 artikels, verdeel onder 7 hoofde. Die onderwys sal beheer word deur die volgende:- Aan die hoof staan 'n superintendent, wat verantwoordelik sal wees aan die Volksraad en die Uitvoerende Raad, aan wie hy rapporte moet voorlê oor die onderwys. Hy moet skole minstens een keer per jaar besoek en besluit oor geskille tussen onderwysers en skoolkommissies.

Daar sal skoolkommissies wees, gekies deur die burgers van 'n wyk of dorp, met die veldkornet of die landdros as die ex officio-voorsitter vir wyk- en distrikskole respektiewelik. Deur die skoolkommissies word: a. onderwysers aangestel of afgedank, met die goedkeuring van die Superintendent ('n diploma van bevoegdheid word vereis); b. skole opgerig, c. gesorg vir meubels in die skool, d. die eksamens bepaal en pryse uitgereik asook belangstelling

24). Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 136.

25). Ib'id., 137.

gewek in die algemene aktiwiteite van die skool; e. gelde ingesamel, die toekenning van die regering ontvang en die onderwysers betaal en e. elke maand 'n rapport van die skool aan die Superintendent gestuur.

Die onderwys word onderskei in laer en hoër onderwys; laer onderwys weer in gewone en meer uitgebreide onderwys. Die skole word onderskei in drie klasse: wykskole, in elke veldkornetskap een; distrikskole, in elke hoofplek van 'n distrik een; gimnasia; eers een in Pretoria, dan een in Potchefstroom en later in ander stede en dorpe²⁶⁾.

Die Wet kon egter nie dadelik in werking tree nie as gevolg van die hangende benoeming van 'n superintendent, die gebrek aan gekwalifiseerde onderwysers en die voorsiening van die nodige staatsgelde vir die onderwys.

Eers in 1876 is dit 'n werking gestel, en op 16 Februarie 1876 het die eerste superintendent sy amp aanvaar. Opdrag is gegee om skoolkommissies saam te stel, en die eerste distrikskool kon eers op 1 Mei 1867 deur die Superintendent geopen word. Gedurende die jaar is slegs 18 plaaslike skoolkommissies saangestel, maar dit was nie juis 'n sukses nie, omdat dit moeilik gegaan het om die regte persone daarin te betrek²⁷⁾.

Die Burgers-wet het nie veel waardering en steun van die volk ontvang nie. Die oorsake kan ons soos volg opsom: Die President met sy liberale denkbeelde was reeds voor sy ampsaanvaarding die skyf van die meeste ortodokse burgers in die Zuid-Afrikaanse Republiek. Reeds as predikant van Hanover is hy deur sy medepredikante aangeval en beveg

vanweë hierdie liberale opvattinge van hom. Baie het hy geïmponeer deur sy welsprekendheid, maar daarin het hulle

26). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922)
242-245.

27). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 41.

ook gesien die wêreldlike eiewaardegevoel wat hy saamgebring het van die buiteland waar die liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing hoogty gevier het. Sy lewendige belangstelling in die onderwys was gekonsentreer om „Verligting en Vooruitgang” wat die slagspreuk van die liberale was²⁸⁾.

Artikel 26 was duidelik teen die gees van die volk: geen godsdiensonderwys, of altans nie soos hulle dit wou gehad het nie, nl. katekisasie in die skool soos hulle dit by die huis geleer het toe daar geen toereikende skoolgeleentheid was nie. Hierdie artikel het die volk geïnterpreteer as ’n verbod om in die skool godsdiensonderrig te mag gee, en het bepaald veroorsaak dat die volk tot die gevolgtrekking geraak het dat Burgers se godsdienstige gevoelens nie strook met die wat hulle huldig nie. Die wysigings wat deur ’n kommissie aanbeveel word, werk egter dadelik kalmerend in op die gemoed van die volk, en die artikel is verander tot die oorspronklike plus „zullen verder in iedere school in den bybel worden gelezen en in die bybelgeschiedenis onderwezen worden”²⁹⁾. Die betekenis is dus nou aan die artikel geheg dat dogmatiese onderwys geregverdig was.

Ook artikel 41, wat die kwalifikasies van die onderwyser vasstel, vra nie lidmaatskap van ’n kerk nie, en artikel 74 eis dit ook nie vir die Superintendent nie - dus ’n absoluut neutrale houding van onderwysers: soos die President was, so was ook sy werknemers. Ook hier is egter die byvoeging gemaak: lidmaat van ’n Protestantse kerk. Artikel 51 lui: „Die onderwyzers of -essen zullen zich onthouden van iets te doen of te laten dat strydig is met de eerbied verschuldigd aan die godsdienstige begrippen van andersdenkenden, van het geven van onderwys in de Godsdienst gedurende schooluren

28). Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 35.

29). Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900, 97.

en zich zelfs buiten die schooluren niet mede inlaten, tenzy op uitdrukkelyk versoek van die ouders of voogden der kinderen³⁰⁾. . Strengo onsydigheid moet dus gehandhaaf word, en dit terwyl die Ned Herv. Kerk nog die staatskerk was en die meeste lidmate in die Republiek gehad het.

Die verligte³¹⁾ amptenare vanuit Holland, wat Burgers se opvattinge toegedaan was: W.J. van Gorkom, Superintendent, dr. E.J.P. Jorissen, hoof van die Gimnasium, en Roorda Smit, was beslis nie 'n aanbeveling vir sy onderwys nie; trouens, deur hulle toedoen is daar nog meer agterdog gesaai teen alles wat hy aangedurf het.

Die Wet van 1874 was dus nooit volledig in werking nie. Die teëstand teen die godsdiensonderwys daarvan, teen die invoering van Engels as 'n taal op skool, die onbevoegdheid van die skoolkommissies, die onbekwaamheid van en verkeerde vertolking van die Wet deur die Superintendent, ook die verwaarlosing van die laer en middelbare onderwys, wat die behoefte van die tyd en die volk was, het die onderwys 'n hele aantal jare vertraag³¹⁾. Dit is ook geen wonder nie dat ons in hierdie tyd sien dat huisonderwys meer in swang was as tevore³²⁾.

Die Onderwyswet van 1874 was 'n jaar in werking toe die Transvaal deur Shepstone vir Engeland geannekseer is.

8.

Onderwys onder die Engelse: 1877-1881.

Met die oorname van Transvaal deur die Engelse op 12 April 1877 het alles skynbaar rustig verloop. Alle amptenare en burgers is gelas om hulle stil te gedra, want enige teenstand sal moontlik die sending na Engeland laat misluk³³⁾.

Van Gorkum het ook in sy amp gebly, en die Onderwyswet

30). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R. 95-96.

31). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 41.

32). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R. 115.

33). Ibid., 116.

No. 4 van 1874 het nie juis minder opposisie gekry vanweë die verandering van regering nie. Shepstone het gevoel dat die onderwys 'n baie belangrike faktor kan wees in die bereiking van sy doel. Die indruk wat hy gekry het dat die volk baie geneë was om aan Engels voorkeur te gee in die onderwys, het, soos dit altans uit sy handelwyse blyk, hom nie juis genoop om die Engelse taal sonder verwyf aan die volk op te dring nie.

Kort na die aannekkasie is aan Van Gorkom opdrag gegee om 'n verslag op te stel oor die onderwystoestande van die land. Hierdie verslag was bepaald nie soos Shepstone dit verlang het nie, en Shepstone het feitlik 'n mosie van wantroue in Van Gorkom gestel deur die aanstelling van J. Vacy Lyle, sy eie huisdokter, „to enquire into the present conditions of education in the Transvaal territory, the laws regulating it, and the adoptibility of those laws to the wants of the people, and the circumstances of the country". Bedank het Van Gorkom op hierdie stadium nog nie, en ontslaan kon hy ook nie word nie, want hy is laat kom onder kontrak vir 7 jaar, en sy diens is deur die Engelse bestuur oorgeneem.

Lyle het gegewens ingesamel van predikante, skoolkommissies, onderwysers en private persone, en reeds in November 1878 kon hy verslag lewer. Op 7 Januarie 1879 is dit in die Transvaalse Goewernentskoerant gepubliseer en dit bied as 'n uitstekende insig in onderwyssake en bevat baie interessante aanbevelings.

Die verslag bestaan uit 123 artikels. Dit gee 'n kort oorsig van die Transvaalse onderwyswetgewing en bospreek veral die toestande gedurende die tyd van Burgers ³⁴⁾.

In hoofsaak word gewys op die hoe onderwysuitgawes, en dan word gegee die hoofinhoud van Burgers se onderwyswet en

word daarop gewys dat geen rekening gehou is met die godsdienstige eise van die volk nie. Daar word verwys na die wydverspreide begeerte na goeie Engelse onderwys en die teenkanting teen die vrysinnige Hollandse onderwysers deur Burgers ingevoer.

Met die wysiging wat hy nodig ag, wys hy veral op die godsdienstige grondbeginsel van die onderwys in Transvaal en goe hy aan die hand dat een uur van die vyfuurskooldag afgesonder moet word vir godsdienonderwys insluitende die bestudering van die Heilige Skrif.

Die noodsaaklikste in die Transvaal is laer onderwys.

Hy beklemtoon dus drie belangrike grondbeginsels: godsdiensonderwys, ekonomie en laer onderwys. Daar moet laerskole gestig word veral in die distrikte waar die behoefte die grootste is, en al die ander skole, wat aan sekere vereistes moet voldoen, moet subsidie kry. Die diens van rondtrekkende onderwysers moet gebruik word, en hulle moet aangenoodig word om hulle kennis en metodes te verbeter³⁵⁾

In artikels 87-119 skets Lyle die volgende stelsel van onderwys:

- a. Die gangbare onderwysstelsel sal die ondersteunde skool wees, en die regering sal dan sy eie skool oprig as dit werklik noodsaaklik blyk te wees.
- b. In Pretoria en Potchefstroom moet aan die bestaande skole eers 'n laer afdeling gestig word, sodat die kinders eers die laer afdeling moet deurloop of, as hulle van elders kom, eers 'n toelatingseksamen skryf tot die hoërafdeling. Ook moet skoolkoshuise vir buitekinders by die skole opgerig word.
- c. Talentvolle kinders moet van goewermentsweë ondersteuning ontvang.
- d. Van plaaslike talent moet soveel moontlik gebruik gemaak word vir kwekelinge, en die skole te Pretoria en

Potchefstroom moet gedeeltelik ontwikkel in opleiding-

 35). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1833-1937, 43.

skole vir onderwysers.

- e. Subsidie en salarisse sal nie langer betaal word nie, maar die toelae sal volgens resultate wees.
- f. Daar moet 'n vaste standaard wees vir 'n vergelykende inspeksie en eenvormigheid van taalboeke.
- g. Skoolinspekteurs is wenslik, maar die predikante kan voorlopig hulp verleen.
- h. Die skoolkommissies moet bly voortbestaan en moet die voertaal in die onderrig bepaal.
- i. Die Bybel moet onderwys word³⁶⁾.

Met die aanstelling van Van Gorkom in 1876 was daar 8 skole wat staatsteun ontvang het, nl. een in Pretoria met 20, een in Heidelberg met 30, een in Lydenburg met 15 en een in Zeerust met 5 of 6 leerlinge, in Engelse skole. Hollandse skole het bestaan te Pretoria met 10, te Lydenburg met 25, Potchefstroom met 15 leerlinge. Op Rustenburg was daar 'n Hollands-Engelse skool met 30 leerlinge. Die totale aantal leerlinge op skool was toe 151³⁷⁾.

In die Goewermentskennisgewing No. 22 van 1879 is Lyle se verslag goedgekeur, en toelae is bepaal op 5/- per kind vir laer onderwys en 'n spesiale toelae vir kinders bo st. 3 en 4. Daar is ook bepaal dat skole nie noodwendig onder beheer van die skoolkommissies geplaas word nie maar in mindere of meerdere mate in die hande van die ouers, wat 'n verdere afwyking van die staatskole was.

In April 1879 was daar onder die nuwe regulasie 9 skole met 393 leerlinge³⁸⁾. Die goewermentskole het ook nog 'n betreklik goeie inskrywingstal gehad. Van 9 skole met 306 leerlinge in April 1877 het hulle gestyg tot 11 met

36.) Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek 1836-1900. 122-123.

37.) Coetzee: Onderwys in Transvaal, 42.
- Verslag van Lyle, artikels 11 en 116.

38.) Goewermentskennisgewing No. 1689 van 1879.

445 leerlinge in April 1879. Die onkoste per hoof vir die goewermentskole was £7.3.9. teenoor £3 vir die ondersteunde skole. Daar was op die tydstip 838 kinders onder die Departement van Onderwys, en aan genl. Piet Joubert is deur sir Garnet Wolseley belowe dat nog meer skole opgerig sou word vir die opleiding van die landskinders tot amptenare³⁹⁾.

Na die dood van Lyle is ds. H.S. Bosman aangestel as waarnemende Superintendent. Die inrigting „Prospect Seminary” vir jong dames was onder sy sorg en in Potchefstroom ’n „Ladies’ Seminary” onder ds. J.P. Mooste. Die Engelse het dus van hierdie twee here ten volle gebruik gemaak in die onderwys, daar ds. Jooste as adjunk-inspekteur aangestel is.

’n Nuwe onderwyswet van ses artikels deur Bosman verskyn in die Goewermentskoerant op 20 April 1880, en dit word deur die Administrateur goedgekeur op 4 Junie 1880. Daar moet deur die regering voorsiening gemaak word vir goeie skoolgeboue en onderwyserswonings asook vir hoër salarisse vir onderwysers. Vir gesubsidieerde skole word ’n vaste minimum tarief van 3/- per kind per maand vasgestel. Die ouers is direk of indirek verantwoordelik gestel vir die onderwys, vir die aanstelling van onderwysers en bepaling van die voertaal.

Van hierdie onderwysreëling van Bosman het ook niks tereggekom nie, behalwe in die dorpe, waar dit algemeen aanvaar is vanweë die Engelse smaak daaraan verbonde. Goewermentskole in Middelburg, Pretoria en Heidelberg het gesluit, en ander het ’n sukkelbestaan gevoer. Die een in Potchefstroom het egter as gevolg van die Louis Van der Hoff-kombinasie gebloei.

Op die platteland was daar ’n gedurige verskuiwing as gevolg van die verlange na vryheid om vergaderings by te woon. Die godsdienstige gees en nasionaliteit wat in die skool

39) Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R., 124.

tuishoort en aangewakker moet bly, was in die bestaande skole afwesig, want die werklike bevolking het hulle nie met daardie skole verenig nie en hulle eie huisopvoeding waargeneen.

Op 13 Desember 1880 is die Republiek opnuut geproklameer, en op 22 Maart 1881, na die slag van Majuba, is die vrede onderteken en eindig ook die stryd teen die onchristelike en onnasionale rigting in die onderwys in die Zuid-Afrikaanse Republiek.

-----oOo-----

HOOFSTUK II.

DIE GRONDGEDAGTES VAN DIE DRIEMANSKAP, VERAL VAN KOMMANDANT KRUGER IN VERBAND MET DIE HERSTEL VAN DIE OU CHRISTELIK-NASIONALE ONDERWYS.

1.

Die heersende beginsel in 1881.

Op 12 April 1877 is Transvaal deur Shepstone geannekseer. Shepstone moes baie diplomacies en taktvol optree, omdat hy nie die Britse leërnag gehad het om tot gehoorsaamheid aan sy bevele te dwing nie. Die Hollandse taal moes dus naas Engels as offisiële taal erken bly.¹⁾ In 'n proklamasie deur Shepstone uitgevaardig, word die posisie van Hollands soos volg omskrywe: „.....arrangements will be made by which the Dutch language will practically be as much the official language as the English”²⁾.

Shepstone se opvolger, Lanyon, wat nie so taktvol en geslepe was nie en wat die Boere met minagting bejeën het, het hom egter nie gesteur aan die proklamasie van Shepstone nie en „appointed officials who refused to speak Dutch”³⁾. Statham toon aan dat „during the annexation period in the Transvaal the Dutch language was absolutely ignored by officials except when they were desirous of prosecuting a Dutch newspaper for sedition”⁴⁾.

Die beleid van die tussenregering was net soos op ander gebiede, ook ten opsigte van onderwys en opvoeding, 'n groot mislukking. Die vernaamste kenmerk van die Engelse tussenregering was dat daar hoegenaamd geen vaste riglyne in sy besluite gehandhaaf is nie⁵⁾.

-
- 1). Basson: Die taalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, 24.
 - 2). Leyds: Die Eerste Anneksasie, 268.
 - 3). Farrelly: The Settlement after the War in South Africa, 144.
 - 4). Statham: Paul Kruger and his Times, 250.
 - 5). Ploeger: Christelik nasionaal onderwys in Suid-Afrika, 79.

Terwyl Wet No. 8 van 1874 voorlopig nog gehandhaaf is, het verskillende privaatskole wat aan sekere voorwaardes voldoen het, staatsondersteuning ontvang. In hierdie periode het di. Bosman en Jooste nog ywerig voortgegaan om hul invloed by die outoriteite te gebruik om hul Engelsmediumskole te bevorder⁶⁾. Hierdie Engelse of Engels-georiënteerde skole is goed ondersteun, terwyl die Staatsgimnasium reeds in 1877 moes sluit⁷⁾.

As 'n mens sien hoe die Engelse taal selfs nog voor die anneksasie in die onderwyswêreld wortel geskiet het, vra jy jou af watter afmetings die angliseringsproses sou aangeneem het as daar nie 'n Vryheidsoorlog na die anneksasie plaasgeving het wat die Transvaler op nasionale gebied helder wakker geskud het nie.

Agtereenvolgens het die verskillende superintendente die onderwysbelange onder hulle sorg gehad, nl. W.J. van Gorkom (1877-79), dr. J. Vacy Lyle (1879) en ds. H.S. Bosman (1880-1881). Hierdie gedurige veranderings het dan ook geensins die groei van die onderwys bevorder nie.

Dr. Vacy Lyle, wat Van Gorkom as superintendent vervang het, was 'n persoon met veel gesonde opvattinge oor onderwysaangeleenthede. Die gesonde opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys het by hom meer gewig gedra as die belange van die Britse Ryk; die verengelsing van die Afrikanerkind. Wat Lyle veral getref het, was die algemene sterk begeerte onder die bevolking om hulle onderwys deur medium van Engels te ontvang. In sy rapport oor die onderwystoestande in Transvaal sê hy : „....het argument daarvan tengunste 't welk ik over en weder hoorde gebruik is, „Onze kinderen leeren te huis Hollands wij wenschen ze op school het

6). Basson: Die voertaal vraagstuk in die Transvaalse skoolwese, 24.

7). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R., 120.

Engelsch te doen leer⁸⁾. Vacy Lyle sien ook in dat die stelsel meer aanpas by die mense en dat hulle godsdienssin geken moet word, 'n prinsipe wat Burgers en Van Gorkom nie kon raaksien nie⁹⁾.

Dr. Vacy Lyle is egter in 1879 oorlede en is opgevolg deur ds. H.S. Bosman. Die enigste tasbare resultaat van die driejarige gesukkel was die Wet van 1880, wat uit slegs ses artikels bestaan het. Terwyl die onderwyswet van president Burgers gestrewe het na die opbou van 'n nasionale onderwysstelsel, het die Engelse regeerders juis die teenoorgestelde beoog¹⁰⁾. In die regulasies van 1880 is daar geen spoor te vind wat aandui dat daar sou gesorg word vir 'n waarlik nasionale opvoeding nie.

Uit die kwaad word egter soms goed gebore. Die anneksasië-politiek het nie slegs 'n herbore volksbesef en saanhorigheidsgevoel gekweek nie maar die Transvalers na hul eie laat terugkeer. Hul moedertaal het weer vir hulle dierbaar geword. Die verandering wat plaasgevind het, blyk duidelik uit die geskiedenis van die „Prospect Seminary” van ds. Bosman. Die kerk het geweier om die Engelsmediumskool langer toe te laat, het dit laat vervang deur Hollandsmedium en die naam verander na Ebenaezer¹¹⁾.

Dit dan was die toestand in Augustus 1881 toe die land weer 'n vrye Boere-Republiek geword het. Tydens die anneksasieperiode het dit vir die Engelse taal alles voor die wind gegaan. Dit het alle sfere van die Transvaalse samelewing deurdring, en eers deur 'n Vryheidsoorlog is die trae nasionale sentiment so opgewek dat die volk gaan opeis en hom gaan toeëien wat sy eie was¹²⁾.

8). J.V. Lyle: „Verslag over den Toestand van het Onderwijs in de Transvaal” in Goewerment Courant, No. 97, 21/1/79.

9). Lugtenburg: Gesk. van Onderw. in die S.A.R., 121.

10). Ploeger: Christelik nasionaal onderwys in Suid-Afrika, 80.

11). Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.R., 139.

12). Basson: Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese.

Die onderwystoestande het baie versleg en was onchristelik en onnasionaal, maar die Boere was ryp vir die veranderings wat ingetree het met die koms van die Driemanskap.

In die jare van smart en kommer is die eenheidsgevoel onder die burgers versterk. Hulle het besef dat hulle burgers van een land en lede van een groot familie is ¹³⁾.

In die kritieke dae van 1877 en daarna was daar rasegte Engelse in Transvaal wat nie die feit verbloem het dat hulle die anneksasie verwelkom nie. Verder was daar ook die persone wat geglo het dat verzet teen Engeland nutteloos sou wees. Hierdie groep was 'n groot aantal verengelste Afrikaners uit Natal en die Kaapkolonie¹⁴⁾, wat dit as hul plig beskou het om die Engelse politiek in verband met die anneksasie te bevorder¹⁵⁾.

In teenstelling met hierdie groep was daar 'n handjievol Nederlanders, soos dr. E.J.P. Jorissen, wat die Transvalers met raad en daad bygestaan het, en van wie generaal Colley in sy rapport getuig het dat hulle „the class most antagonistic to the English rule” was¹⁶⁾.

Buite die Republiek was dit veral ds. S.J. du Toit en sy aanhangers wat die saak van die Transvalers bepleit het. Vir hulle was die anneksasie en die lydelike verzet van die Boere 'n besielende voorbeeld. Hulle het in die houding van die Transvalers gesien wat 'n georganiseerde beweging teen Engeland kan presteer¹⁷⁾.

Vir die Transvalers was die bewyse van simpatie van groot betekenis. Dit het hulle posisie teenoor die Brit versterk en het baie daartoe bygedra om die Eerste Vryheidsoorlog tot 'n spoedige einde te bring¹⁸⁾.

13). Jorissen: Transvaalsche Herinneringen, 22.

14). Ploeger: Onderw. en onderwysbeleid in die S.A.R. onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt, 1.

15). Jorissen: a.w., 7.

16). Engelbrecht: Thomas Francois Burgers, 226.

17). Ploeger: a.w., 1.

18). Ibid., 2.

2.

Die Drienanskap en S.J. du Toit.

Die Drienanskap het bestaan uit: S.J.P. Kruger, Vise-President, P.J. Joubert, Kommandant-Generaal, en gewese President, M.W. Pretorius. Aan hulle is in 1879 die uitvoerende gesag van die land deur die Volksraad opgedra, en hulle het in die hoedanigheid bly fungeer tot 1883, toe 'n president en 'n nuwe uitvoerende gesag deur die verkiesing daargestel is.

Een van die eerste take van die Drienanskap was om te soek na 'n geskikte superintendent van onderwys. Die onderwystoestande was voor hulle koms baie swak en heeltemal uit voeling met die behoeftes van die volk.

Die Drienanskap het besef dat die Transvaalse volk Christelik-gereformeerd is en dat die skool dus ook Christelik-gereformeerd moet wees. Die Bybel het die ereplek in die huis ingeneem en moes dit dus ook in die skool inneem. Al te goed het hulle besef dat een van die vernaamste redes vir die ongewildheid van Burgers se onderwyswet juis die uitsluiting van die Bybel was. 'n Volk wat groot geword het met die Bybel, kon nooit tevrede wees met 'n onderwyswet wat die vrysinnige oortuigings van Burgers weerspieël het nie. Nog minder kon hulle tevrede wees met die onderwystoestande soos dit was onder die Engelse van 1877 tot 1881.

Die lede van die Drienanskap het dus gesoek na 'n man met (i) dieselfde godsdienstige oortuigings en (ii) dieselfde nasionale oortuigings as die volk van Transvaal.

Paul Kruger, wat so 'n heftige teenstander van Burgers was juis as gevolg van sy vrysinnige houding met betrekking tot die godsdienst, het nou 'n man gesoek wat die Bybel bo alles stel en wat sal sorg dat daar Christelike onderwys op die skole kom.

Paul Kruger was egter nie net 'n godsman nie maar ook 'n ras- en nasiebewuste Afrikaner. Vir hom was die identiteit

van die Afrikanernasie van die allergrootste betekenis¹⁹⁾. Daarom het hy dan ook gesoek na 'n persoon wat bo alles die belange van die Afrikanervolk op die hart dra.

Dit het nie lank geduur voordat die Driemanskap so 'n persoon vind nie. Hulle oog het dadelik geval op ds. S.J. du Toit van die Paarl, wat hom heelhartig aan die kant van die Vryheidshelde geskaar het en met oortuiging en beslistheid die goeie reg van die Transvaalse saak in Die Afrikaanse Patriot verdedig het. 'Sy gedagtes in verband met die onderwys van die jeug, wat hy deur middel van sy boeke en veral deur sy geskrifte in Die Patriot die lig laat sien het, het volkome ooreengestem met die idees van die Driemanskap.

Die pos van superintendent van onderwys is dan ook per telegram op 1 Augustus 1881 aan ds. S.J. du Toit aangebied. Op daardie dag ontvang ds. Du Toit 'n halfamptelike telegram van Ewald Esselen met die volgende inhoud: „Will you come to Transvaal as Superintendent of Education. This is indirectly official. Do come, if possible. Wire reply”²⁰⁾.

Op 5 Augustus skryf ds. Du Toit 'n brief aan die Driemanskap waarin hy vermeld dat hy die belangrikheid van die pos van superintendent van onderwys „in verband met die toekomst der Republiek en van ons gansche land” besef. Die Regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek het die aanbod op 15 Augustus 1881 amptelik herhaal. In sy antwoord aan hulle bedank ds. Du Toit die Driemanskap vir die vertroue wat hulle in hom stel deur die onderwys van die jeug aan hom toe te vertrou.

Ten gunste van die aanbod noem hy onder andere die volgende punte:

- (i) die onverwagte en ongesogte van die aanbod;
-

19). Du Plessis: President Kruger aan die Woord, 120.

20). Argief, R. 3381/81 by 5296/86.

- (ii) die belangrikheid van die roeping „als stellende feitelijk de jeugd en dus de toekomst der Transvaal in mijne handen”;
- (iii) die eienaardigheid van die roeping wat hom in die geleentheid stel om sowel maatskaplik as kerklik tot nut te wees deurdat hy, wanneer hy in belang van die onderwys rondgaan, kan proek ens.

As besware noem Ds. du Toit die volgende aspekte,

- (i) Dit is in stryd met sy gevoelens dat onderwys deur die staat beheers word;
- (ii) Die feit dat hy nie oor voldoende wetenskaplike vorming beskik nie en geen akademiese bevoegdhede behalwe as leraar besit nie;
- (iii) indien die Regering hom nie toelaat om die onderwys „vrij te regelen volgens zuiver christelike beginselen sal hy die aanbod nie kan aanneem nie²¹⁾.

Ds. Du Toit het verlof van sy gemeente ontvang om 'n reis na die Transvaal te onderneem, waar hy op 23 en 29 September 1881 samersprekings met die Uitvoerende Raad gehou het. Nadat hy die voor- en nadele goed oorweeg het, neem ds. Du Toit die roeping aan op voorwaarde „(i) dat hij zijn leraarsamb behou, (ii) dat zijn grondbeginsele re onderwijs aangeneem word (iii) dat hom later 'n bekwame sekretaris gegee word²²⁾.

3.

Ds. S.J. du Toit se artikels oor die Transvaal.

Dit was veral ds. Du Toit se artikels oor die Transvaal wat die Drienanskap laat besef het dat hy die geskikste persoon vir die pos van superintendent van onderwys was.

Sedert die ontstaan van die Patriot het ds. Du Toit as Kampvegter vir die Transvaalse volk opgetree. Die Patriot se invloed was baie groot, en by elke groot volksvergadering

21). J.D. du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 235.

22). Die Afrikaanse Patriot, 4 November 1881.

in die Transvaal het die koerant die gedragslyn aangewys, wat dan opgevolg is. Die blad het dan ook die anneksasie van Transvaal deur Engeland heftig tēegestaan en gepleit vir die verdrukte bevolking van Transvaal. Die standpunt van Die Patriot in verband met die anneksasie was dat die Transvalers nie moet veg teen Engeland nie, omdat hulle nooit sal kan volhou nie en hulle wapens te gebrekkig is. Hulle raad was „Blijf bij julle protēs en bepaal julle bij lijdelyk verset”²³⁾.

Dat Paul Kruger baie beïnvloed is deur die blad, blyk uit sy toespraak op Kleinfontein waar hy sê „Hoor wat seg ons vrinde! Die Patriot seg ons moet tog nie veg nie, en sal ons nou die goeje man sijn raad verwerp, en sonar Pretoria vat en daar intrek en die bietjie Engelse uitja? Ne, lijdelik, lijdelik verset”²⁴⁾.

Die volgende jaar het Die Patriot egter ingesien dat daar geen hoop is om die onafhanklikheid van die Transvaal terug te kry deur onderhandelings met Engeland nie. „Ons het nog altoos geseg lydelik verset. Mar nou nie langer nie. Lydelik verset word nou ydelik verset”²⁵⁾.

Toe die oorlog uitgebreek het, het ds. du Toit voortgegaan met sy arbeid in belang van die Transvaal. Ons noem die volgende feite:

(i) Op 9 Februarie 1881 word 'n vergadering in die Paarl gehou om die verskaffing van geneeskundige hulp aan die Transvalers te bespreek²⁶⁾.

(ii) In die Paarl word elke week 'n biduur gehou vir „die Transvaalse Broeders”²⁷⁾.

Dat ds. Du Toit hom verheug het oor die oorwinnings van die Transvalers blyk uit die gedig „Dit is Gods vinger”²⁸⁾.

23). Die Afrikaanse Patriot, 14 Februarie 1879.

24). Ibid., 23 Mei 1879.

25). Die Afrikaanse Patriot, 8 Oktober 1880.

26). Ibid., 11 Februarie 1881.

27). Ibid., 4 Februarie 1881.

28). Ibid., 4 Maart 1881.

„Die Heer is an die spits;
Met donder en met blits
Stry Hy ver die Transvaalse Boer
Waartoe meer legers angevoer?
Né, buig buig Britse trots!
Erken die vinger Gods!

Na die oorlog het die hele Paarlse publiek ook feesgevier onder voorsitterskap van ds. S.J. du Toit. Ook Die Patriot se vreugde is groot: „Ons is mos almal bly. Hoereh ver die Boere wat die Rojes so lekker geklop het!“²⁹⁾.

By geleentheid van 'n feestelike ontvangs van die Transvaalse Deputasie in 1883 het president Kruger onder andere die volgende gesê: „Hij zeide, hij gevoelde dat hij de inwoners van de Paarl niet anders kan noemen dan zijn meelelandgenoten. Gedurende de tijd dat de Transvaal in moeielijkheid was, is hun sympathie en raadgeving seer tot bemoediging geweest en heeft een sterke band tussen de Transvaal en de Paarl doen ontstaan. Hij hoopte dat de vriendschapsband, die zo lang reeds bestaan had, onafgebroken zou blijven voortduren“³⁰⁾.

By geleentheid van 'n feestelike ontvangs van die Transvaalse Deputasie in Holland (1884) het mnr. Ewald Esselen as sekretaris van die Deputasie die volgende aangaande die aandeel van ds. Du Toit in die Transvaal-saak gesê: „Hij dankte voor de dronk op de afwesige Du Toit ingesteld, en maakte fluks van diens afwezigheid gebruik om hem de hoogst mogelijke hulde te brengen. Spreker trad in een ontwikkeling van de geschiedenis zijns volks, en vond daarbij telkens gelegenheid de grote door Du Toit bewezen diensten in het licht te stellen, zijn strijd voor het behoud der Holl. taal,

29). Ibid., 1 April 1881.

30). Die Afrikaanse Patriot, 5 Oktober 1883.

de invloed door hem met behulp van zijn blad "De Patriot" uitoefend, dat na eerst lijdelijk verzet te hebben predikt, eindelijk het teken tot de oorlog gaf. Een uur later had Joubert zijn paard gezadeld en was heel de Transvaal opgestaan. Gedurende de oorlog vocht Du Toit mede. Nu voert hij de strijd voor het Hollands als officiële taal op school, zowel als in't parlement³¹⁾.

Na die glorieryke oorwinning wat die Transvaal in die Eerste Vryheidsoorlog behaal het, begin ds. S.J. du Toit vanaf 12 Augustus 1881 in Die Afrikaanse Patriot sy gedagtes ontwikkel oor "Die toekoms van die Transvaal" en hy eindig met 'n breedvoerige behandeling van die "Onderwys in Transvaal" in die uitgawes van 23 en 30 September³²⁾.

Ds. Du Toit het in sy "Program van Beginselen van de Nationale Partij" erken dat sy gedagtes aan dr. Abraham Kuyper, die groot voorvegter vir die vrye skool in Nederland, ontleen het. As ons die standaardwerk van dr. Kuyper, Ons Program, en ds. Du Toit se "Program van Beginselen van den Afrikaander Bond" vergelyk, kan ons duidelik sien dat ds. Du Toit sy groot voorganger gevolg het en slegs wysiginge aanbring het waar Suid-Afrikaanse toestande dit vereis het³³⁾.

Ds. Du Toit verklaar in navolging van dr. Kuyper "dat de staat voor zoover ontstentenis van veerkracht bij de burgerij hiertoe niet noodzaakt het beginselen laten varen, alsof de overheid geroepen zou zijn om van harentwege onderwijs te doen geven; voorkome dat de overheids-scholen, voor zoover noodig, tot propaganda van godsdienstige of tegen den godsdienst gekeerde begrippen misbruikt worden en alzoo ook in zake onderwijs aan alle burgers, onverschillig welke hunne godsdienstige of paedagogische zij gelijke

31). Du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk. 237.

32). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die onderwys, 11.

33). Ploeger: Onderwys en onderwysbeleid in die S.A.R. onder ds. S.J. du Toit en dr. N. Mansvelt 1881-1900,

rechten geven³⁴⁾.

President Kruger het reeds in 1876 tydens die sitting van die Volksraad te kenne gegee dat hy ten gunste van 'n dergelike rigting was. As lidmaat van die Gereformeerde Kerk in die Zuid-Afrikaanse Republiek het hy hierdie beleid, wat sy Kerk voorgestaan het, ondersteun. As gelowige Christen het hy hierdie opvatting tot sy geestelike eiendom gemaak en het hy ook later gesorg dat dieselfde beleid stiptelik nagekom word.

President Kruger het dus in ds. S.J. du Toit die regte man gesien om die Transvaalse jeug volgens sy eie beginsels op te voed en te onderrig³⁵⁾.

In Die Afrikaanse Patriot van 12 Augustus 1881 asook in die uitgawes van 23 en 30 September het ds. Du Toit sy gedagtes in verband met die toekoms van Transvaal op onderwys gebied breedvoerig uiteengesit. Volgens ds. Du Toit hang die toekoms van Transvaal kerklik, maatskaplik en staatkundig grotendeels af van die opvoeding en onderwys. Die Transvaal is met opoffering, goed en bloed gekoop deur ons stamverwante, wat die vryheid waardig is en wie se kinders waardig die vryheid opgevoed moet word.

Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding van hulle kinders, en waar hulle nie daartoe in staat is nie weens gebrek aan tyd of bekwaamheid, moet hulle gebruik maak van die skool. Dit onthef hulle egter nie van hulle verantwoordelikheid nie: aan hulle het God die kinders toevertrou, en van hulle sal Hy rekenskap van die kinders eis. Die mens is 'n dubbele wese, wat leef vir tyd en ewigheid en wat vir albei opgevoed moet word. Ons kinders sal oor 'n paar jaar ons plekke in staat, kerk en maatskappy moet inneem, en om nuttige lede van staat en

34). Du Toit: Program van Beginselen van de Nationale Partij, IV art. 11.

35). Argief-jaarboek, 1952, deel I, 34.

maatskappy en waardige lede van die Christelike kerk te wees, om voorbereid vir die volgende lewe te wees, moet hulle daartoe opgekweek word. Dit is waar dat God alleen die wasdom kan gee, maar dit is ook waar dat daar deur Paulus geplant en deur Apollos natgemaak word. Onderwys en opvoeding is dus 'n saak van die grootste gewig.

Ds. du Toit sê vervolgens dat sy lesers weet dat hy 'n deeglike en grondige maar ook 'n suiwer Christelike onderwys voorstaan en dat hy op Bybelse gronde teen die skeiding van godsdiens en wetenskap gekant is. Om nou in die Transvaal in die behoefte van 'n deeglike Christelike onderwys te voorsien is daar nodig 'n doeltreffende skoolwet, bekwame onderwysers, geskikte leerboeke en ook die regte man aan die hoof as superintendent van onderwys. Die skoolwet moet na die behoefte van die volk wees. Die Transvaalse volk is Christelik-gereformeerd, en daarom moet die skool ook Christelik, selfs gereformeerd wees. Die volk mag nie tevrede wees met 'n skoolwet wat nie hieraan voldoen nie, want die ouers lê 'n dure belofte af by die doop van hul kinders, en die skoolwet moet voorsiening maak vir die vervulling van die doopbelofte. Al is die Transvaal se volk as geheel geneem gereformeerd, hoef 'n gereformeerde skoolwet nie andersgesindes uit te sluit nie. Omdat die regering nie een onderdaan bo die ander mag ken of ontken nie, moet die Christelike onderwys in die hande van die volk wees en nie in die hande van die regering nie.

In verband met die taal wat op die skool gebruik word, sê ds. Du Toit dat die taal van die volk ook die taal van die skool moet wees, anders, „doen die kinders papegaaiewerk met klanke na te boots wat hulle nie verstaan nie.” Om kinders in 'n vreemde taal te onderwys is net om hulle geheue te vul met 'n bietjie kennis, want alhoewel hul herinneringe wel verwronge in werking kom, bly hulle verstand en denkvermoë onontwikkeld.

Die skoolwet moet voorsiening maak vir die opvoeding en onderwys van die Boerebevolking. Omdat die Boere baie verspreid woon, moet die onderwys in hulle nabyheid, in hul huise, binne die bereik van elkeen gebring word.

Die Transvaal moet selfstandig vir die opleiding van onderwysers sorg, en daarom word aan die hand gegee die stigting van 'n Normaalskool of 'n „Gedenkskool vir Vortrekkers“. Daar moet gesorg word vir geskikte Hollandse leerboeke, wat vereers uit Holland self bestel word maar so gou moontlik vervang moet word met leerboekies wat in Suid-Afrika geskrywe word.

Om alles te verwesenlik moet die regte man aan die spits van sake staan. Dit moet wees 'n man uit die Boerevolk, 'n ontwikkelde man maar boweral 'n gelowige Christen³⁶⁾.

4.

Die formulering van die grondbeginsels deur ds.

S.J. du Toit en hul aanvaarding deur die
Driemanskap.

Nadat ds. Du Toit offisieel sy amp as Superintendent van Onderwys aanvaar het, het hy dadelik aan die werk gespring. Gou het hy in die Staats-Courant sy grondbeginsels vir die Transvaalse onderwys bekend gestel. Oral waar hy gekom het, het hy skole gestig en hom veral toegelê op die propagering van sy onderwysbeginsels.

Die Afrikaanse Patriot van 14 Julie 1882 publiseer 'n toespraak wat hy op Rustenburg gehou het, waar hy sy grondbeginsels weergee en toelig. Hy gee daar 'n samevatting van sy grondbeginsels onder drie hoofpunte, nl.: a. Het onderwijs moet gegee word in Christelike (hoewel niet juist konfessionele) geest, de Bijbel moet de ereplaats hebben in de school. b. De ondersteuning der H.E. Regering

moet gelijkelijk toegekend worden aan dorpeling en buitenman, eenvoudig berekend naar verdienste ge-evenredigd aan het aantal leerlingen en de graad van onderwijs. c. Het onderwijs self moet ingericht zijn overeenkomstig de behoeften van ons land en volk³⁷⁾.

In die „Voorlopige Rapport” oor die Transvaalse onderwystoestande wat ds. Du Toit op 4 Mei 1882 aan die Volksraad voorgelê het, vergelyk hy die beginsels soos deur hom voorgestel en reeds deur die Volksraad op 5 Oktober 1881 bekragtig, met die vroeëre stelsel wat in die Zuid-Afrikaanse Republiek in werking was³⁸⁾. Na die rapport ingelewer is, het die Volksraad die „Voorstel van Wet” byna sonder enige verdere bespreking aangeneem as „Wet No. 1 van 1882”.

Die onderwyswet van ds. Du Toit bevat eers die „Algemene Bepalinge” soos reeds in September 1881 deur hom geformuleer is.

Eerstens gaan die Regering van die Suid-Afrikaanse Republiek van die beginsel uit dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hul kinders. Die Regering beperk dus sy „bemoeijingen met het schoolwezen” tot die aanmoediging van partikuliere inisiatief by die burgery deur geldelike bydrae ter ondersteuning van skole, tot die skoolopsig vir sover dit hom geroepe ag om toe te sien dat die toekomstige burgers die vereiste Christelike opvoeding ontvang, en tot die stigting van ’n inrigting vir hoër onderwys, veral vir die opleiding van onderwysers. Tweedens erken die Regering dat die godsdiensonderwys as sodanig tuishoort by die kerk en nie by die staat nie, en eis dit slegs dat in alle van

37). Du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 50.

38). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die onderwys, 14.

Regeringsweë ondersteunde skole die burgerlike onderwys behoorlik gegee word, t.w. in Christelike gees, waarby ingesluit is die opening en sluiting van die skool met gebed die lees van Gods Woord, en die behandeling van die Bybelse geskiedenis binne skoolure. Verder spreek die Regering die wens uit dat die verskillende gemeentes en kerkrade self die inisiatief sal neem in die stigting van skole en die verkiesing van skoolkommissies. In die derde plek wens die Regering die onderwys toeganklik te maak vir alle burgers van die Zuid-Afrikaanse Republiek, veral vir die verspreid-wonende, die Boerebevolking, en bied 'n jaarlikse toelae aan alle skole wat voldoen aan die vereistes van die Reglement. Vierdens word die onderwys ingedeel in elementêre en middelbare onderwys en in hoër onderwys met sy eie bepalinge.

In die vyfde plek word bepaal dat die Superintendent van Onderwys sal beslis omtrent die rangskikking van leerlinge. In die sesde grondbeginsel word neergelê die toelae aan leerlinge, nl. £3 per leerling vir elementêre en £5 per leerling vir middelbare onderwys, en verder die toekenning van 'n honorarium van £5 tot £15 aan verdienstelike onderwysers. Die sewende grondbeginsel bepaal dat die onderwys in die Nederlandse taal gegee moet word.

In die „Besondere Bepalinge" vir die elementêre en middelbare onderwys word onder andere neergelê dat die skole onder toesig van skoolkommissies moet staan. Dit sal die taak van die kommissies wees om te sorg vir die behoorlike skoolgebou, meubels en ander toebehore. Ook sal die vakansies deur die kommissies bepaal word en die onderwysers deur hulle gekies word.

Die Superintendent van Onderwys sal belas wees met die oppertoesig van skole, met die reëling van die onderwys en hy moet sorg vir gereelde skoolverslae. Dit sal ook sy

taak wees om eenmaal per jaar alle middelbare en hoërskole te besoek en soveel moontlik ook die laerskole. Ook moet hy jaarliks verslag doen aan die Regering oor die algemene staat van die onderwys. Daar sal so gou moontlik 'n sekretaris van onderwys aangestel word, terwyl die Superintendent self bevoegde persone kan aanstel vir plaaslike skool-inspeksies.

Die „Bepalings“ vir die hoër onderwys lê in die algemeen slegs neer dat die Regering homgeroepe ag om die hoër onderwys te bevorder deur die stigting van 'n inrigting en deur die aanstelling van 'n eksaminerende kommissie. Vir die inrigting van hoër onderwys en die eksaminerende kommissie word daar nadere „Bepalings“ neergelê. Volgens die Wet is laer en middelbare onderwys dus staatsondersteunde onderwys terwyl hoër onderwys suiwer staatsonderwys is.

Ds. Du Toit het deur hierdie wetgewing 'n onderwysstelsel geskep wat die Boerebevolking van die Transvaal gewens en begeer het³⁹⁾. Dit was 'n wetgewing wat die volle goedkeuring van die Driemanskap weggedra het, omdat dit gepas het by die volksaard en tradisies van die volk en rekening gehou het met hul gees en behoeftes. Dit was die stelsel van staatsondersteunde skole op Christelike en nasionale grondslag met Nederlands as voertaal, 'n stelsel wat die Transvaalse volk nodig gehad het om weer hulle gevoel van nasionalisme op te wek.

Dat hierdie stelsel die volle goedkeuring van die Regering gehad het, blyk uit aantekeninge deur ds. Du Toit self gemaak. Hy sê o.a.: „Die Transvaalse regering was volkome eens met die grondslae wat ik neergeleg het vir 'n nuwe onderwyssisteem. Ook die Volksraad.“ Verder sê hy: Bij mijn ambsuitoefening was daar groot beswaar deur

39). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die onderwys, 15-16.

omstandighede van land en regering, hoewel ik die kragtige bijstand van president en regering had"⁴⁰⁾.

Hy skryf ook „Als schoolopsiener het Prës. Kruger my nooit gehinder nie, maar mij de mees molike steun gegee"⁴¹⁾.

Tydens die bespreking van die onderwerp deur die Volksraad het Christiaan Joubert, 'n lid van die Uitvoerende Raad, opgemerk dat hy daarvan oortuig was, „dat het volk der Republiek, hetwelk een Christen volk is, met deze wet volkomen tevrede zal zijn"⁴²⁾. 'n Tweede lid van die Volksraad het verklaar dat die volk deur meer algemene onderwys sou veredel word, terwyl 'n derde spreker daarop gewys het dat deeglike onderwys en opvoeding die land in staat sou stel om in die toekoms sy eie amptenare te kan kweek⁴³⁾. Hierop het die Vise-President hom met die uitsprake van die sprekers verenig en het hy die waarde van algemene volksontwikkeling sterk beklemtoon⁴⁴⁾.

Op 'n vergadering van die Volksraad in Mei 1883 het staatspresident Kruger in sy toespraak getuig: „Niettegenstaande de moeilijke omstandigheden, zijn de vorderingen van het onderwijs dit afgelopen jaar onder het bestuur van onzen ijverigen en bekwamen Superintendent van Onderwijs, zeer bevredigend te noemen." President Kruger het verder getuig dat die nuwe wet reeds uitmuntende resultate opgelewer het en dat hy dit ook in die toekoms verwag⁴⁵⁾.

40). Du Toit: Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 239.

41). Ibid., 240.

42). Notule Volksraad, 4 Mei 1882, art 29.

43). Ibid., art 28.

44). Ibid., art. 29.

45). Notule Volksraad, 8 Mei 1883, art. 13, subart. 16.

5.

Afwykende denkbceelde van pres. Kruger en ds.

S.J. du Toit insake die Christelike en
nasionale aspekte van die onderwys.

Alhoewel president Kruger 'n hoë agting vir ds. S.J. du Toit gehad het en alhoewel hy saam gevoel het met die beginsel en idees van ds. Du Toit, het hy tog partykeer afwykende denkbceelde omtrent 'n saak gekoester.

Behalwe die Christelike opvoeding het die onderwysstelsel van ds. Du Toit ook die nasionale vorming van die jeug ingesluit. Ons sal nou nagaan hoe Kruger en Du Toit afwykende sienswyses daarop nagehou het met betrekking tot die Christelike en nasionale aspekte van die onderwys.

a. Die Christelike aspek.

Met betrekking tot die Christelike aspek kon president Kruger en ds. S.J. du Toit saamwerk, omdat albei gekant was teen liberale opvatting⁴⁶⁾. Nogtans was daar 'n verskil in opvatting tussen die Vise-President en die Superintendent van Onderwys.

Kruger wou as Gereformeerde die suiwer Kuyperiaanse gedagtes in die praktyk deurvoer, terwyl ds. Du Toit vryer gedink het en 'n waarlik Christelike skool vir almal as voldoende beskou het⁴⁷⁾.

Tydens die bespreking van die wetsontwerp in die Volksraad het raadslid Preller voorgestel om by die voorgestelde artikel oor dogmatiese onderwys die woorde „buiten de Schooluren" by te voeg⁴⁸⁾. Hy het verklaar dat dogmatiese godsdiensonderwys tydens skoolure aanleiding kon gee tot moeilikheid en dat dit tot nadeel van kinders van verskillende kerkgenootskappe sou wees.

46). Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, 1952, I, 21.

47). Ibid., 9.

48). Notule Volksraad, 5 Oktober 1881, art. 63.

Vise-president Kruger het die sienswyse verkondig dat die skole kerkskole moet wees. Volgens hom sou leerstellige godsdiensonderwys toenadering tussen die kerkgenootskappe teweebring. Kruger het beoog dat die stelsel deur die voorgestelde byvoeging sy hoofkenmerk sou verloor deurdadig die kerk dan uitgesluit sou wees⁴⁹⁾.

Ook buitekant die vergadersaal het Kruger dieselfde gedagtes uitgespreek. Op 'n vergadering in Pretoria van die verskillende kerkgenootskappe het hy onder andere gesê: „Zijn Zaligmaker had de opvoeding in handen der Kerk gegeven - de Staat moest enkel het onderwijs steunen. Bleef de school in handen van een Staat, dan zouden wij een Rijk des Satans worden”.

Op dieselfde vergadering het ds. Du Toit verklaar dat die onderwys Christelik moet wees „omdat hoofd en hart een waren en zich niet lieten scheiden”⁵⁰⁾. Hy het egter nie op die vraagstuk van suiwer kerkskole ingegaan nie. Hy het hom egter in antwoord op 'n adres van verskillende burgers van Rustenburg soos volg uitgelaat: „Het onderwijs moet gegeven worden in Christelijke (hoewel niet juist konfessioneel) geest, de Bijbel moet die eereplaats hebben in de school”⁵¹⁾.

Hier neem ons dus 'n duidelike verskil van opvatting tussen president Kruger en die Superintendent waar.

b. Die nasionale aspek.

Wat betref die nasionale aspek van onderwys en opvoeding, het ds. S.J. du Toit en president Kruger ook verskillende opvattinge gehuldig⁵²⁾.

In 1882 het die Republiek nog nie beskik oor onderwysers

49). Idem.

50). De Volkstem, 5 Okt. 1881.

51). Du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 50.

52). Argiefjaarboek, 1952, deel I, 21.

wat die jeug in nasionale sin kon opvoed en onderrig nie. Kruger en ds. Du Toit het verskil oor die vraag waarvandaan die hulp moes kom. Kruger was ten gunste van Nederlandse Immigrante. Tydens sy besoek aan Nederland in 1884 het die Staatspresident in Den Haag onder andere die volgende gesê in verband met Nederlands-Transvaalse samewerking: „Van harte hoop en vertrou ik, dat onze vriendschap steeds meer de band, die ons vereenigt, al sterker en sterker zal worden en leiden zal tot uitbreiding van de punt van Holland in Zuid-Afrika”⁵³⁾.

Die Staatspresident het met betrekking tot onder wys en opvoeding in Transvaal in verskillende Nederlandse skole jong Nederlanders opgewek om na die Republiek te kom. Aan verskillende Nederlandse onderwysers het hy meegedeel dat daar 'n groot behoefte aan jong Christelike onderwysers in die Transvaal is en dat hulle baie hartlik verwelkom sou word indien hulle besluit om na die Transvaal te kom⁵⁴⁾. Hy het self die daad by die woord gevoeg en 'n onderwyser, J.E. van Minnen, wat aan die Vrije Universiteit van Amsterdam gestudeer het, saam teruggeneem en hom twee jaar lank in sy eie huis laat inwoon⁵⁵⁾.

Ds. Du Toit het ondanks sy skrywe aan dr. A. Kuyper om Nederlandse onderwysers te stuur nie die Nederlandse invloed in Transvaal verwelkom nie⁵⁶⁾. Veel eerder wou hy geesverwante van hom uit die Paarl as onderwysers verwelkom. Hy het probeer om Nederlanders uit die Transvaal te weer en om Nederlandse invloed in die Republiek te breek⁵⁷⁾. Een van sy wapens teen die Nederlanders was sy koerant De Republikein⁵⁸⁾.

53). De Volkstem, 8 April 1884.

54). Argief-jaarboek, 1952, deel I, 22.

55). Argief, O.R., 6842/95.

56). Argief-jaarboek, 1952, deel I, 21.

57). Ibid., 23.

58). Argief, L.A. 250.

Hier dan was die verskil van opvatting tussen pres. Kruger en ds. Du Toit. Die Superintendent wou onderwysers uit die Kaapkolonie laat kom, terwyl die President nie vertrouwe gehad het in die verengeste Afrikaners van die Kaapkolonie nie⁵⁹⁾. Paul Kruger het met sy fyn deursig baie goed beseef dat die agitators onder sy eie volk om meer Engels besig was om die integriteit van die staat te ondermyn. Hy het gevoel dat die enigste kulturele versterking vir die Republiek uit Holland moet kom⁶⁰⁾.

Hierdie verskil in opvatting het egter nie verhinder dat die President en die Superintendent van Onderwys goed met mekaar klaargekom het nie. Hulle einddoel was dieselfde: die opbou van die Transvaalse volk op Christelike en nasionale grondslag.

-----oOo-----

59). Basson: Die taalkonstruksie in die Tvl. skoolwese, 39.

60). Ibid., 38-39.

HOOFSTUK III.

KRUGER SE STANDPUNT TEN OPSIGTE VAN DIE ONDERWYS SOOS ONS DIT VIND IN DIE VOLKSRAAD EN DAARBUITE EN IN HOEVERRE DIE GEDAGTES VAN KRUGER OOK DIE GEDAGTES WAS VAN DIE MENSE VAN DIE GEREFORMEERDE KERK IN TRANSVAAL

Inleiding.

Paul Kruger se grootheid lê daarin dat hy nie slegs sy volk deur die kritieke tydperk van nasionale bewuswording en stryd om handhawing van die vryheid gelei het nie maar dat hy, soos niemand ooit tevore nie, ook die mondstuk was van die ideale en verlange wat in die boesem van die Boer gesluimer het¹⁾.

Toe hy President word, probeer hy die lesse wat die ervaring hom geleer het, nugter en saaklik in praktiese toepassing bring. As President bou hy sy hele beleid op die Woord van God. Dit geld veral die handhawing van die vryheid en die bevordering van die welvaart van die volk op godsdienstige, morele en stoflike gebied. Ook in sy idees in verband met die opvoeding en onderwys van die jeug word hy deur die Woord gelei. Die vier grondgedagtes wat hy in verband met die onderwys gehad het en wat vandag nog as die grondbeginsels gebruik word, vind hy egter in die Bybel, nl.:

- i. „Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.” In die Bybel lees ons: „My volk is uitgeroei, omdat dit sonder kennis is”.
- ii. Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders, die ouers „wat hul kinders voor die preekstoel aan God gegee het om hulle vir die Here in sy diens tot sy eer op te voed”.
- iii. Die skoolopvoeding moet Christelik wees. Aan die onderwysers sê hy: „Laat die godsdiens dan nie verwaarloos word nie want dit is die grondslag van kerk en staat. By

1). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 12.

vas staan by die Bybel en onderwys die kinders wat daarvoor aan u toevertrou is, en dan sal u ook hiernamaals hoor:

„Jou getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in, jou geseënde van die Here, en sit aan my regerkant“²⁾.

iv. Die skoolopvoeding moet nasionaal wees. Aan die kinders sê hy: Indien u dus teenoor u taal onverskillig word, word u dit ook teenoor u voorouers, en word u onverskillig teenoor u Bybel, dan ook teenoor die godsdiens Staan dan vas sodat nie tevergeefs op u vertrou word nie en hou u vas aan u taal, Bybel en godsdiens“³⁾.

In hierdie hoofstuk sal ek probeer om hierdie vier grondgedagtes nader te behandel en dit te vergelyk met die gedagtes van die Gereformeerde Kerk in Transvaal.

1.

Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.

a. Kruger se standpunt.

Een van die eerste take wat die Driemanskap, Kruger, Joubert en Pretorius, aangepak het nadat die Republiek weer herstel was, was om 'n geskikte persoon te soek as superintendent van onderwys. Hulle oog het dan ook dadelik geval op ds. S.J. du Toit, wat deur sy koerant Die Patriot oral bekend was as die stryder vir die regte van sy eie taal. Kruger het besef dat die onderwys en opvoeding van die kinders in die vorige jare veel te wense oorgelaat het, en hy het hom geroepe gevoel om alles in sy vermoë te doen om die onderwys te verbeter en uit te brei. Sy leuse was „Vooruitgang' vooruit in elke opsig; maar vooruit in die regte rigting“.

2). Rede van President Kruger by die vierde inswering as president van die Suid-Afrikaanse-Republiek op 12 Mei 1898.

3). Onderwysblad, 1 Januarie 1953.

In Augustus 1882 het 'n klomp burgers van die Zuid-Afrikaansche Republiek versoekskrifte aan vise-president S.J.P. Kruger gerig, waarin hulle hom vra om hom in die verkiesing wat in 1883 gehou sou word, vir die presidentskap verkiesbaar te stel. In sy antwoord aan die burgers stel Kruger sy standpunt ten opsigte van die onderwys duidelik. Hy sê: „En veral die onderwys van die jeug sal ek na die beste van my vermoë bevorder, gedagtig aan die Woord: „My volk is uitgeroei omdat dit sonder kennis is' ten einde ons kinders die vereiste Christelike opvoeding te laat geniet. Let op, my landgenote, ons toekoms hang van ons kinders af; as hulle in die waarheid onkundig en ongeleerd bly, is die toekoms vir ons gevaarlik; maar as hulle volgens God se bevel in die waarheid opgevoed word, In die Here volgens Sy belofte, in ons midde, en as God vir ons is, wie sal dan teen ons wees?”.

In sy intreerede op 8 Mei 1888, toe hy vir die tweede keer ingesweer is as Staatspresident, het hy 'n spesiale woord aan die kinders gerig, waarin hy verklaar dat hy in hulle die toekoms vir kerk en staat sien, want hulle is die mense wat die staat en kerk sal uitmaak as die oues van dae nie meer daar sal wees nie⁴⁾.

In sy toespraak by geleentheid van sy derde inswering as President in 1893 sê hy: „Dit is vir my 'n innige begeerte van die hart om al my kragte in te span om u op te lei tot nuttige lede van die maatskappy. U het 'n groot voorreg van die onderwys van die land, en dit is nie alleen enkeles wat daardeur bevoorreg moet word nie, maar dit is ons doel om die onderwys tot almal te bring om almal daarin te laat deel”⁵⁾. Ons sien hier dat dit die

4). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 48.

5). Ibid., 53.

president se innige wens was om die onderwys nog uit te brei na die persone wat nog nie geleentheid gehad het om onderwys te ontvang nie.

Ook in sy rede by geleentheid van sy vierde inswering as President op 12 Mei 1898 herhaal hy die gedagte: „Ek sal met al my kragte probeer om die kerk en die skool te ondersteun om u in die Christelike onderwys te laat opvoed, sodat u sowel kerklik as maatskaplik nuttige lede van kerk en staat sal word, en ek vertrou dat die leraars en onderwysers ook hulle bes daartoe sal doen. Nie vir u alleen nie, maar ons doel is om dit so uit te brei dat elkeen in die geleentheid gestel word om daaraan deel te neem en voordeel daaruit te trek⁶⁾.

Die bewyse is dan ook daar dat president Kruger nie maar net mooi beloftes gemaak het nie maar sy idees werklik uitgevoer het. Die vooruitgang op onderwysgebied was wonderbaarlik! Van 9 skole met 206 leerlinge in 1881 styg die getalle in een jaar tot 43 skole met 872 leerlinge, en net agt jaar later (1890) het dit gegroei tot omtrent 300 skole met 7000 kinders⁷⁾.

Wat spesiaal die aandag trek, is die feit dat soveel buiteskole in daardie tyd ontstaan het, want van genoemde 300 was slegs 34 dorpskole. So het president Kruger dan woord gehou, want „dit is ons doel om die onderwys tot almal te bring om almal daarin te laat deel⁸⁾.

Daar is in die tagtiger jare die grondslag gelê vir 'n onderwysstelsel wat by die ouers die verantwoordelikeheidsbesef vir die opvoeding van hul kinders baie versterk het, wat aansluiting gevind het by godsdiens, taal en tradisies van die Boerevolk en wat die kieme gedra het van

6). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 72.

7). Bot: Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936, 29.

8). Du Plessis: a.w., 53.

'n gesonde, nasionale volksontwikkeling⁹⁾.

b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.

Vanaf die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859 het die Gereformeerde manne altyd die saak van die onderwys baie ernstig opgeneem en altyd alle pogings aangewend om die onderwys en opvoeding van die kinders en die jeug van die kerk so goed moontlik na Gereformeerde oortuiging te verwerklik. Al vind ons min gegewens in verband met die onderwys gedurende die eerste tien jaar na 1859 kan ons tog aanneem dat almal gedurig begaan was oor die opvoeding van hulle kinders.

Dat die onderwys in die aanvangsjare nie soveel aandag ontvang het nie, moet toegeskryf word aan die feit dat die aantal lidmate nog klein was, dat die Gereformeerde gemeentes sonder 'n vaste predikant was en dat daar eers ander voorbereidende werk in die gemeentes gedoen moes word.

Die onrustige landsomstandighede van daardie tyd het waarskynlik ook heelwat daarmee te doen gehad¹⁰⁾.

In die notule van verskillende kerkrade vind ons egter allerlei klein gegewens wat tog aandui dat die manne van die begin af reeds daarop gesteld was dat die Gereformeerde kinders goeie Gereformeerde onderwys sou ontvang. In die notule van byvoorbeeld die Kerkraad van die Gereformeerde Gemeente van Potchefstroom vind ons dat ouderling P.J.W. Schutte, een van die stigters van die Kerk, verlof vra van sy Kerkraad om vir 'n tydperk gedurende 1864 na Rustenburg te gaan om sy kinders daar te laat skoolgaan, aangesien ds. D. Postma daar 'n skool vir Gereformeerdes gehad het en daar geen voorsiening vir Gereformeerde onderwys op Potchefstroom was nie. Ook vind ons dat die Kerkraad van

9). Bot: Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936, 31.

10). Coetzee en Coetzee: Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863-1938, 39.

Potchefstroom op sy vergadering van 18 November 1863 besluit om by die Owerheid aansoek te doen om 'n stuk grond om daarop 'n kerk, 'n skool, pastorie en 'n kosterswoning te bou. Hieruit lei ons af dat die Potchefstroomse Gereformeerde Kerk van die begin af 'n eie Gereformeerde skool wou gehad het¹¹⁾.

Ons vind ook dat die Gereformeerde Kerk dieselfde standpunt as president Kruger voorgehou het ten opsigte van die uitbreiding van skole na die platteland. Die Sinode van 1873 het besluit om 'n „Hoofkommissie van Onderwys” te benoem, wat bestaan het uit die twee dosente aan die Teologiese Skool, di. D. Postma en J.L. Cachet, en ds. P.J.J. Viljoen. Hulle het belangrike aanbevelings gedoen in verband met die bevordering van die onderwys. In die eerste plek beveel hulle aan dat die oprigting van skole op die dorpe weens die toestand van die gemeentes onmoontlik is en dat daar gevolglik „Buurt-skole”, d.i. skole in die buitedistrikte, opgerig word. Elke kerkraad moet uit sy midde 'n kommissie benoem waaraan die sake van die onderwys in die gemeentes toevertrou word.

Op dieselfde Sinode (1873) is 'n ander belangrike besluit oor die onderwys geneem: Die Sinode het naamlik 'n lys vrae opgestel wat deur elke gemeente beantwoord moet word. Vraag 9 in die lys lui: „Hoe gaat het met het onderwijs en de opvoeding van de jeugd?” Die eerste deel vra na die skoolopvoeding en die tweede na die huislike opvoeding. Hierdie besluit het dus elke gemeente jaarliks gedwing om rekenskap te gee van wat daar gedoen is in verband met die opvoeding en onderwys van die jeug¹²⁾.

11). Coetzee: Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal 1859-1937, 16.

12). Coetzee: Die Gereformeerde beginsel en die onderwys in Transvaal 1859-1837, 18.

Daar was egter baie moeilikhede, waarvan die tekort aan onderwysers en die voortdurende finansiële moeilikhede van die vernaamstes was, en dit het ouderling S.G. Yssel in 1876 aanleiding gegee om te vra „of het veilig is voor onze gemeenten om gebruik te maken van de Goeverments-scholen" In 1876 het die nuwe onderwyswet van president Burgers van krag geword, en die Gereformeerde manne was nie te goed gesind teenoor die liberale rigting van die nuwe regering nie en het gevolglik maar nog voortgegaan met die idee van gemeenteskole.

In 1881 is daar 'n „skema van onderwys" deur ds. J. de Ridder van Rustenburg uitgewerk. Een van die artikels lui dat dit die doel van die vereniging is om in elke wyk van die respektiewe gemeentes twee of drie goeie skole te kry. Hulle veg dus nog vir die uitbreiding van die skole en die onderwys.

Intussen het Transvaal egter weer sy onafhanklikheid teruggekry en is 'n nuwe Superintendent van Onderwys, ds. S. J. du Toit, benoem. Sy koms het 'n belangrike invloed gehad op die Gereformeerde onderwysstrewes: die Gereformeerde Kerk het dadelik gevoel dat hulle hier te doen het met iemand wat net soos hulle insake die onderwys dink. Hy was egter ook hoof van die openbare onderwys, en daarmee moes rekening gehou word.

Die simpatieke verhouding tussen die onderwysowerheid en die Gereformeerde Kerk insake steun vir die vrye skool sowel as die feit dat die goewermentskole nou self die wense van die Gereformeerde ouers beter bevredig het, het die vrye ontwikkeling van die Gereformeerde onderwys gestrem. Hier begin dan ook die tydperk van tussenkerklike samewerking op die terrein van die skoolonderwys: die Gereformeerdes het hulle begin versoen met die Christelike karakter van die goewermentskole. Hulle het hulle in die

volgende paar jaar egter nog beywer (a) vir die opleiding van Christelike, in besonder Gereformeerde onderwysers en (b) vir die invoering en samestelling van Christelike leerboeke op die goewermentskole.

Deurdadig die Staatspresident, S.J.P. Kruger, lid van die Kerk was, het die Gereformeerde Kerk oor die algemeen heelwat agting ontvang. Omdat die belange en gedagtes van die Gereformeerde Kerk ook op die gebied van die onderwys dieselfde was as die van president Kruger en sy regering, het die Gereformeerde manne dus besluit om ook van die goewermentskole gebruik te maak.

c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Gereformeerde Kerk.

Soos die Gereformeerde kerk die Woord van God as fondamentbeginsel het waarop opvoeding en onderwys moet geskied, so gaan president Kruger van die standpunt uit in sy eerste manifes, die van Augustus 1882, dat hy, gedagtig aan die Bybelse waarheid dat 'n volk sonder kennis uitgeroei sal word, veral die onderwys van die jeug na die beste van sy vermoë sal bevorder; dat hy sal sorg dat die kinders die vereiste Christelike opvoeding sal geniet, en dat na sy oortuiging die toekoms van die volk van die opvoeding van die kinders afhang.

Volgens die Gereformeerde Kerk en president Kruger is opvoeding en onderwys gebiedend noodsaaklik. As President beywer hy hom om die onderwys op so 'n peil te kry dat dit vir die hele bevolking bereikbaar is. Hiervan getuig sy ondersteuning aan die Onderwyswet No. 1 van 1882 en die aanstelling van ds. S.J. du Toit as die man aan wie hy die jeug van sy volk kan toevertrou. Die Gereformeerde Kerk huldig dieselfde standpunt as president Kruger ten opsigte van die uitbreiding van die skole na die platteland. Die Sinode van 1873 benoem 'n „Hoofkommissie van Onderwys“, en hulle beveel aan „Buurtskole“ en kommissies uit kerkrade

aan wie die onderwys in die gemeentes toevertrou word.

Die kommer wat bestaan het oor die onderwys in goewermentskole, het verdwyn met die verkiesing van Kruger en die aanvaarding van Wet No. 1 van 1882.

2.

Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.

a. Kruger se standpunt.

Na die verkiesing van die Driemanskap het hulle so gou moontlik oorgegaan tot die benoeming van 'n nuwe superintendent van onderwys. Hulle oog het dadelik geval op ds. S.J. du Toit van die Paarl wat alreeds oral met sy geskifte en idees met betrekking tot die opvoeding bekendheid verwerf het. Die idees van ds. Du Toit was ook die gedagtes wat die Driemanskap gehad het in verband met die verbetering van die onderwys. Voordat hy die betrekking aanvaar het, het hy eers 'n reis gemaak na die Transvaal en met die Regering ooreengekom omtrent die grondslae van die onderwyswet wat hy sou opstel vir die Zuid-Afrikaanse Republiek. Die grondslae was dat die onderwys nie die saak van die staat moet wees nie, die skool nie staatseiendom nie en die onderwysers nie staatsamptenare nie maar dat die onderwys die saak van die ouers en die kerk sou wees en dat die oprigting en bestuur van die skole sou gelaat word aan partikuliere inisiatief¹³⁾.

Hier volg die eerste artikel van die Onderwyswet, wat in 1882 deur ds. Du Toit ingedien en deur die Regering in Rade aangeneem word: „De Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek uitgaande van het beginsel, dat het de taak is der ouders te sorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het Schoolwezen, a. Tot het

13). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika,

aanmoedigen van partikulier initiatief by de burgerij door geldelike bijdragen ter ondersteuning van Scholen; b. Tot het schoolopzicht, voor zoover sij zig geroepen acht toe te zien, dat hare toekomstige burgers de vereischte Christelike opvoeding ontvangen; en c. Tot het stichten van een inrichting voor hooger onderwijs voornamelijk ter opleiding van onderwijzers en andere ambtenaren, volgens een later afzonderlijk te maken Reglement¹⁴⁾.

Die grondbeginsel waarvan die Wet uitgaan, is dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hul kinders. Dit is die eerste maal dat hierdie beginsel as grondbeginsel in 'n onderwyswet in Suid-Afrika beliggaan is.

In die Burgerswet was die ouerregte nie prominent erken nie. Die Burgerswet bepaal „dat overal in het land en zooverre het mogenlijk is van Regeringswege voorziening worde gemaakt voor voldoende openbaar onderwijs en dat het onderwijs zooveel mogenlijk vrij zal zijn, behoudens onderzoek naar de bekwaamheid en zedelijkheid der onderwijzers en onderwijzeressen¹⁵⁾. Onder die regulasies van 1880 is „die ouers hier direk of indirek verantwoordelik vir die onderwys¹⁶⁾.

Die verskil in hierdie opsig tussen die Du Toitwet en die vorige onderwyswet is groot. Hier het ons absoluut iets nuuts daarin dat as grondbeginsel in 'n onderwyswet bepaal word dat die ouers moet sorg vir die onderwys van hulle kinders.

Om aan te toon dat Kruger dieselfde opvattinge as S.J. du Toit daarop nagehou het in verband met die beginsel dat die ouers en nie die staat nie verantwoordelik moet wees

14). Onderwyswet van 1882, art. 1.

15). V.V.O.O.Z.A. Gedenkboek, 54.

16). Lugtenburg: Geskiedenis van die onderwys in die S.A.R.

vir die onderwys van hulle kinders, kan ons net die volgende aanhaal wat hy op 'n vergadering in Pretoria gesê het. „Bleef die School in handen van den Staat, dan zouden wij een Rijk des Satans worden“¹⁷⁾.

Dr. Mansvelt, wat ds. S.J. du Toit opgevolg het as Superintendent, het die beginsel ongewysig oorgeneem in sy onderwyswet van 1892.

Artikel I van die Onderwyswet van 1892 lui soos volg: „De Regering der Z.A. Republiek uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor de opvoeding en het onderwijs der kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het schoolwesen:-

- (i) Tot het aanmoedigen en ondersteunen van particulier initiatief bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van scholen.
- (ii) Tot het schoolopzicht, voor soover zij zich geroepen acht er voor te waken, dat hare toekomstige burgers de vereischte Protestantsch-Christelijke opvoeding ontvangen; en
- (iii) Tot het stichten van eene inrichting voor Hoger Onderwijs, voornamelijk ter opleiding van ambtenaren en onderwijzers ...”.

So vind ons dan dat staatspresident Kruger en die twee superintendente van onderwys wat in sy tyd gedien het, nl. ds. S.J. du Toit en dr. Mansvelt, dieselfde idees toegedaan was met betrekking tot die grondbeginsel van die onderwyswet, nl. dat dit die taak van die ouers moet wees om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders.

b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.

Die Transvaalse Onderwyswet van 1882 van ds. S.J. du Toit het tot grondbeginsel dat die skool moes uitgaan van die ouers. In dieselfde jaar het die Sinode van die Gereformeerde Kerk ook die beginsel uitgespreek dat die skool moet uitgaan van die ouers.

¹⁷⁾. De Volkstem, 5 Okt. 1881.

Op die Sinode van Pretoria word na aanleiding van die beskrywingspunt: „De Synode geve haar gevoelens te kennen over het al of niet geoorloofde, om ondersteuning aan te nemen uit 's lands kas voor „Christelijke Scholen” besluit:

„De Synode is van oordeel, dat de ouders zelve het onderwijs voor hunne kinderen moeten bezorgen en bekostigen.

Kan een Kerkraad een Kerkschool oprichten, dan moet die dat namens de gemeente ter haren hulp en met hare kosten ondernemen. Besluit de Regering het onderwijs te helpen bevorderen en elke school waarin voldoende onderwijs in de nodige burgerlijke wetenschappen gegeven wordt, eene toelaag uit 's lands kas toe te kennen naar eenen redelijken maatstaf, dan mag eene christelijke school die toelaag met evenveel recht ontvangen als elk ander school behoudens onafhankelijke vrijheid in het godsdienstig onderwijs”¹⁸⁾.

In het Kerkblad van 1 Oktober 1894 lees ons in verband met die skool: „Zulk een Gereformeerde school hoort dus onafhankelijk van de Kerk te zijn, want op de Kerk rust niet de plicht om de kinderen op te voeden, maar op de ouders. In den eersten tijd zou het tog wel raadsaam zijn dat de Kerk dan ouders behulpzaam was in dit gewichtig werk”¹⁹⁾.

Dit was veral die Transvaalse onderwyssisteem onder Du Toit en Mansvelt van 1882-1900 wat die Gereformeerde Kerk beïnvloed het tot meer bewuste aanvaarding van die beginsel dat die skool moet uitgaan van die ouers en nie van die kerk nie. Maar in die tweede plek het ook die groot skoolstryd in Nederland, waar die leuse aangehef word dat die skool aan die ouers behoort, die Gereformeerde Kerk beïnvloed²⁰⁾. In Nederland het die Sinode van die Gereformeerde Kerk in 1893 besluit: De Synode spreek de wenschelijkheid uit, dat die scholen, als behoorende niet van de Kerken maar

18). Handelingen van de achtste Algemene Synodale Kerkvergadering te Pretoria, 1882, 57.

19). Het Kerkblad, 1 Okt. 1894.

20). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika

van de ouders uit te gaan, zich als Vereenigingen bij de Hooge Owerheid te laten erkennen"21).

In die volgende paar paragrawe sal ons nader ingaan op die idees wat die Gereformeerde Kerk ten opsigte van verskillende aspekte van die onderwys voorhou.

(i) Oprigting van skole.

Die roeping van die kerk is min of meer soos volg gestel: na die oortuiging van die Gereformeerde Kerk moet die skole van die ouers uitgaan en nie van die kerk nie, maar die kerke moet die ouers aanspoor tot die stigting van Christelike skole of tot die hervorming van die bestaande skole.

Hierdie beginsel dat die skole moet uitgaan van die ouers is suiwer en juis gesien. Die kind is deur God aan die ouers gegee, en dit is hulle verpligting om hom te versorg en op te voed. As die kinders egter groter word, is dit vir die ouers onmoontlik om aan hom die nodige aandag te gee, en gevolglik roep hulle dan die hulp van die skool in. Daarom moet verskillende ouers wat dieselfde behoefte het, die oprigting van 'n skool vir daardie bepaalde gemeenskap onderneem. As die ouers in 'n bepaalde omgewing egter nie aansoek doen om die oprigting van die skole daar nie, is dit die plig van die staat om self die nodige skole daar op te rig.

(ii) Instandhouding en onderhoud van skole.

Omdat ouers en staat skole oprig, moet ouers sowel as staat vir die onderhoud van die skole instaan.

Die owerheid moet natuurlik die grootste aandeel in die onderhoud van die skole hê, maar die ouers moet egter ook 'n aandeel behou in die onderhoud van die skool.

(iii) Beheer van die skool.

Volgens die Gereformeerde kerkvaders moet die kerk hier nie 'n direkte seggenskap hê nie. Die beheer van die skool moet berus by die oorspronklike oprigters en onderhouers,

21). Acta der Generale Synode, 1893, art. 235.

d.w.s. in die eerste plek by die ouers en in die tweede plek by die staat. Die ouers oefen beheer uit deur middel van skoolkommissies, terwyl die staat beheer uitoefen deur middel van 'n direkteur van onderwys en inspekteurs van skole.

(iv) Toesig oor skole.

Wat die toesig oor die skole betref, het die Gereformeerde Kerk 'n duidelike insig gehad: dit bly altyd deur die roeping van die kerk om toe te sien dat daar op die Christelike skole inderdaad ook Christelike onderwys gegee word. Die toesig van die kerk oor die skole gaan nie oor die onderwys as sodanig, nl. oor die leerplan, rooster ens., nie maar oor die konfessionele karakter van die onderwys, nie alleen in die Bybelse Geskiedenis nie maar ook in al die skoolvakke.

Ook die ouers en die staat egter het reg van toesig oor die skoolonderwys, die ouers veral wat betref die gees en rigting daarvan, die gehalte en die gepastheid daarvan, en die owerheid veral wat betref die peil van die onderwys en die regsverhouding op skool.

(v) Gees en rigting van die skool.

Oor die gees en rigting van die skool mag alleen die ouergemeenskap deur middel van sy gekose bestuur beslis. Die skool is opgerig juis om aan die wense en eise van die gemeenskap van ouers te voldoen. Die kerk moet egter toesien dat daar skole is met 'n beslis Christelike gees en rigting en aan sy lidmate die nodige voorligting gee oor die gees en rigting van 'n Christelike skool²²⁾.

Ons sien dus dat ook op hierdie punt die gedagtes van die Gereformeerde Kerk ooreengestem het met die idees van president Kruger en sy Regering. Albei kante het die beginsel ondersteun dat die opvoeding en onderwys van die

22). Coetzee: Die Geref. beginsel in die onderwys in Transvaal 1859-1937, 8-12.

kind eerstens die taak van die ouers is.

c. Vergelyking van die standpunt van Kruger en die Gereformeerde Kerk.

Volgens die Christelike doopbelofte is die ouers verantwoordelik om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders.

Voordat ds. S.J. du Toit sy amp aanvaar het, het hy eers met die Regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek ooreengekom omtrent die grondslae van die onderwyswet wat hy vir die Republiek sou opstel. Die onderwys moet nie die saak van die staat wees nie, die skool nie staatsciendom nie en die onderwysers nie staatsamptenare nie maar die onderwys sou die saak van die ouers en die kerk wees en die oprigting en bestuur van die skole sou gelaat word aan „particulier initiatief”. Omdat president Kruger lid was van die Gereformeerde Kerk en glo aan die doopbelydenis, sien ons sy strewe in die onderwyswet waarmee die Gereformeerde Kerk hom verenig. President Kruger getuig: „Bleef de school in handen van den staat, dan zouden wij een Rijk des Satans worden”.

Reeds voor hierdie Wet het die gemeenteskole bestaan waarvoor die ouers (lidmate) van die kerk verantwoordelik was. In het Kerkblad van 1 Oktober 1894 lees ons: „Zulk een Gereformeerde school hoort dus onafhankelijk van de Kerk te zijn, want op de Kerk rust niet de plicht om de kinderen op te voeden, maar op de ouders. In den eersten tijd zou het tog wel raadzaam zijn dat de Kerk den ouders behulpzaam was in dit gewichtig werk”.

3.

Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

a. Kruger se standpunt.

Paul Kruger word tereg beskou as die gelowige staatsman en die draer van definitiewe, fundamenteel Calvinistiese

staatsopvattinge wat deur geslagte aan die Boerevolk oorhandig is, nie soseer by wyse van die geskrewe woord nie as deur mondelinge tradisie en huislike opvoeding. By hom is dit werklikhede van die lewe wat hy sonder meer instinktief aanvaar, en nie die resultaat van spekulatiewe denke en emosionele opwelling nie. Sy geloofsvertroue was die krag wat hom dwarsdeur sy lewe gedra het in die stryd teen die magte wat die bestaan van sy volk bedreig het²³⁾.

Nathan sê ook van hom:- „The Bible, as we have seen was his book, from the beginning to the end; but it was more than a book - it was his guide and companion, ever influencing and directing him²⁴⁾.

President Kruger het aan die Gereformeerde Kerk behoort en was een van die herstigters van die Kerk in 1859 op Rustenburg. Nogtans vind ons dat hy nooit gedurende sy presidentskap sy Kerk voor die ander gestel het nie. Hy het egter baie strengte godsdienstige oortuigings gehad en het probeer om dit uit te leef in alles wat hy gedoen het.

In sy antwoord op versoekskrifte wat in Augustus 1882 deur burgers van die Zuid-Afrikaanse Republiek aan hom gerig is om hom in die verkiesing wat in 1883 gehou sou word, vir die presidentskap verkiesbaar te stel, skryf hy onder andere soos volg. „Ek sal dit dus as my plig ag om in die politiek alle kerkgenootskappe of godsdienstige verenigings en voorts alle burgers, afgesien van hulle denkbeelde aangaande die ewige dinge, op gelyke voet te behandel, en slegs die wat die vrye invloed van die Evangelie op ons volkslewe kan belemmer, uit die bestuur en die wetgewing te verwyder²⁵⁾.

Reeds in sy verkiesingsmanifes van 1882 stel hy sy idees met betrekking tot die onderwys duidelik. Hierdie onderwys

23). Kruger in voorwoord tot Du Plessis President Kruger aan die Woord, 14.

24). Nathan: Paul Kruger his life and times, 36.

25). Du Plessis: President Kruger aan die Woord, 25.

moet 'n besondere onderwys wees, 'n Christelike onderwys, want die toekoms van beide kerk en staat hang van die jeug af. God beveel dat hulle in die waarheid opgevoed moet word, en as dit gebeur, sal God in die midde van die volk wees.

In sy rede by geleentheid van sy derde inswering as President op 12 Mei 1893 sê hy aan die kinders: „Dit is 'n groot voorreg dat die staat Christelike onderwys begeer. U regering het reeds al die beginsel van Christelike onderwys in die wet neergelê, en mag dit bewaar word vir die nageslag. As u afwyk en onverskillig word jeens u Bybel, jeens u godsdiens, jeens u voorouers, dan kan dit maklik gebeur dat u u nageslag ontroof van die Bybel wat in die taal van u voorouers geskryf is”²⁶⁾.

Met sy vierde Presidentsrede op 12 Mei 1898 spreek hy soos volg tot die kinders: „Staan vas op Gods Woord waarvolgens u ouers u opgevoed het. Laat die Woord vir u dierbaar wees. Ek sal met al my kragte probeer om die kerk en skole te ondersteun om u in die Christelike onderwys te laat opvoed sodat u, sowel kerklik as maatskaplik nuttige lede van kerk en staat sal word, en ek vertrou dat die leraars en onderwysers ook hulle bes daartoe sal doen. Dit is 'n groot voorreg dat u regering Christelike onderwys neergelê het en u is grootliks bevoorreg daar u van Christelike onderwys gebruik kan maak”²⁷⁾.

In hierdie verband moet ook gewys word wat pres. Kruger van die leerkragte van die Zuid-Afrikaanse Republiek verwag het. Die onderwysers is voogde oor die kinders, en hulle neem die plek in van die ouers, „wat hulle kinders voor die preekstoel aan God gegee het om hulle vir die Here, in sy diens tot sy eer op te voed”²⁸⁾.

26). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 53.

27). Ibid., 72.

28). Ibid., 73.

Met hierdie woorde is die hele inhoud van die onderwys saamgevat. Om dit te kan doen is dit dan ook nodig dat die onderwysers gelowiges sal wees, want as hulle nie die geloof het nie, is dit vir hulle onmoontlik om die kinders deur die geloof tot Christus te bring. Hy dra dit as 'n besondere taak aan die onderwysers op om te waak dat die godsdiens nie op die agtergrond raak en die wetenskappe op die voorgrond gestel word nie.

By geleentheid van sy tweede inswering as Staatspresident op 8 Mei 1888 rig hy die volgende woorde tot die onderwysers. „U onderwysers is as voogde oor die kinders gestel; lei hulle, en laat die Superintendent veral 'n wakende oog hierop hou, lei hulle in die weë van God. Dink aan die woorde: „Ek sal hulle bewaar, maar as hulle my weë verlaat, kan hulle bewe voor my strawwe'. Lei hulle tot die Here“²⁹⁾.

By geleentheid van sy vierdie inswering as President spreek hy soos volg tot die onderwysers: „Meesters en Meesteresse. Ook 'n kort woord tot u. U het as het ware as voog oor die kinders in die plek getree van hulle ouers wat hulle kinders voor die preekstoel aan God gegee het om hulle vir die Here, in Sy diens en tot Sy eer op te voed. U het oorgeneem om hulle also, en dus soos Christus gesê het, as lammers ter ere van God te laat wei. U weet dat in die Nuwe Testament staan dat vroue hulle kinders tot Jesus gebring het, om die Hemelse seën in die inwendige roeping te ontvang en om inwendig genees te word. Maar as u, Meesters en Meesteresse, die geloof nie ken nie, hoe sal u aan die kinders deur die geloof tot Christus bring? Ek vertrou egter dat u dit ken, en vergeet dus nooit om die kinders deur die geloof tot die Here te bring nie, en waak daarvoor dat die godsdiens nie op die agtergrond kom en

29). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 48.

alleen wetenskappe geleer word nie, want dan tas u die godsdiens aan en word dit vergeet. Laat die godsdiens dan nie verwaarloos word nie want dit is die grondslag van kerk en staat. Bly vasstaan by die Bybel en onderwys die kinders wat daarvoor aan u toevertrou is, en dan sal u ook hiernamaals hoor: „Getroue dienskneg, oor weinig was u getrou, oor veel sal Ek jou aanstel. Gaan in, jou geseënde van die Here, en sit aan My regterhand,³⁰⁾.

So sien ons dat president Kruger, wat so gekant was teen president Burgers hoofsaaklik as gevolg van sy liberale opvattinge in verband met godsdiens, sy eie idees en beginsels insake die godsdiens op skool en elders getrou uitgeleef het tot op die end.

b. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.

As 'n mens die geskiedenis van die ~~Gereformeerde~~ Kerk in Suid-Afrika nagaan, dan kom jy onwillekeurig onder die indruk dat die Kerk altyd die saak van die onderwys baie ernstig opgeneem het en altyd alle pogings aangewend het om die onderwys en opvoeding van die kinders van die kerk so goed moontlik na Gereformeerde oortuiging te verwerklik. Dit was en is nog altyd steeds 'n diep ernstige taak van die kerk om hom te bemoei met die aard en die stand van die onderwys en opvoeding van die jeug, in die besonder van die dooplidmate van die kerk³¹⁾.

Die Dordtse Kerkorde, wat sedert 1618 die grondslag van die Gereformeerde Kerke vorm, bepaal in art. 21 wat die onderwys betref. „Die kerkrade moet orals toesien dat daar goeie onderwysers is wat die kinders nie alleen leer lees en skryf en hulle in die spraakkuns onderrig nie, maar ook in die Godsaligheid en in die kategismus“. As ons nou artikel 21 ontleed, dan vind ons daar die volgende punte:

30). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 74.

31). Coetzee en Coetzee: Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863-1938, 38.

(i) Die kerkrade van die Gereformeerde gemeentes moet toesien dat daar goeie onderwysers is vir die skole. Dit is 'n uiters belangrike stelling, want ons kan geen goeie, d.i. Christelike onderwys vir ons kinders kry as ons nie Christelike onderwysers het nie.

Vir die kerk is 'n goeie onderwyser in die eerste plek 'n gelowige Christen. Die kerk het dus groot belang en reg by die keuse en opleiding van onderwysers asook by die aanstelling van onderwysers.

(ii) Die goeie onderwyser is in die eerste plek verantwoordelik vir die maatskaplike, wêreldlike onderwys van die kinders. Die eintlike sorg van die kerk gaan egter veral oor die gees en rigting van die onderwys, dus nie alleen oor die Bybelse Geskiedenis op die skool nie maar ook oor die Christelike karakter van alle onderwys.

(iii) Die goeie onderwyser is in die tweede plek verantwoordelik vir die godsdienstige onderwys van die kinders. Die vraag is egter waar die godsdienstige onderwys moet gesied, want op die neutrale staatskool is dit natuurlik onmoontlik. Dit kan alleen geskied as daar Christelike skole is, waar Christelike onderwysers die goeie onderrig ook in die godsaligheid en in die kategismus kan gee. Daarom moet die kerk nogtans toesien dat daar Christelike skole is³²⁾.

Wat die toesig oor die skole betref, het die Gereformeerde Kerk 'n duidelike standpunt gehad: dit bly al deur die roeping van die kerk om toe te sien dat daar op die Christelike skole ook Christelike onderwys gegee word. Die toesig van die kerk gaan nie oor die onderwys as sodanig, nl. oor die rooster en leerplan, nie maar wel oor die Skriftuurlike karakter van die onderwys.

32). Coetzee: Die Geref. beginsel in die onderwys in Transvaal, 6.

In Mei 1869 al vind ons dat die Sinode van die Gereformeerde Kerk, gehou te Potchefstroom, aan die Kuratore van die Teologiese Skool te Burgersdorp advies gevra het „om die zaak van het onderwijs meer onder het opzicht der kerk te brengen³³⁾.

In Julie 1870 het die „College der Curatoren“ die volgende aanbeveel:

„De Synode moedige den Kerkraden aan zooveel mogelijk Gemeentescholen op te richten.

De Gemeenten worden vermaand geene onderwijzers te nemen, dan die ter goeder naam bij den Kerkraad bekend staan.

Elk ouderling in zijn wijk doe bij gelegenheid van elke Nachtmaal verslag van den toestand der scholen in zijn wijk.

Als het eenigzins mogelijk is, worde er eene vrijwillige kas opgericht, waaruit naar bevinding des Kerkraads aan onderwijzers in het district eene belooning worde gegeven en waaruit eenige kleine prijzen voor beste leerlingen bekostigd³⁴⁾.

In 1880 het ds. J. de Ridder van Rustenburg 'n „skema van onderwys“ uitgewerk wat baie waardevolle wenke aan die hand gedoen het en waarvan die volgende van belang is:

a. Die doel van die vereniging is om in elke wyk van die respektiewe gemeentes twee of drie skole te kry. b. Elke Kerkraad sal in die wyke van sy gemeente hulpbesture stig wat sal sorg vir die intekening van lede. c. Daar sal alle pogings aangewend word om jongelinge te bekwaam vir onderwysers³⁵⁾.

Die Gereformeerde Kerk het nog nooit afgewyk van die

33). Handelingen van de vierde Algemene Synode, 1869,
art. 116.

34). De Maanbode, 1 Apr. 1873.

35). Coetzee en Coetzee: Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom 1863-1838, 40.

die beginsel, nl. dat die kerkrade moet toesien dat daar Christelike skole is en dat die Christelike skole inderdaad ook 'n Christelike karakter dra nie. Daarom heg hulle ook soveel waarde aan die feit dat die onderwyser ook Christelik moet wees, want, soos Paul Kruger, een van die stigters van die Gereformeerde Kerk, in 1895 dit uitdruk, as u meesters en meesteresse die geloof nie ken nie, hoe sal u dan die kinders deur die geloof tot Christus bring?"³⁶

Sedert die herstigting van die Gereformeerde Kerk dan tot vandag was dit nog altyd die standpunt van die Kerk dat die onderwys op skool Christelik moet wees en dat dit die taak van die kerk is om hom te bemoei met die aard en die stand van die onderwys en opvoeding van die jeug.

c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Gereformeerde Kerk.

As gelowige staatsman en draer van 'n definitiewe, fundamentele Calvinistiese staatsopvatting maak president Kruger vir Christelike opvoeding en onderwys voorsiening. In sy vierde Presidentsrede, op 12 Mei 1898, spreek hy tot die kinders soos volg: „Staan vas op Gods Woord waarvolgens u ouers u opgevoed het. Laat die Woord vir u dierbaar wees. Ek sal met al my kragte probeer, om die kerk en skole te ondersteun om u in die Christelike onderwys te laat opvoed sodat u, sowel kerklik as maatskaplik, nuttige lede van kerk en staat sal word, en ek vertrou dat die leraars en onderwysers ook hulle bes daartoe sal doen. Dit is 'n groot voorreg dat u Regering Christelike onderwys neergelê het en u is grootlike bevoorreg daar u van Christelike onderwys gebruik kan maak”.

Volgens die Dordtse Kerkorde van 1618, wat die grondslag van die Gereformeerde Kerkbestuur vorm, stel art. 21 die volgende: Die kerk moet toesien dat daar

Christelike onderwysers is vir die Christelike onderwys van ons kinders. Die sorg van die kerk gaan oor die gees van die onderwys, nl. 'n Christelike karakter. Die kerk moet toesien dat daar Christelike skole is waarin die goeie onder- rig in die godsaligheid en in die kategismus kan wees.

Geen ander staatshoof kan artikel 21 van die Dordtse Kerkorde so uitleef in sy regering en wetgewings as wat president Kruger dit gedoen het nie. As die kinders volgens God se bevel in die waarheid opgevoed word, is die Here volgens sy belofte in ons midde; en as God vir ons is, wie sal teen ons wees?

4.

Die Skoolopvoeding moet nasionaal wees.

a. Kruger se standpunt.

Kruger waak in besonder vir die belange van die Hollandse taal, wat die voorouers deur stryd en worsteling liefgekry het, die taal waarin die Bybel tot hulle kom. Hy besef dat sodra die volk onverskillig word teenoor die taal, hulle ook onverskillig word teenoor hulle voorouers, hulle Bybel, hulle godsdiens en nasionaliteit.

Ons vind dat hy gedurig in sy toesprake die jeug vermaan teen verontagsaming van hulle moedertaal. Op 12 Mei 1893, toe hy vir die derde keer as President van die Zuid-Afrikaanse Republiek ingesweer is, spreek hy soos volg tot die kinders i.v.m. die moedertaal:

„Dit is ook 'n groot voorreg dat u wetgewende mag en regering vir die taal van die land waak, die taal wat u voorouers deur stryd en worsteling liefgekry het, die taal waarin die Bybel tot u kom, waarin u u Bybel lees. As u onverskillig word teenoor u taal, dan is u ook onverskillig teenoor u voorouers en eweeens teenoor u Bybel, en naderhand ook teenoor u godsdiens, ja selfs word u dan teenoor u nasionaliteit onverskillig. Staan tog vas by die taal.

Dit is wel noodsaaklik om vreemde tale te leer, veral die taal van hulle met wie u veel omgaan, maar laat dit altyd vir u 'n bytaal wees. As u afwyk en onverskillig word jeens u Bybel, jeens u godsdiens, jeens u voorouers, dan kan dit maklik gebeur dat u u nageslag ontroof van die Bybel wat in die taal van u voorouers geskryf is. Laat ons nie tevergeefs op u bou dat u u taal liefhet as 'n taal wat vir u dierbaar is nie. Neem dit ter harte wat ek aan u sê en oordink dit gedurig; bid tot die Here dat u daarin getrou mag bly, en die nageslag sal u daarvoor dankbaar wees³⁷⁾.

In sy rede by geleentheid van sy vierde inswering as President, op 12 Mei 1898, herhaal hy sy vermanings aan die jeug:

Ook is dit vir u 'n groot voorreg dat die regering en die Volksraad u taal as taal van die Staat aangeneem het. Hou daaraan vas, aan die taal waarin u voorouers, wat God uitgelei het, geworstel en God aanbid en dit hoe langer hoe liewer gekry het. Die taal waarin u Bybel tot u spreek en waarin u voorouers die Bybel gelees het, en wat die godsdiens van ons voorouers inhou.

Indien u dus teenoor u taal onverskillig word, word u dit ook teenoor u voorouers, en word u onverskillig teenoor die Bybel, dan ook teenoor die godsdiens; dan dwaal u spoedig heeltemal weg en u ontroof die nageslag van u Hollandse Bybel en u geloof wat God deur mirakels en wonders aan ons voorouers bevestig het. Staan dan vas sodat nie tevergeefs op u vertrou word nie en hou u vas aan u taal, Bybel en godsdiens.

Dit is wel goed om vreemde tale te leer, veral die tale van u buurman, met wie u die meeste omgaan maar laat 'n vreemde taal vir u 'n bytaal wees. Bid tot die Here dat u daarop moet vasstaan en nie afdwaal nie, sodat die Here in

37). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 53.

u midde bly en dan sal die nageslag u vir u getrouheid dank"(38).

Ds. S.J. du Toit en dr. Mansvelt, wat altwee as superintendente van onderwys onder president Kruger gedien het, was albei sterk voorstanders van Christelik-nasionale onderwys. Die taalklousules is egter in die tyd van S.J. du Toit dikwels ontduik, en Mansvelt het gevind dat die onderwys op skool deur en deur verengels word ³⁹⁾. Die gevolg was dat hy in sy Onderwyswet No. 8 van 1892 die nodige aandag aan die saak gee⁴⁰⁾. Die Wet bepaal in artikel 24 soos volg: „Alle onderwys moet gegee word in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreemde talen is het den onderwijzer geoorloofd, zich van de taal te bedienen, welke hij onderwijst".

Na die ontdekking van goud aan die Rand in 1886 het 'n geweldige toestroming van vreemde fortuinsoekers plaasgevind. Aanpassing by hierdie snelle ontwikkeling was vir die ou Boerevolk maar moeilik. Gelukkig het hulle in Paul Kruger 'n president gehad wat een van hulle was in eenvoud, geloof en vryheidsliefde, geseën met 'n buitengewone intellek en 'n rotsvaste karakter, wat niks gevrees het as God alleen nie⁴¹⁾.

Die enigste amptelike taal van die land was Hollands, sodat die emigrante op 'n Engelse opvoeding vir hul kinders aangedring het. Die imperialiste was van mening dat Paul Kruger 'n plan gehad het „to establish a great Dutch-speaking Afrikaner power - the United States of Africa"⁴²⁾. Paul Kruger aan die ander kant het gesien hoe die Engelse invloed in sy land toeneem, nie net deur uitwendige dwang nie

38). Du Plessis: President Kruger aan die woord, 72-73.

39). Basson: Die vertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, 37.

40). Coster: De Locale Wetten der Z.A.R., 442-437.
Transvaalse Argief, E.V.R. 1/46 bls 10.

41). Bot: Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936 47.

42). Farrelly: The settlement after the War in South Africa, 64.

maar ook deur vrywillige aanvaarding deur sy eie mense.⁴³⁾
Statham skryf soos volg oor die deurwerking van Engelse invloed:

„No one can deny the fact that English is more and more creeping into use, especially among the rising generation, even children born of Dutch parents preferring, by habit to use English among themselves“⁴⁴⁾.

Daar was dus vir Paul Kruger geen ander uitweg nie as om hierdie invloed met hand en tand te beveg - vandaar sy herhaaldelike vermanings en waarskuwings aan die jeug in verband met vreemde tale. By Wet No. 10 van 1888 het hy die gebruik van Hollands verpligtend verklaar in die Republiek en Engels as 'n vreemde taal bestempel. In artikel 1 van hierdie Wet verorden hy: „De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen“⁴⁵⁾.

Die waarde van sy taal het hy terdeë besef, maar eng in sy taalopvatting is hy nie, want hy sê vir die kinders om ook vreemde tale te leer, „doch laat eene vreemde taal u eene bijtaal zijn“⁴⁶⁾. Hierdie waarskuwing bewys duidelik dat dit meer as 'n denkbeeldige gevaar was wat die Hollandse taal nie net van buite die staat nie maar ook van binne bedreig het.

Al het president Kruger altyd, onder alle omstandighede as kampvegter vir sy taal opgetree, het hy tog alle konsiderasie aan die Engelse taal gegee. Edmund Botes sê in sy boek Die taalmediumvraagstuk die volgende van president Kruger se regering: Geen ander Staat ter wêreld sou so-

43). Basson: Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, 38.

44). Statham: Paul Kruger and his times, 249-250.

45). Eybers: Select Constitutional Documents, 482.

46). Basson: a.w. 39.

veel konsiderasie vir die taal van vreemdes binne hulle eie grense gehad het as die Suid-Afrikaanse Republiek nie⁴⁷.

a. Die Gereformeerde Kerk se standpunt.

Dit is die beginsel van die Gereformeerde Kerk dat die skool moet uitgaan van die ouers. Reeds in 1882 toe die Transvaalse Onderwyswet van ds. S.J. du Toit die gedagte as grondbeingsel gehad het, het die Sinode van die Gereformeerde Kerk ook uitgespreek dat „de Synode is van oordeel, dat de ouders zelve het onderwijs voor hunne kinderen moeten bezorgen en bekostigen⁴⁸).

Wat volg nou uit die hoofbeginsel dat die skool moet uitgaan van die ouers? Eerstens volg „dat die uniforme volkskool, wat so dikwels voorgestaan word, dan vanself uiteenvul in verskillende skole, wat uitgaan van die verskillende groepe van gelykgesinde ouers in die maatskappy. Kristenouers soek dan by die stigting van hulle skole die samewerking nie van al die ouers nie maar alleen van die ouers, wat hulle deur die doopbelofte gebind voel⁴⁹).

Tweedens volg daar uit die hoofbeginsel dat daar eenheid van opvoeding en onderwys in huis en skool behoort te wees. Dr. Waterink sê in sy Inleiding tot de theoretische paedagogiek: „Indien.....door den drang van den nood in de natuurlijke verhouding (bv. gezin en omgeving) de totale opvoeding niet mogelijk is, dan moet de opvoeding tot een hulpmiddel (bv. de school) haar toevlucht nemen. Maar zij, die dit hulpmiddel vormen, de ouders, hebben te zorgen, dat behulpzel zoo getrouw mogelijk beeld geve van datgene, wat geweest zou zijn, indien die noodhulp niet ware noodig

47). Botes: Die taalmediumvraagstuk, 23.

48). Handelingen van de 8ste Algemene Synodale Kerkvergadering te Pretoria, 1882, 57.

49). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 106.

geweest"⁵⁰⁾.

Die opvoeding en onderwys in die Christelike skool moet dus so 'n getroue beeld as moontlik gee van die opvoeding en onderwys in die Christelike huisgesin. In die Christelike huisgesin word die kind 'n Christelike opvoeding gegee, en dit wel deur die moedertaal. Die ideaal waarna die Gereformeerde Kerk gevolglik strewe, is 'n voortsetting van hierdie Christelike opvoeding in die skool, en dit wel in die moedertaal. Hulle besef dat die instandhouding van die kerk en die instandhouding van die moedertaal nou saamgebind is. Daarom ook sê Paul Kruger, wat altyd die beginsel van die Gereformeerde Kerk streng nagekom het: „As u onverskillig word teenoor u taal, dan is u ook onverskillig teenoor u voorouers en ewe-eens teenoor u Bybel, en naderhand ook teenoor u godsdiens, ja selfs word u dan teenoor u nasionaliteit onverskillig"⁵¹⁾.

Dit dan is ook die opvatting van die Gereformeerdes: taal en godsdiens is nou saamgeveg. As ons onverskillig teenoor die een word, sal ons ook afvallig word ten opsigte van die ander.

Die Gereformeerde Kerk handhaaf die beginsel dat onderwys gegee moet word in die taal van die huisgesin waartoe die kind behoort. „Groot skade en onreg het die Hollandssprekende Afrikanerkind gely in die verlede omdat hy sy kennis moes verkry deur medium van 'n vreemde taal. Die onderwys in die skool moet ook aansluit by die ontwakende nasionale besef van die kind en hom deur onderwys in sy Vaderlandse Geskiedenis liefde inboesem vir sy land en volk"⁵²⁾.

50). Waterink: Inleiding tot de theoretische paedagogiek.
deel I, 397.

51). Toespraak by derde inswering as President, 12 Mei 1897.
Gesiteer uit: Du Plessis; President Kruger aan die
woord, 54.

52). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 131.

So vind ons dat sedert die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859 tot vandag die Gereformeerdes nog altyd geveg het vir nasionale onderwys. In die eerste verslae oor skoolsake vind ons dat Hollands die medium was en dat Engels somtyds heeltemal weggelaat was. In die stigting van die C.N.-skole, wat oor die Christelike en nasionale belange van die volk wou waak, het die Gereformeerdes 'n leidende aandeel gehad. Ook vandag met die inrigting vir hoër onderwys, nl. die P.U. vir C.H.O., word die onderwys op 'n Christelike en nasionale grondslag gebaseer.

Ons vind dus dat die idees van Paul Kruger met betrekking tot die onderwys ook die opvattinge van die Gereformeerde Kerk is. Dit is dan Paul Kruger die Gereformeerde wat in een van sy toesprake sê: „Kerk en Skool moet behoorlik beskerm word; die nasionale onderwys moet bevorder word; die nasionale wasdom moet aangewakker word”⁵³).

c. Vergelyking van die standpunte van Kruger en die Gereformeerde Kerk.

Die skoolopvoeding moet na die oortuiging van die President nasionaal wees. Die skool se taal moet wees om maatskaplik nuttige burgers vir die staat te vorm. Die onderwyswette van 1882 en 1892 maak dan ook voorsiening vir die onderwys in die taal en geskiedenis van ons land. In sy Presidentsrede van 1898 gee hy vir ons sy nasionale strewe nl.: Die nasionale onderwys moet bevorder word. Die kinders is die lamms van die kudde, hulle is die toekoms van die staat, hulle is verbondelinge, hulle moet vasstaan op die Woord van God waarin hulle ouers hulle opgevoed het. Die kinders moet vashou aan die geskiedenis van ons

volk, sy taal, godsdiens en Bybel. Dit is die vier fondamentstone vir 'n nasionalebewuste President waarmee hy sy geliefde staat en volk beskerm.

Net soos president Kruger uitgaan van die beginsel dat die ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hul kinders, so ook die Gereformeerde Kerk. As die onderwys gegee word in die taal van die huisgesin, dan dra dit 'n nasionale karakter. As die skoolopvoeding Christelik is, gee dit 'n getroue beeld van die opvoeding en onderwys in die Christelike huisgesin. Soos president Kruger glo: „As u onverskillig word teenoor u taal, dan is u ook onverskillig teenoor u voorouers en ewe eens teenoor u Bybel, en naderhand ook teenoor u godsdiens, ja selfs word u dan teenoor u nasionaliteit onverskillig“, so glo die Gereformeerdes dat taal en godsdiens nou saamgevleg is, en as ons onverskillig teenoor die een word, sal ons ook afvallig word ten opsigte van die ander.

HOOFSTUK IV.

DIE DEURWERKING VAN HIERDIE GRONDGEDAGTES IN DIE TYD VAN S.J. DU TOIT

Ds. S.J. du Toit was in sy hart en siel 'n opvoeder van sy volk. Sy hele lewe was gewy aan die opvoeding en onderwys van sy mede-Afrikaner. Nadat hy die aanbod van die Driemanskap, Kruger, Joubert en Pretorius, om as superintendent van onderwys van die Transvaal op te tree op sekere voorwaardes aanvaar het, het hy dadelik met die energie wat hom eie was, aan die werk gespring.

Sy beginsels wat beligsaam is in Wet No. 1 van 1882, is gepubliseer in die Staats-Courant van 18 Mei 1882. Hierdie Wet, wat elders bespreek word, het dadelik die belangstelling en steun van die Transvaalse Boerebevolking ontvang, omdat dit rekening gehou het met hul gees, rigting en behoeftes.

In hierdie hoofstuk wil ons egter net bespreek hoe die vier grondgedagtes van president Kruger in verband met die onderwys soos in die vorige hoofstuk bespreek, ten uitvoer gebring is in die tyd wat S.J. du Toit Superintendent van Onderwys was.

1.

Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.

a. Stigting van skole.

Die derde beginsel van die „Algemene Bepalingen” van die Onderwyswet van Du Toit bepaal dat die Regering wens om soveel moontlik deur sy ondersteuning die onderwys toeganklik te maak vir die burgers van die Zuid-Afrikaanse Republiek, veral vir die Boerebevolking wat ver uiteen woon, en voorsien gevolglik 'n jaarlikse toelae vir alle skole wat aan die eise van die Reglement voldoen, ooreenkomstig die aantal leerlinge en die standaard van onderwys.

Omdat daar nou onder die nuwe reëling die geleentheid

gebied is vir onderwys van die wyd verspreide bevolking, het daar nou oral op die platteland skole ontstaan. Die gesonde beginsel van die skool na die kind bring is hier toegepas. Die grondslag van staatsteun, naamlik die aantal kinders op skool, het gedien as 'n kragtige aanspooring vir sowel onderwysers as ouers en skoolkommissies: hoe meer kinders hoe groter toelaag¹⁾.

Die normale ontwikkeling van die onderwys onder die Wet het vinnig vooruitgegaan. Orals het skole ontstaan. In 1877 was daar offisieel in werking 9 dorpskole met 306 leerlinge; in 1882 was die aantal dorpskole 9 en wykskole 34 met 872 leerlinge. Die vordering het voortgeduur tydens die hele tydperk van sy aktiewe beheer: in 1885 was die aantal dorpskole 14 en wykskole 79 met 2111 leerlinge, en in 1887 was daar 16 dorpskole en 100 wykskole met 2795 leerlinge²⁾.

Wat spesiaal die aandag trek, is die feit dat soveel buiteskole in daardie tyd ontstaan het - 'n sekere bewys dat die doel wat Du Toit so duidelik voorgestaan het, die bereik van die kind in die distrikte, tog wel moontlik was. Die wysheid van die stap om geen minimum aantal kinders te stel nie, soos in die vorige wette wel gedoen is, kom hier ook aan die lig; maar dis seker dat 'n hele paar van die nuutgestigte wykskole onder die vorige wet nie vir steun in 'n aanmerking sou gekom het nie: die aantal kinders was te min³⁾.

In die Wet van 1882 is ook voorsiening gemaak vir 'n inrigting vir hoër onderwys. Die inrigting is in 1883 in Pretoria geopen as „De Opleidingsschool” onder H. Louis.

1). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 55.

2). Ibid., 51.

3). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R., 141.

In 1886 is besluit om voorbereidende klasse aan die Inrigting in te stel, en dit het onwikkel tot die „Voorbereidings-school“ onder J. Boekhorst. In 1884 is ook 'n „Damesschool“ onder mej. Van Pommeren begin⁴⁾.

Onder die simpatieke leiding van Du Toit het die aantal privaatskole, wat gedurende 1866-1881 sterk toegenem het onder die Boerevolk nou baie afgeneem. Ook die skole wat deur die Gereformeerde Kerk gestig is het begin kwyn, omdat hulle in ds. du Toit 'n man na hulle hart gehad het wat betref sy opvattinge met betrekking tot die opvoeding en onderwys.

Malherbe noem vyf voordele wat die onderwyswet van Du Toit gehad het:

i. Dit was meer ekonomies. Waar die uitgawe per leerling onder die Burgers-wet £11.8.9. was, het dit in 1883 onder Du Toit gedaal tot £3.2.4.

ii. Die geleentheid vir onderwys is in dorp en wyk gelyk gemaak.

iii. Dit het die plaaslike belangstelling in die onderwys gestimuleer.

iv. Die grondslag van staatsteun, naamlik die aantal leerlinge op skool, het gedien as 'n kragtige aansporing vir onderwysers om soveel kinders moontlik vir die skool te werf.

v. Die stelsel het die onderwys na wyd verspreide en verafgeleë plekke gebring⁵⁾.

Voeg hierby die simpatieke en energieke optrede van Du Toit en die feit dat sy wetgewing op Christelike-nasionale grondslag gebaseer is, dan het ons die redes vir die snelle vooruitgang van die onderwys in die tydperk.

b. Onderwysers.

Toe Du Toit sy amp aanvaar het, was daar voor-

4). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 54.

5). Malherbe: Education in S.A. (1652-1922), 262-263.

lopig geen skaarste aan onderwysers in die Republiek⁶⁾. Dr. Lugtenburg skryf dit toe aan die feit dat die hele wêreld na die vier snelopeenvolgende oorwinnings van die Boeremagte in die stryd teen Engeland met geesdrif vervul was teenoor die Transvaal⁶⁾. Briewe het uit Holland, Duitsland en die Kolonie gekom van onderwysers wat in die land wou kom skoolhou. In Holland is daar selfs ondervoorsitterskap van prof. Kuyper 'n vereniging gestig om onder andere die onderwys hier te bevorder.

Na die snelle uitbreiding van die skole het die toevoer van onderwysers egter heeltemal onvoldoende geword, en dit het daartoe aanleiding gegee dat daar dikwels onbekwame persone as onderwysers aangestel is. Die aanhou van hierdie onderwysers is egter sterk deur president Kruger verdedig, omdat die arm mense geen duurder onderwyser kon bekostig nie⁷⁾.

Die tekort aan onderwysers het daartoe aanleiding gegee dat daar 'n onderwysinrigting opgerig is vir die opleiding van onderwysers. Hierdie Opleidingskool is op 10 Januarie 1883 in gebruik geneem met die heer Louis as hoof. Van die ingebruikneming sê De Volkstem onder andere die volgende: „De Superintendent prees deze als een bekwame onderwijzer en wijst er op dat het volk getoont had een hart te hebben voor het onderwijs van de jeugd. Toen hij hier kwam bestonden er slechts 3 scholen in het land voor elementair onderwijs. Tans waren er reeds 70 tot stand gebracht en nog ruim zoveel in een staat van voorbereiding. Nu word er voorziening gemaakt in de dringendste behoefte aan onderwijzers. Voorheen moest er gezocht worden voor onderwijzers in de Vrijstaat, Kaap Kolonie en zelfs in Holland. Deze inrichting stelt zich ook ten doel opleiding van

6). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R. 132.

7). Notule Volksraad, 1885, art. 400.

ambtenaren. Wij moeten de vreemdelingen die ons tot nog toe geholpen hebben niet minachten maar als een volk selfstandig wil wezen moet het zichzelf helpen en dat ons volk dat wil heeft het getoont⁸⁾.

Gedurende sy verblyf in Nederland in 1883 en 1884 het die Boeredeputasie, bestaande uit president Kruger, superintendent S.J. du Toit en N.J. Smit, in verbinding getree met die besture van die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging en die Opleidingskole te Doetichem ten einde 'n weg te baan vir Transvaalse seuns om in Nederland voorstudie te kan maak aan die Nederlandse universiteite⁹⁾.

In 1886 is die voorbereidingskool geopen met J.K.M. te Boekhorst as hoof. Die doel van hierdie skool was om voorbereidende onderwys aan toekomstige beurshouers te gee, ten einde 'n aansluiting te verkry by die studie in Nederland.
c. Geskikte boeke.

Du Toit het veel aandag gegee aan die vraagstuk van „skoolboeke”. Nog voordat hy permanent aangestel was as Superintendent, het hy die komitee in Holland laat weet dat skoolboeke hier baie welkom sou wees. Na sy aanstelling is daar dan ook 'n groot hoeveelheid bestel, en die Nederlandse Vereniging het gratis boeke ter waarde van £100 oorgestuurd, wat dan weer gratis aan die bestaande skole uitgedeel is¹⁰⁾.

Omdat daar so 'n tekort aan boeke was, was daar geen eenvormigheid nie. Na sy eerste rondreis het Du Toit standerds in die onderwys opgestel teneinde min geoefende onderwysers 'n leidraad aan die hand te gee, eenvormigheid te bevorder en inspeksie te vergemaklik. Hierin was die

8). De Volkstem, 10 Jan. 1883.

9). V.V.O.O.Z.A. - Gedenkboek, 80.

10). Argief T. 2/2117.

werk van standerd 1 tot 6 in breë trekke aangegee en ook enkele skoolboeke, maar in meeste gevalle is die keuse aan die onderwysers oorgelaat¹¹⁾.

Wat 'n deeglike onderrig van Hollands baie bemoeilik het, was dat Hollandse lees- en taalboekies in die meeste skole ontbreek het¹²⁾. Boekreekse vir die verskillende klasse was omtrent onbekend, en waar daar nog boeke beskikbaar was, was die voorraad gewoonlik ontoereikend. Op die gebied van boekies vir leesonderwys het daar 'n verwarring geheers. Volgens die onderwysverslae was o.a. die volgende boeke in gebruik: De Trap der Jeugd, Spel en leesboek (Prinsen), Eerste Schooljaren (H. Bouman), Jan Ploeger's Prentjes, Fondamentsteenen, Van Eigen Bodem (Eigenhuis), Kinderschat (J.A. Goeverneur), Honderdtallen (Smid)¹³⁾.

In sy eerste rapport lê Du Toit daar nadruk op dat daar vir die Transvaal 'n eie stel skoolboeke nodig is en suggeer ook dat ons hier 'n eenvoudige Nederlandse taalkunde nodig het¹⁴⁾. In 1884 het hy die saak weereens aangepak en by die Volkraad aanbeveel om aan moontlike skrywers honoraria te betaal. Die plan is deur die Raad opgevolg¹⁵⁾, en op die prysvraag is die volgende jaar twee rekenboekies ontvang, waarvan die rekenboek van J.R. Joubert van Potchefstroom gekies is as die geskikste¹⁶⁾.

Terselfdertyd het in Mei 1887 die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging 'n aanbod gemaak van Hollandse handskrifte vir Reken, Aardrykskunde en Geskiedenis, waarvan

11). Coetzee: Onderwys, in Tvl. 1838-1937, 109.

12). Onderwysverslae van die Z.A.R., 1883-1891.

13). Ibid., 1885 en 1886 op bl. 39, 42, 50, 37, 19 en 24.

14). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R.
142.

15). Notule Volksraad, Junie 1885, art. 400.

16). Lugtenburg: a.w., 143.

die aanbod vir die laaste twee aangeneem is¹⁷⁾.

Die Nederlandsch-Zuid-Afrikaansche Vereeniging het die bekende historikus Theal met die versoek genader om 'n geskiedenisboek te skryf. Sy boek Beknopte geskiedenis van Zuid-Afrika het voorlopig die leemte gevul, totdat Aitton se Geskiedenis van Zuid-Afrika met een inleiding over de algemeene geskiedenis voor de scholen in de Zuid-Afrikaansche Republiek die lig gesien het. Laasgenoemde het eers na die Du Toit-tydperk verskyn.

d. Leerplan.

In 1882 is die Transvaalse skoolwet van S.J. Du Toit in die Staats-Courant gepubliseer.

Artikel 2 lui: „.....zo eist de Regering slechts dat, in alle van regeringswege ondersteunde scholen, het burgerlijk onderwijs behoorlik gegeven worde: (i) In Christelijke geest; waarbij begrepen is het opnemen en sluiten der school met gebed, en het lezen van Gods woord en die behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de school-uren,.....”.

Die res van die skoolvakke word behandel in artikel 4: „Het onderwijs wordt verdeeld in :- (i) Elementair (lager) onderwijs, omvattende het lezen schrijven, rekenen en zingen, en de beginselen der Nederduitse taal; (ii) Middelbaar onderwijs, omvattende, behalve het bepaalde voor elementair onderwijs (4a) een grondige kennis van de taalkunde der Nederduitse, en, waar zulks verlangd wordt, ook der Engelse en Hoogduitse talen; de beginselen der aardrijkskunde en die der geschiedenis, zowel algemene als die van Zuid-Afrika en der Zuid-Afrikaanse Republiek in het biezonder; waarbij als aanbeveling gevoegd wordt: onderwijs in de beginselen der wiskunde en letterkunde, het

17). Notule Volksraad, 24 Mei 1887, art. 288.

tekenen en boekhouden, benevens muziek en handwerken voor meisjies; en (iii) Hoger onderwys ooreenkomstig nader te maken bepalingen".

In verband met die medium bepaal artikel 7 dat „het onderwys zal gegee word in de Nederduitse taal"¹⁸⁾.

Ofskoon die Superintendent self terdeë die waarde van geskiedenis besof het, het die Onderwyswet hierdie vak nie as 'n verpligte vak op die laerskool beskou nie. Ds. Du Toit het sy stelsel hoofsaaklik vir die platteland bedoel en het as hoofvakke vir die plattelandse kinders beskou: Lees, Skrywe, Rekene en Sang.

Die grootmoelikhede waar Du Toit mee te kampe gehad het, was die gebrek aan handboeke en die tekort aan geskikte onderwysers. Ons moet dit dus grotendeels hieraan toeskryf dat die inspeksierapporte oor die jaar 1890 nie te gunstig was nie. Inspekteur De Jonge sê in sy „Algemene Opmerkingen over het onderwys....." die volgende: „De inspecties leeren dat er vooruigang is, maar nauwelijks merkbaar! Het onderwys is nog gebrekkig"¹⁹⁾.

Nogtans, as ons al die moelikhede in ag neem waarmee die Superintendent te kampe gehad het, nl. gebrek aan onderwysers en boeke, gebrek aan belangstelling by ouers, inspeksie wat hy self moes behartig en onmoontlik alles kon doen, is ons nog verbaas dat die onderwys so vinnig vooruitgegaan het.

e. Inspeksie.

Ds. Du Toit het by al sy veelvuldige werksaamhede nog tyd gevind om in die begin altans gereelde en deeglike inspeksie self te doen, getuie sy „Jaarsverslae". Hy moes egter al gou die hulp inroep van plaaslike predikante, terwyl hy self vroeg reeds pleit vir die aanstelling van inspekteurs van onderwys, wat egter eers vanaf 1888 geskied het²⁰⁾.

18). Wet No. 1 van 1882 van die Z.A.R.

19). Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die Z.A.R., 159.

20). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die onderwys, 16.

Die eerste inspeksierapporte van Du Toit gee ons 'n insig in die ware toestand van die onderwys van dié dae. Dit blyk dat baie van die skole nog maar bly werk het vir die algemene doel van die destydse plattelandse onderwys, nl. die aflegging van belydenis van die geloof. 'n Rooster en skryfbord het dikwels ontbreek. Daar is baie aandag gegee aan die sing van Psalms en Gesange, aan Bybelgeskiedenis en Sondagkatekisasie.

Die volgende rapport is tipies van die inspeksierapporte soos hulle in die eerste jaarrapport van S.J. Du Toit in 1882 verskyn het:

„School van P. Genis te Scheerpoort, District Rustenburg, op 15 April geïnspecteerd en als ondersteunde school opgeneem.

Lokaal en meubelaar net en doelmatig. Tijdstafel en swarte bord ontbreek. Op die lijs 27 leerlingen; 25 teenwoordig. Zingen: uit Kinderharp, Psalmen en Gezangen zeer goed.

Bijbelgeschiedenis: zeer goed.

Schrijven: net en duidelik.

Reken: tot dubbele regel van drie, zeer goed.

Ook catechisatie en Zondagschool worden gehouden in verband met deze school²¹⁾.

Die vooruitgang van die onderwys, wat in so 'n groot mate te danke was aan die onvermoeide werk van Du Toit, is ten volle gewaardeer deur die Regering. Daar was dan ook gewoonlik feitlik geen bespreking oor die onderwysrapporte nie - 'n teken dat daar, aan die begin altans, groot tevredenheid met sy werk was.

21), Oorgeneem uit Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 268.

2.

Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.

a. Geskryfte van ds. S.J. Du Toit.

i, „De Christelike school” (1876).

In 1876 het daar 'n boekie verskyn onder die opskrif De Christelike school in hare verhouding tot kerk en school deur „Een Leeraar der Nederduitsch Gereformeerde Kerk”. In Elpis (Julie 1876) deel ds. S.J. Du Toit mee dat hy die skrywer van die boekie is.

Op die vraag „Aan wie het Christus die onderwys van die jeug opgedra?” antwoord Du Toit: „Aan die kerk volgens Bybel en geskiedenis”. Die skrywer vind die opvoedingsopdrag aan die kerk in die woorde van die Here Jesus aan Petrus volgens Johannes 21: „Laat my lammers wei”, „pas my skape op” en laat my skape wei”. Die skrywer lei hiervan af dat dit in die eerste plek die plig van die leraar is om te sorg vir die opvoeding van die jeug.

Die tweede vraag wat die skrywer stel, is: „Zijn onze scholen, volgens de schedule, christelijk of niet?” Hy maak dan die gevolgtrekking dat godsdiens en Christendom uit die skole uitgesluit is en dat die grondslag waarop die skole gebou is, nie die Christendom is nie maar wel humaniteit.

Op die derde vraag, nl. „Wat zullen wij doen?”, antwoord hy dat die kerk die opvoeding en onderwys in sy hande moet neem en betaal vir sy eie skole.

By die deurlees van die Christelike School kom ons tot die gevolgtrekking dat Du Toit baie onder die invloed was van manne soos Da Costa en veral van ds. G.W.A. van der Lingen²²). Dit was 'n kwaai boekie, en die uitwerking

22). Coetzee: Ds. S.J. Du Toit en die onderwys, 28.

daarvan was „die van 'n knopkierie onder 'n klop ganse"²³⁾. Van alle kante is hy gekritiseer, en party blaaië, bv. Het Volksblad was selfs vyandig. Die Maandbode van die Gereformeerde Kerk het egter saamgestem met sy idees, want dit het ook kerkskole voorgestaan „onder bestuur van kerke-raad met gemeente”.

Die pennestryd het egter ongetwyfeld sy gedagtes in die regte rigting gestuur, in die besonder die stelling van sy kollega „T” in Elpis van April 1876: „Niet in de eerste plaas aan de Kerk maar wel aan de ouders. Dit leert de Schrift in overstemming met de Natuur”. Ons moet sy veranderde standpunt ten opsigte van die kernvraagstuk: „aan wie behoort die opvoeding?” dus grotendeels toeskryf aan die skrywe van „T” in Elpis en aan die invloed van prof. dr. A. Kuyper tydens Du Toit se reis deur Nederland.

ii. „De vrije school”(1886).

Aan wie behoort die opvoeding? In die brosjure van 1886, De vrije school, antwoord Du Toit op die vraag: aan die ouers onder die toesig van die kerk. Op bladsy 8 van De vrije school maak hy dan ook van baie tekste in die Bybel melding wat die bewering staaf.

Die stelling dat die ouers onder toesig van die kerk, en nie die staat nie, verantwoordelik is vir opvoeding van die jeug, berus, volgens Du Toit, op Gods Woord. Volgens die Heilige Skrif (o.a. Gen. 18: 17 ; Ef. 6: 4) staan dit vas dat dit die roeping van die ouers is om te sorg vir die opvoeding van hul kinders. Maar vir sover toesig vereis word en die pligsvervulling van die ouers hierin, het die Opperste Herder van sy kudde die lammers aan die sorg van die herders van sy kudde toevertrou (Joh. 21: 15).

Ons sien dus dat ds. Du Toit te staan gekom het op die suiwer Gereformeerde beginsel in die onderwys: die onderwys en opvoeding van die jeug berus by die ouers. Die kerk moet daarby toesig hou dat die skole Christelik is en dat die ouers hul doopbelofte nakom²⁴⁾.

Hierdie nuwe insig het Du Toit reeds in 1882 beliggaam in sy Transvaalse Onderwyswet.

b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1882.

Artikel 1 van die Onderwyswet lui: „De Regering der Zuid-Afrikaansche Republiek uitgaande van het beginsel dat het de taak is der ouders te zorgen voor het onderwijs hunner kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het Schoolwezen; (i) Tot het aanmoedigen van partikulier initiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van Scholen; (ii) Tot het Schoolopzicht, voor zover zij zich geroepen acht, toe te zien, dat hare toekomstige burgers de vereiste Christelike opvoeding ontvangen; en (iii) Tot het stichten van een inrichting voor hoger onderwijs, voornamelijk ter opleiding van onderwijzers en andere ambtenaren, volgens een later afzonderlijk te maken Reglement”.

Artikel 2: „Erkennende dat het Godsdienstig onderwijs als zodanig thuis behoort bij de Kerk en niet bij de Staat, zo eist de Regering slechts dat, in alle van regeringswege ondersteunde scholen, het burgerlijk onderwijs behoorlik gegeven worde; (i) In Christelijke geest; (ii) Waarbij begrepen is het openen en sluiten der school met gebed, en het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren; (iii) Terwijl het bepaald konfessioneel (leerstelling) onderwijs aan respektieve Kerkbesturen wordt overgelaten; (iv) Waarin

de verskillende Schoolbesturen naar omstandighede zullen behulpzaam zijn, door de vrijstelling van schoollokalen als anderzins; (v) Waarbij de Regering de wenselijkheid uitspreekt, dat de verskillende Gemeenten en Kerkeraden zelf, zoveel moegelik is, het initiatief nemen in het stichten van scholen en het kiezen van schoolkommissien"²⁵

In sy toeligting van die Onderwyswet beveel Du Toit aan dat wykskole gestig word, en doen die volgende wenke aan die hand. „Laat in elke wijk de inwoners samenwerken; laat hen de meest centrale plaats kiezen en samen daar een schoolgebou met onderwyswoning optrekken; laat hen dan jaarlikse aandelen nemen, zegge van £5 tot £6 per aandeel, met recht om één kind voor elk aandeel een jaar lang te laten onderwysen. Dit maakt zulk een school tot een blijvende inrichting in zulk een buurt. Volgens dit plan krijgen de kinderen goedkoper en degeliker onderwys, en blijven tog onder het huiselike opzicht der ouders.

Ik ben blijde dat dit plan van vaste scholen in de buitewijken nog overal waar ik het voorgesteld heb, geredelik gevolg werd. Zo is men reeds bezig zulke skoolen op te richten; 2 of 3 in het distrikt van Heidelberg; 3 in het distrikt van Pretoria; 3 of 4 in dat van Rustenburg en een in dat van Potchefstroom"²⁶).

Dit is die eerste maal dat die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hul kinders, as grondbeginsel in 'n onderwyswet in Suid-Afrika beliggaam is.

c. Toepassing van die beginsel.

In die Onderwyswet van 1882 spreek die Regering die wens uit dat die kerkbesture soveel moontlik die inisiatief moet neem vir die stigting van skole en die verkiesing van skoolkommissies. Die „Bepalinge van die laer en

25). Transvaalse Onderwyswet 1882.

26). Du Toit: Ds. S.J. Du Toit in weg en werk, 51-52

middelbare onderwys" is in A. en B. verdeel. Onder B volg die „Besondere Bepalinge". Elke ondersteunde skool sal onder die onmiddellike toesig van 'n skoolkommissie staan, wat sal sorg vir 'n behoorlike skoolgebou met meubels en toebehore tot bevrediging van die Regering en onderworpe aan die inspeksie van die Superintendent; wat onderwysers kies en vir aanstelling by die Superintendent aanbeveel, en wat die vakansie, met 'n maksimum van 8 weke per jaar, bepaal.

Die plek wat aan die ouers en private inisiatief in die algemeen deur die nuwe Wet toegeken is, het meegebring 'n sterk verhoging van plaaslike belangstelling in die onderwys. Die grondslag van staatsteun, naamlik die aantal leerlinge op skool, het gedien as 'n kragtige aanspooring vir onderwysers sowel as ouers en skoolkommissies: hoe meer kinders hoe groter die toelaag²⁷⁾.

Orals is skoolkommissies gekies en skole gestig. 'n Jaarlikse toelae word toegesê van £3 per kind vir elementêre en £5 per kind vir middelbare onderwys. Aan kinders van behoeftige ouers word 'n verdere subsidie toegeken van £3 tot £5 per jaar²⁸⁾.

Die skoolkommissies moes sorg vir 'n geskikte skoolgebou en meubels²⁹⁾, en die subsidies is aan die skoolbestuur uitbetaal en nie aan die onderwyser nie³⁰⁾.

Die Wet van 1882 bepaal dat die konfessionele onderwys aan die verskillende kerkbesture sou oorgelaat word. Aan die anderkant word die wens uitgespreek dat die verskillende kerkrade self die inisiatief moes neem in verband met die stigting van skole en die samestelling van skoolkommissies.

Die stigting van skole, beheer deur ouers en besoek

27). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 55.

28). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 262.

29). Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.R. 1836-1900, 135.

30). Ibid., 144.

deur kinders van dieselfde Kerkgenootskap word dus nie uitgesluit nie, en konfessionele godsdiensonderwys kon dus maklik ingevoer word. Die kerkskole het dieselfde staatsteun ontvang as die ander. Ook het die Christelike skole van die Gereformeerde Kerk van die staatsteun gebruik gemaak. Reeds in April 1882 het die Sinode (art. 139) soos volg besluit: „Besluit de Regering het onderwys te helpen bevorderen en aan elke school waarin voldoende onderwys in de noodige burgerlijke wetenschappen gegeven wordt, eene toelaag uit's lands kas toe te kennen naar een redelijke maatstaf, dan mag eene Christelijke school die toelaag met evenwel recht ontvangen als elke andere school houdens onafhankelijke vrijheid in het godsdienstige onderwys”³¹⁾.

3.

Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

a. Geskifte van ds. S.J. Du Toit.

i. „De Christelijke school”.

Die idees van Du Toit in verband met die godsdiens op skool is saamgevat in die boekie De Christelijke school, in hare verhouding tot Kerk en Staat. In die boekie word die heersende Onderwyswetgewing in Kaapland, nl. die Wet van 1865, wat die openbare skool kleurloos en selfs godsdiensloos gemaak het, gekritiseer. Klousule 7 van die Skedule van Regulasie, opgestel onder die Wet van 1865, lê neer: „De direktie eener school kan voor het godsdienstig onderwijs der leerlingen voorziening maken, op zulk een uur als voor dat doel door hen wordt afgezonderd, buiten de (vier) gewone schooluren; doch geene leerlingen zullen genoodzaakt worden gedurende het uur van godsdienstig onderwijs tegenwoordig te zijn zonder toetemming van ouders of voogden.”

31). Gesiteer deur Coetzee: Die Gereformeerde beginsel
ten die onderwys in die
Transvaal, 21.

Ds. Du Toit opper die volgende besware hierteen.

- (i) „De grondslag waarop onze scholen gebouwd zijn is dus niet het Christendom, maar humaniteit (menschelijkheid).
- (ii) Krachtens de Schedule zijn onze scholen NIET-CHRISTELIJKE, en niet slechts NIET-SEKTARISCHE scholen.
- (iii). Niet-Christelike scholen in den boezem eener Christelike maatschappij, zijn ANTI-CHRISTELIJKE scholen.
- (iv) De Schedule scheidt wetenskap en godsdienst verstand en hart, die volgens Gods Woord niet te scheiden zijn.
- (v) De Schedule verbandt niet slechts de Christelike LEER, maar ook de Christelike TUCHT van de scholen.
- (vi) De Schedule ondermijnt de wetenskap zelve, kennis zonder godsdienst, wetenskap zonder den Bijbel is een gebouw zonder fondament.
- (vii) De Schedule is onpraktisch en onuitvoerbaar³²⁾.

Die skrywer stel dan die vraag: „Wat zullen wij dan doen?” en antwoord daarop: „Bedanken voor het geld dat ons tot zulk een prijs door den Staat wordt aangeboden, en eenvoudig zeggen: Voor al uw blinkend goud Christus en die Bijbel niet uit de school!”

„Wat zullen wij doen? Ontwaken tot het besef van onzen plicht!”

Die skrywer doen nou aan die hand dat die kerk die onderwys en opvoeding moet oorneem, want „de Kerk werde Christus lammeren!” Elke gemeente moet een of meer kerklike skole hê wat onder toesig en begunstiging van die kerkraad staan. Die Sinode moet 'n normaalskool stig waar onderwysers Christelik opgelei word, sodat dit nie meer nodig is vir die gemeente om onderwysers in diens te neem wat nie Christelik is nie. In die kerkskole sal die kinders dan heeltemal Christelike opvoeding ontvang.

„Niet een uur buitenaf worde de Bijbel opengeslagen; neen al het onderwijs worde in een Christelijken geest

32). Du Toit: De Christelike school gesiteer uit Coetzee; Ds. S.J. Du Toit en die onderwys, 71-98

gegeven; geheel de school zij Christus eigendom. Het kind leere verstaan dat hy als christen op school is; dat geheel de dag Christus toebehoort; dat hoofd en hart Christus eigendom zijn"³³⁾.

In die slotwoord rig hy die volgende tot die predikante: „De toekomst des volks is in uw handen. Beef dat gij Christus schapen en lammeren niet eenigzins den wolf zoudt overleveren”.

Aan die ouers rig hy die volgende waarskuwing: „Wilt gij langer uwe kinderen met eigen hand in den Nijlstroom dezer wereld werpen? Ouder, wilt gij uwe kinderen niet zien in het leger den Anti-christ, houdt hen af van de valschelijk genaamde wetenschap”.

Aan die onderwysers stel hy die volgende vraag: „Christen-onderwyzer, kunt gij uw verzoenen met de gedachte dat de Satan juist u gebruikt als middel ter bereiking van zijn helsch plan, om de jeugd voor den grooten afval die aanstaande is rijp te maken?”

Sy laaste woorde rig hy aan die kinders: „Lieve Jeugd! Wetenskap zonder godsdienst, kennis zonder gehoorzaamheid aan Gods gebod, het zoeken van verstand met nalating van Gods wil - hierin ligt de oorsprong der zonde, de bron van alle kwaad”³⁴⁾.

ii. Die Patriot”.

In Januarie 1876 verskyn die eerste uitgawe van Die Afrikaanse Patriot, wat van die begin af 'n heldere klank laat hoor in verband met die openbare onderwys en hom sterk uitspreek teen die gangbare „staatskool”. In 1877 bepleit ds. Du Toit in Die Patriot met erns en oortuiging die heilige reg van die Transvalers.

33). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die onderwys, 127.

34). Coetzee: Ds. S.J. du Toit en die onderwys, 132.

Na die Eerste Vryheidsoorlog begin ds. Du Toit vanaf 12 Augustus 1881 in Die Patriot sy gedagtes ontwikkel oor die „Toekoms van die Transvaal” en eindig met ’n behandeling van die „Onderwys in Transvaal” in die afleverings van 23 en 30 September. Hierdie geskifte oor die Transvaal word elders behandel. Ds. Du Toit sê in verband met die godsdiens op skool dat hy ’n suiwer Christelike onderwys voorstaan en dat hy op Bybelse gronde teen die skeiding van godsdiens en wetenskap is. Die Transvaalse volk is Christelik gereformeerd, en daarom moet die skool ook Christelik, selfs gereformeerd wees.

’n Man wat so kan dink en skryf, was die man na die hart van die Driemanskap en veral van Kruger, wat hom sonder voorbehoud uitgenooi het om die superintendentskap te aanvaar, wat ook offisieel op 13 Maart 1882 geskied het.

b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1882.

Artikel 2 van die Onderwyswet het betrekking op die godsdiensonderwys in die skool. Die gedeelte van die Onderwyswet word elders volledig aangeteken. Laat ons nou sien hoe ds. Du Toit die Wet toelig. In verband met die Christelike gees van die onderwys sê hy die volgende:

„Het onderwijs moet gegeven worden in Christelijke (hoewel nie juist konfessionele) geest, de Bijbel moet de ereplaats hebben in de school..... Ik weet dat de bevolking des lands met mij daarin overeenstemt! De Bijbel heeft ons gemaakt wat wij zijn als volk; het in ere houden van dat boek is ons behoud, de verwerping daarvan onze ondergang als volk”³⁵⁾.

As ons die Onderwyswet van 1882 met die Burgerswet van 1874 vergelyk, sien ons dat twee verskillende lewenshoudings die grondslag van die wette vorm. Die Wet van 1874 is die

liberale, terwyl die Wet van 1882 die Christelike voorstaan.

Wet No. 8 van 1874 het verklaar dat die Bybel in die skool gelees moet word en dat Bybelgeskiedenis onderwys moet word ³⁶⁾.

Ons vind dieselfde gedagte in die Wet van 1882, behalwe dat die woordkeuse verskil, wat blyk gee van 'n ander lewensopvatting. Superintendent Du Toit het veral nadruk gelê op die Christelike gees wat alle onderwys moet besiel; die skool dus in die teken van die Christendom³⁷⁾.

Terwyl Wet No. 8 van 1874 omskrywe het dat konfessionele onderwys buite die skoolure moes geskied, het die Wet van 1882 dit nie so duidelik gestel nie (hoewel nie juist konfessionele geest.....).

Raadslid Preller, wat beslis teen leerstellige onderwys gedurende skoolure was, het tydens die bespreking van die onderwerp van die Wet deur die Volkraad voorgestel dat by die artikel gevoeg moes word „buite die skoolure”. Sy mening was: „onderwijs in de dogmatiek gedurende de schoolure zal aanleiding geven tot moeyelijkheden en verwarring en zal tot nadeel van de kinderen der verskillende kerkgenootschappen zijn”³⁸⁾.

Teenoor die liberale standpunt van hierdie Raadslid het Paul Kruger gemeen dat die skole kerkskole moes wees en dat godsdienstige, leerstellige onderwys toenadering sou teweegbring tussen die verskillende kerkgenootskappe. President Kruger was verder van mening dat die stelsel deur die voorgestelde toevoeging „sy hoofkenmerk sou verloor as 'n gevolg van uitsluiting van die Kerk”³⁹⁾.

36). Wet No. 8 van 1874 van die Z.A.R.) art. 26.

37). Wet No. 1 van 1882 van die Z.A.R., art 2.

38). Notule E.V.R., 5 Okt. 1881., art. 63.

39). Notule E.V.R., 5 Okt. 1881, art. 63.

In art. 2(a) en art. 2(b) het ds. Du Toit ons geleer wat 'n Christelike skool is. Dit is 'n skool waarin die godsdiensonderwys nie alleen as leervak tot die burgerlike vakke bygevoeg nie, maar ook as vak waardeur die burgerlike vakke beheers en deuradem moet word⁴⁰⁾.

c. Toepassing.

As ons die onderwysverslae van die jare 1883-1891 nagaan, sien ons dat daar heelwat sorg bestee is aan die godsdienstige opvoeding van die jeug. Die eerste inspeksierapporte van Du Toit toon dat daar baie aandag gegee is aan sing uit die Kinderharp, Psalme, Gesange, aan Bybelgeskiedenis en Sondag-katkinsasie⁴¹⁾.

In die onderwysverslag van 1883 word vermeld dat daar byna sonder uitsondering in al die skole Bybelgeskiedenis onderwys word⁴²⁾.

Die verslag van 1885 verklaar dat leerstellige onderwys gedurende skoolure tot die uitsonderings behoort. Daar word uitdruklik vermeld „des avonds ook catechisatie“⁴³⁾ In dieselfde verslag word vermeld dat daar baie aandag aan Bybelgeskiedenis gewy word.

Ons sien dat klagtes van die inspekteurs insake godsdiensonderwys op die skole selde voorkom.

Hier volg 'n paar voorbeelde van inspeksierapporte in verband met Bybelgeskiedenis uit die jaar 1882:

„School van P. Genis, te Scheerpoort, District Rustenburg, op 15 April geinspecteerd en als ondersteunde school opgenomen.

Zingen; uit Kinderharp, Psalmen en Gesangen, seer goed.

Bybelgeschiedenis: zeer goed.

40). Venter: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika, 48.

41). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die S.A.R., 143.

42). Z.A.R.: Onderwysverslag 1883, 13 en 16.

43). Ibid. 1885, 10 en 49.

21 April, School van W.Louis.

Bybelgeschiedenis: Goed.

School te Lichtenburg 29 Junij 1882.

Bybellezen: in't Hollandsch en Engelsch by beurten,
zeer goed.

School geopend: met gezang en gebed in't Engelsch".

In 1885 het die Volksraad besluit om die kennis van kerkmusiek as onderdeel van sangonderwys te beskou, en in sy verslag oor die jaar 1884 het die Superintendent by die inspekteurs daarop aangedring om te let op die uitvoering van die besluit⁴⁴).

Dat daar wel deeglik deur die inspekteurs en deur die Superintendent tydens inspeksietogte op die Christelike beginsel gelet is, ly geen twyfel nie. Die inspeksierapport getuig dan ook dat die godsdienstige aspek in die onderwys aan elke skool „zeer goed" is. Daar is dus met nougesetheid deur die onderwysers gestreef na Christelike onderwys en opvoeding.

4.

Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

a. Geskifte van ds. S.J. du Toit.

i. „Die Patriot"

Op 14 Augustus 1875 is Die Genootskap van Regte Afrikaner gestig. Uit die notule van die voorlopige vergadering kan ons sien dat ds. Du Toit die sieël van die Beweging was. Dit was 'n taalbeweging maar het ook ingesluit die verafrikaansing van die openbare skool - 'n beweging tot Christelik-nasionale opwekking van die Afrikaner.

In Januarie 1876 verskyn die eerste uitgawe van die Afrikaanse koerant, Die Afrikaanse Patriot, wat die mondstuk

44). Notule Volksraad, 1885, art. 101.

was van die Genootskap van Regte Afrikaners. Die doel van die Genootskap van Regte Afrikaners was „Om te staan ver ons taal, ons nasie en ons land“(45). Ds. Du Toit het 'n leidende aandeel gehad aan die oprigting en redigering van die koerant. Daarin kon hy na hartelus sy idees met betrekking tot die opvoeding van die jeug openbaar en hom sterk uitspreek teen die gangbare „staatskool“.

Deur middel van die blad het ds. Du Toit sy landgenote geleer dat hulle 'n eie, skone taal het en het hy hulle ook aangemoedig om in die taal te praat en te skryf. Dit was die ontwaking van die Afrikaanse taal. Hy het nooit nagelaat om te wys op die nasionale gevaar wat die staatskool inhou nie. In Die Patriot van 11 Oktober 1878 sê hy byvoorbeeld: „Deur Engels te beoefen wort die Engelse gees ingeplant..... Laat hulle Engels leer wat tijd en geld daarvoor oor het, maar moet nie dit bindend maak vir algar nie.“(46).

Hy sê ook die volgende in verband met die onderwys: „Met 'n stelsel van onderwijs, wat moet uitloop op die vernietiging van die taal van ons Kerk, kan ons g'n vrede hê nie en sal ons nooit mé versoen nie, al word oek gepraat dat Hollands nie moet verwaarloosd worde nie.

Dit is egter nie net daarom dat ons die stelsel bestrij nie, mar in die eerste plaas omdat dit nadelig is ver die verstandelike ontwikkeling van ons kinders, en geheel ondoelmatig ver die kinders wat nie in die geleentheid is om in die skole groot te worde nie“(47).

Die Patriot van 5 Oktober 1877 sê die volgende: „Ons is nie daarteen dat Engels geleer wort, mar dat die skole gebruik wort om ons taal uit te roei, daar is ons tegen“(48).

45). Du Toit: S.J. Du Toit in weg en werk, 89.

46). Die Afrikaanse Patriot, 11 Okt. 1878.

47). Du Toit: S.J. du Toit in weg en werk, 39.

48). Die Afrikaanse Patriot, 5 Okt. 1877.

In Die Patriot van 24 Desember 1880 bepleit ds. Du Toit die oprigting van die Gedenkskool soos volg:

".....die beste en nuttigste Godenkteken wat ons kan oprig is 'n skool na die behoefte van ons land en volk en kerk. Dit moet dan wees 'n regte Nasionale Skool, waarin eerbied vir ons Voorgeslag, liefde vir ons Volk, kennis met ons Geskiedenis, en ware Nasionaliteitsgevoel angekweek word:

'n regte Afrikaanse Skool, waarin Hollands en Engels en alles wat tot 'n beskaafde opvoeding behoort grondig geleer word, mar in ons eie taal en vollens ons eie beginsels:

'n regte Christelike Skool, waar die Bybel nie in die hoek leg nie, maar op die ere plaas, soos dit aan die Woord van onse Here en Koning toekom, en nie net mar buiten skooltijd gelees word nie, mar die grondslag is van die onderwys:

'n regte Gereformeerde Skool, waar die jeug die suiwere leer van jongs af leer ken en bely en onse Psalme leer sing,⁴⁹⁾.

ii. "De Vrije School".

In De vrije school skryf ds. Du Toit soos volg oor die nasionale beswaar teen die bestaande staatskool:

"De Engelsche Staatschool is de dood voor onze jong nationaliteit.....Maar't kwaad zit nog dieper. Engeland heeft ons niet slechts zijne taal opgedrongen in onze scholen, maar heel zijn oppervlakkig eenzijdig onderwijssysteem. "History of England" moesten onze kinderen leeren, in plaats van onze Vederlandsche geschiedenis..... Want het heerschend beginsel is: Engeland alleen; Engeland alles!

Dit is uwe ergste zonde tegen ons volk, o, misdadig

Engeland! dat gij ons scholen hebt gesticht, waarin niet slechts onze Bijbel wordt geweerd, onze Zaligmaker verloochend, maar ook onze nationaliteit wordt ondermijnd en uitgeroeid!

Daarom roept ons volk en zal het blijven roepen: Weg met zulk een schoolsysteem! Wij willen langer geen offers brengen, tot eigen ondergang; - geen hout aandragen voor den brandstapel voor onze nationale toekomst⁵⁰⁾.

iii. "Afrikaans ons Volkstaal".

In die interessante boekie lê ds. Du Toit 71 stelling neer wat hy voorgedra het op die Taalkongres wat gehou is in Kaapstad op 31 Oktober 1890. Daarvan gee ons net 'n paar weer met die nommers soos dit in die boekie voorkom:

„19. Di Engelse Meisiis-skole in ons land is di listigste en gevaarlikste anslag teen ons Moedertaal; dit verdring ons taal in di huisgesinne en vergiftig di fontein van ons nasionaliteit.

30. 'n Volk syn taal te ontrowe (op watter manier oek) is in stryd met die volkereg, want daardeur strem jy di nasionale ontwikkeling en beroof so 'n nasi di voertuig van sy gedagte en di wysheid van syn voorvaders, uitgedruk in sinspreuke, spreekwoorde, ens.

39. Di voorstanders van Hollans in Suid Afrika is dus di manne van agteruitgang en di voortanders van Afrikaans die ware manne van vooruitgang.

45. Ondersteuning van di Afrikaanse taalbeweging is dus plig van elke ware Afrikaner, en meteen 'n toetsteen ver di waaragtigheid van syn patriotisme.

46. Hoe eerder Afrikaans as offisiële taal erken word, - waar Hollans dit nou nog is, en waar Engels te ver die oppergesag aangeneem het, - hoe voordeliger ver di ontwikkeling van 'n eie Afrikaanse nasionaliteit.

50). Gesiteer uit Coetzee: Ds. E.J. du Toit en die onderwys, 165-167.

61. 'n Vreemde taal as skooltaal in te voer is geesdoodend, maak di kinders tot ape; leer hulle net om na te praat, soos papegaaie, sonder te verstaan wat hulle geleer het.

65. Di Hollanse leerboekies is ver onse kinders glad ongeskik. Ons moet 'n eie stel leerboekies kry in onw eie taal⁵¹⁾.

Behalwe bogenoemde geskrifte het ds. Du Toit sy gevoelens in verband met die nasionale onderwys van die jeug in baie ander boeke, geskrifte, preke en toesprake verkondig. In sy boek S.J. du Toit in weg en werk gee J.D. du Toit 'n lys van 71 boeke wat deur ds. S.J. du Toit geskryf is. Die meeste handel oor die godsdienst en die Afrikaanse taal. Daarby kom dan nog die periodieke uitgawes, bv. Die Afrikaanse Patriot, Die Afrikaanse Almanak, De Getuige, Ons Klyntji, Stemmen des Tijds en Ons Taal.
b. Die Transvaalse Skoolwet van 1882.

Artikel 4 van hierdie Wet bepaal dat die onderwys verdeel word in:

„a) Elementaire (lager) onderwys, omvattende het lezen, schrijven, rekenen en zingen, en de beginselen der Nederduitse taal; b) Middelbaar onderwys, omvattende behalve het bepaalde voor elementair onderwys (4a) een grondige kennis van de taalkunde der Nederduitse, en waar zulks verlangd wordt, ook der Engels en Hoogduitse talen; de beginselen der aardrijkskunde en der geschiedenis, zowel algemene als die van Zuid-Afrika en der Zuid-Afrikaanse Republiek in het biezonder; waarbij als aanbeveling gevoegd wordt: onderwys in de beginselen der wiskunde en letterkunde, het tekenen en boekhouden, benevens muziek en handwerken voor meisjes, en (c) Hoger onderwys, overeenkomstig nader te maken bepalingen Art. 7. Het onderwys sal gegeven

worden in de Nederduitse taal" ⁵²⁾.

In antwoord op 'n adres uit Rustenburg ontvang, lig ds. Du Toit die Wet soos volg toe. Hy vat die vasgestelde grondbeginsels onder drie hoofpunte saam, nl. "(i) Het onderwijs moet gegeven worden in Christelike geest. (ii) De ondersteuning der H.E. Regering moet gelijkelijk toegekend worden aan dorping'en buitenman. (iii) Het onderwijs zelf moet ingericht zijn overeenkomstig de behoeften van ons land en volk" ⁵³⁾.

Punt (iii) hiervan verduidelik hy soos volg:- "Wij willen dat onze kinderen de gelegenheid hebben om alles wat nuttig is te leren, maar zij moeten beginnen met het noodzakelijkste. Zij kunnen andere talen leren zo zij willen Engels, Duits, Latijn ens., maar eerst onze Hollandse taal. Zij kunnen leren Kinderharp, Sankey, enz., zo zij het verlangen, drie of vierstemmig; maar laat hen eerst onze Psalmen en Gezangen kunnen zingen. Laat hen desverkiezende Geschiedenis, Aardrijkskunde, enz., leren; maar altoos in de eerste plaats die van ons eigen land. Zo doet men in alle landen en waarom moeten onze kinderen dat tot vreemdelingen gemaakt worden door slechts het vreemde te leren?" ⁵⁴⁾.

In 'n ander antwoord aan die burgers van Rustenburg haal hy aan uit sy vermaarde preek getiteld "Geen smid in Israel", wat gepubliseer is in die Huiskerk.

"En hiermee is meteen aangewezen het beginsel en einddoel van ons streven in zake het onderwijs: de vorming van een eigen volk. Daartoe is natuurlik eis, onze jeugd niet wetenschappelik op een vreemde baan te voeren en tijd en krachten te verspillen in een vreemde taal, en een vreemde

52). Wet No. 1 van 1882 van die Z.A.R., art. 4 & 7.

53). Du Toit.: S.J. du Toit in weg en werk, 50.

54). Ibid., 51.

geschiedenis, en in geheel vreemde denkbeelde, als of .
het hoogtepunt der geleerdheid bereikt ware in het uit-
blussen val alle eigen nationaliteit, gelijk tot hiertoe
maar te veel het geval was.

Om ten slotte onze mening te verduideliken, slaan
wij een bladzijde op uit de geschiedenis van't oude volk
Israel. Lees het in Sam. 13:19-22. Saul meende een eigen
volk gevormd te hebben. Maar een zaak had hij vergeten:
"Er was geen smid in Israel". Men moest naar den Filis-
tijnen gaan om ploegijzer of houweel te doen scherpen.
En gevaarlik is 't steeds voor een volk, in enig
opzicht van een ander volk afhankelijk te zijn. Dat bleek
weldra. Er kwam krijg tussen Filistijnen en Israëlieten,
en 't gevolg was: de Israëlieten hadden geen zwaarden,
want de Filistijnen weigerden wapenen tegen zichzelf
te smeden.

Ongeveer aldus stond 't ten onzen met het onderwijs
tot hiertoe. 't Was meestal in handen der vreemden, en
die deden hun best om (listig) onze zonen tot vreemde-
lingen te maken. Wat wij op wetenschappelik gebied
behoeven is: eigen smeden. Ons Afrikaanse staal is
goed; het moet maar behoorlik gesmeed en gescherpt worden⁵⁵⁾.

c. Toepassing.

Volgens art. 36 van die Burgers-wet kon Engels
parallel met Hollands gebruik word, maar dit was tog
ondergeskik daaraan. Volgens art. 7 van die Du Toit-wet
bestaan Engels nie behalwe as 'n gewone vreemde taal.
Daar was dus geen sprake van 'n onderwyser vir Engels aan 'n
skool nie⁵⁶⁾.

In die onderwysinrigtings moes die voertaal Nederlands
wees. In die laerskool sou daar net Nederlands as taal

55). Die Afrikaanse Patriot, 28 Apr. 1882.

56). Lugtenburg: Geskiedenis van onderwys in die Suid-
Afrikaanse Republiek 1836-1900, 50-51.

onderwys word, maar in die middelbare skool kon ook Engels en Duits onderrig word indien dit verlang word⁵⁷⁾.

Ons vind nogtans dat die taalklousules van die Du Toit-wet ontduik is en dat Engels dikwels in plaas van Hollands die hooftaal op skole was, en die Volksraad was gevolglik verplig om op 3 Oktober 1884 die volgende besluit te neem:

„De Raad in overwegen nemende dat er redenen bestaan te gelooven dat er scholen worden ondersteund uit 's lands kas waar het medium van onderwijs niet is de Hollandsche taal, ingevolge de vereischten der wet, draagt de Regering op naar deze omstandigheden onderzoek in te stellen door middel van Z.Ed. den Superintendent van Onderwijs en de wet stiptelijk toe te passen⁵⁸⁾.

By Wet 10 van 1888 is die gebruik van Hollands verpligtend verklaar in die Republiek, en Engels is as 'n vreemde taal bestempel. Art. 1 van hierdie Wet bepaal: „De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen⁵⁹⁾.

Nietemin lewer 'n noukeurige ondersoek van die onderwysverslae van 1883-1891 blyke dat in die meeste skole sowel Engels as Hollands as skoolvakke onderrig is. Vir die Superintendent was dit onmoontlik om alleen al die skole te inspekteer, en dr. Malherbe sê: „On this account also the Act on the use of the Dutch language was very difficult to enforce⁶⁰⁾.

Die vooruitgang in die tyd van ds. Du Toit was egter groot. Daar was aan die begin veral 'n algemene ontwaking

57). Wet No. 1 van 1882 van die Z.A.R.; vgl. Du Toit: S.J. du Toit in weg en werk. 50-51.

58). Jeppe en Kotze: De locale wetten der Z.A.R., 1268.

59). Eybers: Select constitutional documents, 482.

60). Malherbe: Education in South Africa (1652-1922), 265-266.

op nasionale gebied. Die burgers het taalbewus en nasiebewus geword.

Ds. Du Toit het sy lewe gewy aan die onderwys en opvoeding van die Afrikaanse volk, en toe sy lewe verby was en hy op sy sterfbed lê, kon hy sê: „Al heb ik zwaar moeten strijden voor de rechten onzer taal, dikwels gesmaad en miskend, ja zelfs door eigen langgenoten, mede-Afrikaners, lange tijd bijna alleen moeten vechten in de taalstrijd, toch ben ik dankbaar dat mijn werk niet te vergeefs was, want ik heb mijn volk wakker geschud, de grond werd geploegd en bezaaid en nu schiet 't zaad overal welig op, en brengt heerlike vruchten voort”⁶¹⁾.

-----oOo-----

⁶¹⁾. Du Toit: Ds. S.J. du Toit in weg en werk, 433.

HOOFSTUK V.

DIE DEURWERKING VAN HIERDIE GRONDBEGINSEL IN DIE TYD VAN DR. MANSVELT.

Na die bedanking van ds. Du Toit as superintendent op 14 Januarie 1888, het die heer Hendrik Stiemens opgetree as waarnemende superintendent¹⁾.

Die stelsel van onderwys het gedurende die dienstydperk van Stiemens onveranderd gebly. Skole is geïnspekteur maar geensins tot die bevrediging van die Regering nie. Dit kon ook nie anders nie, want by die veelvuldige kantoorwerk was dit 'n bejaarde waarnemende Superintendent met geensins die werkywer van 'n ds. Du Toit nie.

Vir „de bevordering“²⁾ van die onderwys en wel met 'n beter reëling in verband met inspeksie van skole het die Regering oorgegaan tot die aanstelling van die eerste twee inspekteurs van onderwys, nl. C.C. de Jonge en H.H. Dijksterhuis³⁾.

Dit was 'n moeilike aantal jare vir president Kruger. Hy het geen bekwame superintendent van onderwys gehad wat hom kon bystaan in sy Gereformeerde beginsel nie. In die Raad moes hy steeds waak teen die onderploeging daarvan deur die opposisie en die onvermoë van die departementele personeel.

Eindelik het die President 'n geskikte persoon gekry, nl. dr. Nicolaas Mansvelt, wat diens aanvaar het in Oktober 1891.

In hierdie hoofstuk wil ek graag daarop wys hoe die grondgedagtes van president Kruger in verband met die onderwys uitgevoer is in die tyd van dr. Mansvelt en hoe

1). Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 28.

2). Notule Volksraad, 20 Mei 1889, art. 187.

3). Ibid., art. 381.

die Gereformeerde beginsel tot sy reg gekom het al dan nie.

1.

Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.

a. Stigting van skole.

Dr. Mansvelt het dadelik 'n reis deur 'n deel van die Republiek onderneem om persoonlik indrukke te versamel asook om in nouer aanraking te kom met die vir wie die skoolopvoeding noodsaaklik en onmisbaar is. Hy was vasbeslote om „zonder de bestaande eigenaardige toestanden dezer Republiek uit het oog te verliezen, het onderwijs in dezen Staat zoo in te richten, dat de opvoeding van de kinderen des volks moge beantwoorden aan de verhoogde eischen door den tegenwoordigen tijd gesteld, en dat dus het opgroeiend geslacht moge worden opgeleid tot ontwikkelde Christelijke mannen en vrouwen, die het erfdeel hunner vaders met kennis en wijsheid zullen kunnen bebouwen, bewerken en besturen“⁴⁾.

Volgens hierdie sienswyse van dr. Mansvelt moet daar dus skole en inrigtings wees waar dit kan geskied.

Daar het etlike jare reeds die voorneme bestaan vir die herformulering van die onderwyswetgewing, om sodoende die euwels wat uit die Wet van 1882 voortgespruit het, uit te wis. Die Regering het gevolglik aan Mansvelt opgedra om 'n nuwe wet vir die openbare onderwys op te stel⁵⁾.

In Wet No. 8 van 1892, wat gepubliseer is in die Staatskoerant van 1 Junie 1892 en in beginsel dieselfde is as die Du Toit-wet, het hy uitvoerige bepalinge neergelê om die onderwys stelselmatig te organiseer, te administreer, te kontroleer en te finansier. Hy het die onderwysdepartement 'n prominente en aktiewe deel gemaak

4). Z.A.R.: Onderwysverslag 1891, 5.

5). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 58-59.

van die land se administrasie en daarby in die meeste gevalle die vertroue van die Regering geniet⁶⁾.

Die Onderwyswet van 1892, wat die laaste was van die Zuid-Afrikaanse Republiek, bestaan uit 77 artikels met 'n bylae A van 4 artikels. Die artikels is ingedeel onder drie hoofde: „Algemeent Bepalinge“, Besondere Bepalinge vir die laer en middelbare onderwys en „Besondere Bepalinge vir die Hoër Onderwys“⁷⁾.

Onder die „Besondere Bepalinge vir laer en middelbare onderwys“ vind ons die artikels (Afdeling A 9-16), oor die oprigting van skole en oor skoolbesture: Die Regering sal die bevoegdheid hê om op versoek van skoolkommissies op dorpe die nodige grond vir die oprigting van skole af te staan. Geen subsidie sal gegee word aan nuut opgerigte en oortollige skole nie. Subsidie sal gegee word alleen aan skole wat onder toetsig van skoolkommissies staan. Die kommissies sal bestaan uit van 3 tot 5 lede, wat gekies word deur al die vaders van die huisgesinne wat binne redelike afstand van die skool woon, en alle mans wat 'n bydrae vir die skoolfonds gee. Onderwysers mag weer as sekretaris van skoolkommissies optree maar mag nie lid daarvan wees nie. Die skoolkommissies sorg vir die skoolgeboue, die meubels, toebehore ens. Hulle stel die onderwysers onder goedkeuring van die Superintendent aan.

Afdeling B artikels 17-23 handel oor die subsidiëring van skole. Die bedrag van driemaandelikse toelae word bereken volgens die totale bedrag van skoolgelde en vrywillige bydraes tot die skoolfonds op die basis van £5 vir elke £2, met die maksimum van 25/- per leerling vir laer en 35/- per leerling vir middelbare onderwys. Daar sal

6). Bot: Die ontwikkeling van onderwys in Tvl. 1836-1951 20.

7). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937. 59.

voortaan geen buitengewone toelae meer wees vir gratis leerlinge nie. Toelaes sal driemaandeliks betaal word op ontvangs van skoolstate, absensielyste en inspekteurs-rapporte. Toelaes sal nie betaal word as die onderwysers en geboue nie deur die Superintendent goedgekeur is nie. Toelaes mag alleen gebruik word vir die onderwys, en die kommissie moet driemaandeliks verslae na die Superintendent stuur. Alle kwartaalstate moet onderteken wees deur die hoofonderwyser en twee kommissielede. Die skoolkommissie bly verantwoordelik vir die terugbetaling van foutief toegekende toelaes van regeringsweë hetsy deur valse of foutiewe opgawes deur die kommissie⁸⁾.

Na die Wet in werking getree het, was daar 'n sekere afname in die aantal leerlinge op die skole, maar gou het die verbetering ingetree. In 1892 was daar 484 skole met 7,932 leerlinge, in 1893 'n vermindering na 412 skole met 5,909, in 1894 'n styging na 419 skole met 6,626, in 1895 422 skole met 7,217, in 1896 'n afname na 395 skole met 7,738, in 1897 457 skole met 10,777 en in 1898 'n geweldige styging na 509 skole met 13,561 leerlinge⁹⁾.

Die grootste aantal kinders, omtrent 92%, het laer onderwys ontvang. Op die middelbare skole was daar naasteby 7%, terwyl minder as 1% hoër onderwys ontvang het. Hierdie persentasie vergelyk egter gunstig met ander ouer onderwysstelsels, soos bv. die van die Kaapkolonie, wat omtrent 0.3% bo standerd 6-leerlinge gehad het.

Ook inrigtings vir hoër onderwys is in uitvoering van die Wet gestig: in 1892 die „Staatsgymnasium”; in Oktober 1894 die „Staatsmeisjesschool”, 'n middelbare skool na st. 6; in 1893 die „Staatsmodelschool”, wat eintlik die

8). Onderwyswet No. 8 van 1892, artikels 9 tot 23.

9). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 64.

onderste deel van die ou Opleiding- en Voorbereidingskool tot st. 6 was; in 1897 die „Mijnschool”. Dan was daar die „Ambachtschool”, Modelboerdery, Handelskool en „Instituut vir blindes en doofstommes” op die program, waaraan egter nie uitvoering gegee kon word nie¹⁰⁾.

Die onderwys onder Mansvelt is tot 'n gesonde, werkende grondslag gebring. Hy het vir die Zuid-Afrikaanse Republiek gebring 'n nuwe stelsel van subsidie, 'n nuwe stelsel van skoolbestuur, meer sentralisasie en dus meer ekonomie. Daar was 'n groter aansporing tot die verkryging van hoër onderwys, waarvan die modelskool en meisieskool voorbeelde was¹¹⁾.

b. Onderwysers.

Dr. Mansvelt het besef dat indien hy die peil van onderwys wil verhoog, hy moet sorg dat daar genoeg bekwame onderwysers is. In 'n toespraak gelewer op 16 Desember 1891 het die Superintendent reeds 'n pleidooi gelewer vir die opleiding van eie onderwysers. As onderwysers van die Transvaalse jeug wou hy eerstens kinders van die volk hê wat met die karakter en eienskappe van die volk bekend is. Die opleiding en vorming van die opgroeiende geslag moet aan persone toevertrou word wat met die volk simpatiseer¹²⁾. As voordele het hy genoem:

- (i) in „de reeds langbestaande” behoefte aan deeglik gekwalifiseerde onderwysers hierdeur voorsien word;
- (ii) die nasionale element in die geledere van die onderwys personeel sal versterk word;
- (iii) die vormende Transvaalse onderwystelsel sal gouer die stempel van Transvaal kry, waardeur die sterkste bolwerk vir die onafhanklikheid en selfstandige karakter van die Zuid-Afrikaanse Republiek geskep sal word;

10). Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 67.

11). Ibid., 68.

12). Argief-jaarboek, 1952, deel I, 71.

(iv) deur vir onderwysers opgelei te word sal die seuns van die burgers teenoor vreemdelinge met die nodige kennis bewapen word¹³⁾.

Dit was die beleid van dr. Mansvelt om waar moontlik ongekwalfiseerde onderwysers te vervang deur persone wat gekwalfiseer is. Artikel 29 van Wet No. 8 lui: „Na het inwerkingtreden dezer Wet zullen geen andere dan behoorlijk gequalificeerde onderwijzers aan ondersteunde Dorpsscholen worde toegelaten”¹⁴⁾. Dr. Mansvelt het dit gedoen om die gehalte van die onderwys te verhoog. In sy eerste jaarverslag rapporteer hy oor die ombekwaamheid van die onderwysers. Hy sê onder andere: „Personen, die nauwelijks hun eigen naam behoorlijk kunnen schrijven; ----- die eenvoudige sommen, welke een verstandige boer wel uit het hoofd kan uitrekenen niet eens schriftelijk kunnen oplossen ----- verdienen toch zeker niet als onderwijzers uit 's lands schatkist te worden bezoldige”¹⁵⁾.

Met sy koms in die Transvaal in 1891 het dr. Mansvelt van die 538 onderwysers en onderwyseresse slegs 20% gevind wat as sodanig gekwalfiseerd was. Volgens die jaarverslag van 1898 het die aantal gekwalfiseerde leerkragte gestyg tot 46%, dus byna die helfte van die totaal van 836¹⁶⁾.

Die Superintendent het egter gesien dat dit onmoontlik sou wees om dadelik alle ongekwalfiseerde onderwysers te ontslaan, en die volgende oorgangsmatreël is dus getref. Onderwysers wat geen vakeksamen afgelê het nie; kan toestemming verkry om in dorpskole onderwys te gee, indien:

(i) hulle dertig jaar of ouer is;

(ii) hulle 'n bewys van goeie, sedelike gedrag kan toon;

13). Z.A.R.: Onderwysverslag 1893.

14). Wet No. 8 van 1892, art. 29.

15). Z.A.R.: Onderwysjaarverslag 1891, 9.

16). Mansvelt: Het onderwijs in Transvaal, 49.

(iii) hulle voor die inverwerkingtreding van die Wet reeds minstens drie jaar as gesubsidieerde onderwysers in die Republiek werksaam was;

(iv) 'n inspekteur verklaar het dat hulle bekwame onderwysers is en hul skole in orde bevind het¹⁷⁾.

Watter pogings is daar aangewend om verbetering te bring in die heersende tekort aan onderwysers? Eerstens is daar in die Wet 'n bepaling neergelê wat die aanstel van kwekelinge wettig, hulle kwalifikasies voorskryf en waarin aan die hoof van die skool 'n honorarium toegeken word vir iedere kwekeling deur hom opgelei wat die derde klas-sertifikaat behaal. Die hele skoolstelsel was dus een groot normaalskool, waarin alle gekwalifiseerde onderwysers die personeel was¹⁸⁾.

Tweedens is daar beurse beskikbaar gestel om kinders van behoeftige mense op te lei tot onderwysers. In 1894 het die Raad dan ook twintig beurse van £60 per jaar toegestaan¹⁹⁾, wat toegeken is aan 11 seuns en 9 meisies wat hulle opleiding aan die Staatsmodel- en die Staatse meisieskool respektiewelik ontvang het. Vanaf 1895 het ons dan 'n normaalklas aan beide inrigtings, wat dus die begin is van die opleiding van toekomstige onderwysers (esse) direk deur die Staat²⁰⁾.

Derdens is daar onderwysers van die buiteland, meesal uit Holland, en ook uit die Kaap ingevoer om die onderwyskragte aan te vul. Dr. Mansvelt het voorkeur gegee aan onderwysers uit Holland bo leerkragte uit Kaapland, omdat die onbelemmerde instroming van verengelse Kaaplandse onderwysers die beleid van die Regering in gevaar sou bring.

17). Wet No. 8 van 1892, art. 32.

18). Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.R.
228.

19). Notule Volksraad, van 1894, art. 1600.

20). Lugtenburg: a.w., 229.

Dat hy egter altyd voorkeur gegee het aan Afrikaners indien hulle reg gesind was, blyk uit 'n antwoord op 'n brief van een van die ontevredenes²¹⁾. Daarin verklaar hy: „Elk Afrikaner, die de vereischte bekwaamheden bezit en omtrent wiens gezindheid ik geen wantrouwen koester, heeft bij mij de voorkeur zelfs boven mijn eigen oorspronkelijken landgenooten”.

c. Geskikte boeke.

Terwyl ds. S.J. Du Toit die gebruik van Engelse boeke in sekere gevalle nog toegelaat het, het Mansvelt verorden dat alle leerboeke in die Hollandse taal geskryf moet wees, behalwe die wat gebruik word by die onderwys van vreemde tale. Artikel 27 van sy Onderwyswet lui:

„Alle leerboeken moeten in de Hollandsche taal geschreven zijn, behalve die, welke bij het onderwijs in eene vreemde taal gebruikt worden”. Verder lê die Wet neer dat die onderwysers vry is in die keuse van handboeke, dog om eenvormigheid in die gebruik van skoolboeke te bevorder sal van tyd tot tyd 'n lys verskyn van boeke wat die Superintendent van Onderwys aanbeveel²²⁾.

Die Departement van Onderwys het gesorg dat daar skoolboeke vir elke vak opgestel en aan die skole beskikbaar gestel word²³⁾. In die Schoolgids wat in 1892 uitgegee is, verskyn daar reeds 'n volledige „Lyst van aanbevolen Lees- en Leerboeken”, waarvan algar in Hollands geskryf is en party spesiaal vir Suid-Afrika opgestel is. Ook in latere uitgawes het daar verdere lyste verskyn.

Die Departement het baie moeite gedoen om geskikte boeke vir die skole te verkry. Ons sien dat die Departement in Maart 1896 aan die wens van die Gereformeerde

Argief,

21) L.A. 696 Superintendent van Onderwys i/s P.R. Viljoen.

22) Wet No. 8 van 1892, art. 27 en 28.

23) Coetzee: Onderwys in Transvaal 1838-1937, 66.

Kerk, nl. dat daar Christelike boeke in die skole gebruik word, voldoen het. In 'n brief wat die Sekretaris van Onderwys aan die Kerk geskryf het, het hy die Kerk daarop gewys dat daar 'n lys van geskikte boeke beskikbaar is²⁴⁾.

d. Leerplan.

Deur die vasstelling van 'n algemene leerplan waarin die eise van die verskillende standers omskryf is, het dr. Mansvelt die onderwys deur die hele land op 'n hoër en uniforme peil gebring²⁵⁾.

Artikel 4 van die Onderwyswet van 1892 noem die vakke wat op skool geleer moet word. Die laer onderwys sluit die volgende vakke in: Bybelgeskiedenis, Lees, Skryf, Reken en Sang met inbegrip van Kerkmusiek, die beginsels van die Hollandse Taalkunde en die geskiedenis van die Zuid-Afrikaanse Republiek. Aan die vakke vir laer onderwys is geskiedenis van die Zuid-Afrikaanse Republiek toegevoeg. Die middelbare onderwys omvat behalwe die voortsetting en uitbreiding van die laerskoolvakke 'n grondige kennis van die Hollandse Taalkunde en, waar dit verlang word, ook 'n ander taal, die beginsels van Aardrykskunde en Geskiedenis, sowel algemene as die van Suid-Afrika en die Zuid-Afrikaanse Republiek in besonder. Verder word die volgende vakke ook aanbeveel: Teken, Boekhou, Natuur-, plant- en Dierkunde en Handwerk vir meisies.

Die hoër onderwys het die volgende departement ingesluit:

- (i) 'n klassieke departement,
- (ii) 'n wetenskaplike departement,
- (iii) 'n opvoedkundige departement,
- (iv) 'n landboudepartement²⁶⁾.

24). Het Kerkblad, 15 Apr., 1896.

25). Bot: Die ontwikkeling van onderwys in Tvl. 1836-1951

26). Vgl. Onderwyswet van 1892, artt. 4 en 49.

Die Schoolgids het die aantal ure wat per week aan elke skoolvak bestee moet word as volg vasgestel: Bybelgeskiedenis 4 uur; lees 7; reken $7\frac{1}{2}$, skryf $2\frac{1}{2}$; resitasies, sang, taalwerk en stories 1 uur per week in die eerste drie standerds; in stt. 4, 5 en 6: Bybelgeskiedenis 3; lees $2\frac{1}{2}$; reken 5; taalwerk 1; skryf 2; resitasie 1; taal $2\frac{1}{2}$; sang 1; geskiedenis $1\frac{1}{2}$; aardrykskunde $1\frac{1}{2}$; Engels 4 uur per week²⁷⁾.

e. Eksamens.

Mansvelt het by sy indienstreding Wet 13 van 1886, „Tot het daarstellen van een Raad van Examinatoren” onveranderd gelaat maar hy het die „Algemene Bepalinge” van 1887 dadelik verander. Hierdie verandering betref veral die verbetering van die vereistes asook die indeling, rangskikking en standaard van die vakke. In 1895 het Mansvelt die Wet No. 13 van 1886 herroep en vervang deur Wet No. 6 van 1895. Voortaan sou die ledetal uit 10 bestaan, nl. die Hoofregter, die Superintendent van Onderwys, die Staatsprokureur, die Landmeter-Generaal en die Voorsitter van die geneeskundige kommissie ampshalwe en vyf lede deur die Regering benoem. Die eksamens sou in die vervolg ten minste eenmaal per jaar in die landstaal afgeneem word. Die vereistes van die verskillende eksamens sal soveel moontlik gelyk gestel word aan die van naburige state. Ook die Skoolwedstryd-eksamen sou die verantwoordelikheid van die Raad wees. Daar word verder in besonderhede beskryf die „Algemene Bepalinge omtrent die eksamens en die toelatinge”, die „Huislike Bepalinge”, en die „Vereistes vir die eksamens”²⁸⁾.

27). Malherbe: Education in S.A. (1652-1922), 267.

28). Coetzee: Onderwys in Tvl. 1828-1937, 65-66.

f. Inspeksie.

Tot 1889 was die Superintendent die enigste inspekteur in die Transvaal. In 1889 het die Volksraad egter drie inspekteurs aangestel²⁹⁾. Reeds voor dr. Mansvelt aangestel is as superintendent, het hy aanbeveel dat die aantal inspekteurs verhoog word. Aan die begin van 1892 was daar dus vier inspekteurs³⁰⁾.

Die Transvaal is in vier kringe ingedeel, en vir elke kring is 'n inspekteur aangestel. Die inspeksie was nog ingerig op hoofdelike ondersoek. Van die inspekteurs is verwag dat hulle elke skool in hul kring twee maal per jaar besoek. Soos hul driemaandelikse rapporte egter aantoon, kon dit nie uitgevoer word nie, omdat die kringe ver te groot was vir behoorlike werk en die vergoeding vir reiskoste heeltemal ontoereikend.

Die bevordering van die leerlinge het by die inspekteur berus, aangesien baie onderwysers nie daartoe in staat was nie. Die Superintendent het self uitgebreide reise onderneem om hom op hoogte te hou van onderwystoestande.

Die eerste vier inspekteurs was die here F.P. Crots, C.G. de Jonge, J. Nieuwenhuize en J.K.M. te Boekhorst. In 1894 is Crots opgevolg deur H. Moora, en in 1895 is T.C. Stoffberg aangestel as vyfde inspekteur. In 1896 was die aantal inspekteurs ses, nl. J.K.M. te Boekhorst, J.H. Visscher, H. Moora, J. Nieuwenhuize, T.C. Stoffberg en J.L. Moerdijk³¹⁾.

Die vakke waarin inspeksie gehou is, was die volgende: Bybelgeskiedenis, Rekene, Hollandse Lees en Spelling³²⁾. Die inspekteurs het noukeurige instruksies ontvang met

29). Notule Volksraad, 1889, art. 381.

30). Argiefjaarboek 1952, No. 1, 72.

31). Coetzee: Onderwys in Tvl., 1838-1937, 64-65.

32). Malherbe: Education in S.A. 1652-1922), 271.

betrekking tot uitbetaling van subsidies, invulling van state en registers, stigting van nuwe skole, ens., sodat die statistieke in die departementele jaarverslag so volledig en betroubaar moontlik was³³⁾. Uit die staanspoor kon daar dus doeltreffende toesig oor skoolsake gehou word en kon die euwels dadelik aan die lig gebring word³⁴⁾. Aan onbekwame onderwysers is byvoorbeeld kennis gegee dat hulle van die einde van die kwartaal af nie meer gesubsidieer sou word nie³⁵⁾.

Dr. Mansvelt het alles in sy vermoë gedoen om die onderwys te bevorder deur die stigting van skole, aanstelling en invoer van gekwalifiseerde onderwysers, noukeuriger inspeksie en 'n uniforme leerplan.

2.

Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.

Die Onderwyswet van 1892.

Sonder veel omslagtigheid begin die Onderwyswet van 1892 met: „De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek uitgaande van het beginsel, dat het de taak der ouders is te zorgen voor de opvoeding en het onderwijs der kinderen, beperkt hare bemoeiingen met het schoolwezen:

(i) Tot het aanmoedigen en ondersteunen van particulier initiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelijke bijdragen ter ondersteuning van scholen;

(ii) Tot het schoolopzicht voor zoover zij zich geroepen acht er voor te waken, dat hare toekomstige burgers de vereischte Protestansch-Christelijke opvoeding ontvangen;

(iii) Tot het stichten van een inrichting voor Hooger Onderwijs, voornamelijk ter opleiding van ambternaren en

33). Bot: Honderd jaar onderwys in Tvl., 1836-1936, 21.

34). Basson: Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, 31.

35). Lugtenburg: Beskiedenis van onderwys in die S.A.R.,

onderwysers.....³⁶⁾.

„Particulier initiatief" word nie afgeskaf nie. 'n Sukses moet dit dus gewees het. Die Regering steun dus artikel 1 tenvolle.

„Dat het Transvaalsche Onderwysstelsel op het Vrijwillig Beginsel gegrond was en met overtuiging gehandhaafd"³⁷⁾ word, was by Mansvelt 'n vasstaande feit. Hy voldoen dan ook in sy Onderwyswet aan die opvatting van die President dat die ouers 'n dure belofte **afgelê** het om aan hulle kinders die opvoeding te gee wat vereis word deur die doopformulier.

Al het dr. Mansvelt egter deur sy Onderwyswet sy steun gegee aan die beginsel dat dit die ouers se taak is om te sorg vir die onderwys en opvoeding van die jeug, **het** hy tog dikwels so gehandel dat ons tot die gevolgtrekking kom dat hy wel meer 'n man was vir staatsonderwys. Kort na sy aanstelling het hy byvoorbeeld met betrekking tot die oprig van nuwe skole voorgestel dat die Departement van Onderwys gelas sal word om, alvorens subsidie toegeken word die landdros of veldkornet en die inspekteur van die kring te raadpleeg waar die beste plek is, en eers as die plek goedgekeur word, sal die subsidie toegeken word³⁸⁾. Daar moet dus reëlins getref word vir 'n skool, anders kan geen subsidie aangevra word nie. Nadat alles gereël en in orde is, kan die Departement van Onderwys egter weier om subsidie toe te ken as die skool nie sentraal geleë is nie, en dan moet alle reëlins weer van voor begin³⁹⁾. Dit is moeilik om in te sien hoe hierdie en ander suggesties gerym kan word met private inisiatief, die allereerste grondbeginsel van die Wet. Ons moet dus tot die gevolg-

36). Wet No. 8 van 1892.

37). Mansvelt: Het onderwys in Zuid-Afrika, 37.

38). Lugtenburg: Geskiedenis van Onderwys in die S.A.R., 191.

39). Ibid., 192.

trekking geraak dat Mansvelt kort na sy aanstelling sy geloof aan private inisiatief, die plig van die ouers om vir die opvoeding van sy kind te sorg, begin verloor het. Baie veranderings wys dat hy veel meer 'n man was vir staatsonderwys, hoewel hy daar offisieel nie aan glo nie⁴⁰⁾.

Wat het daartoe bygedra dat Mansvelt sy geloof aan privaat inisiatief begin verloor het? Hy het begin beseef dat die plattelandse bevolking nie genoeg belangstel in die opvoeding van hul kinders nie en dat dit vir die staat nodig sal wees om in te gryp waar die private inisiatief ontbreek. Doen die staat dit nie, sal die kind daaronder ly. In sy onderwysverslag oor 1894 kla die Superintendent oor die groot aantal kinders wat nie skole besoek nie omdat hul ouers nie genoeg belangstel nie. Hy vra: „Wat moet er van dese kinderen des volks worden, als zij zoo opgroeien. Wat zal over eenige jaren de positie van de kleinkinderen der oude Voortrekkers in dit land zijn“⁴¹⁾.

Baie ouers het nog geglo dat drie tot ses maande onderwys ruimskoots voldoende was om hul kinders volleerd te kry. Daar was selfs gevalle waar ouers enige vorm van skoolonderwys oorbodig geag het of waar armoede, verdeeldheid op kerklike gebied of gebrek aan werkkragte on-oorkomelike hinderpale was.⁴²⁾ Daar het ook talle klagtes van onderwysers gekom wat beweer dat die skoolkommissies geen belang in die onderwys stel nie.

In 1893 kla die onderwyser op Vaalkop in die distrik Ermelo: „Gebrek aan Fondsen, en onderlinge samewerking, verscheidene ouders konden hunne kinderen naar school sturen, maar ieder, of de meeste, willen zelf een onder-

40). Idem.

41). Z.A.R.: Onderwysverslag 1894, 8.

42). Idem.

wijzer huren voor een salaris, daar geen goed onderwyser voor wil werken⁴³⁾. In dieselfde jaar skryf die latere inspekteur J.L. Moerdijk dat dit die taak van die ouers is om vir onderwys te sorg maar dat dit moeilik gaan en dat heelparty ouers hulle daaraan onttrek. Op Zwagershoek is daar tussen 50 en 60 kinders wat geen onderwys ontvang nie, maar slegs ses van hulle kan op ondersteuning aanspraak maak⁴⁴⁾.

Baie faktore het dus meegewerk om die grondslag van die bestaande onderwyswet, die inisiatief van die ouers, nie tot sy volle reg te laat kom nie. In 1893 het een van die lede van die Volksraad verklaar dat die plattelandse bevolking te min liefde vir die opvoeding van hul kinders besit⁴⁵⁾.

Dat die Superintendent gou aan staatsonderwys begin dink het, sien ons uit sy toesprake in die Volksraad, alhoewel hy altyd te kenne gee dat dit wel die ideaal behoort te wees dat die inisiatief van die ouer moet uitgaan. In 1893 het hy in die Volksraad verklaar dat die ouers vir die opvoeding van hul kinders moet sorg, terwyl die staat ondersteun. Daarna het hy daarop gewys dat daar twee wêë oop is: óf hierdie beginsel handhaaf óf staatsonderwys invoer⁴⁶⁾.

In die Volksraadsitting van 1895 het die Superintendent verklaar dat hy oor staatsonderwys nagedink het. Hy het te kenne gegee dat hy besef dat dit teen die beginsel en oortuiging van die grootste deel van die bevolking is wanneer die staat onderwys in eie hande neem. Daarom moet die staat soveel moontlik die onderwys tegemoet kom, maar

43). Argief, O.R. 1633/93.

44). Argief, O.R. 353/93 van 10 Maart 1893.

45). Notule Volksraad, 3 Aug. 1893, art. 980.

46). Argiefjaarboek, 1952, deel I, 130.

die inisiatief moet van die ouer uitgaan⁴⁷⁾.

Na die Jameson-strooptog het die Superintendent nog meer getwyfel aan die waarde van die hoofbeginsel van die onderwyswet. Hy verklaar dat die privaat inisiatief geen gelyke tred hou met die hoër eise wat ons tyd aan die opvoeders van die opgroeiende geslag stel nie⁴⁸⁾. In sy onderwysverslag verklaar hy dat dit, na die Jameson-strooptog, vir hom 'n groot vraag is „of men ter wille van een beginsel, hoe goed en loffelijk ook in 't afgetrokkene, zich aan het gevaar mag blootstellen van alles te verliezen door te veel aan „particulier initiatief' over te laten". Hy ag dit die plig van die leiers van die volk om in die streke waar die behoefte aan 'n beter opvoeding en 'n beter ontwikkelde onderwys nog nie so gevoel word nie, die mense daartoe in die geleentheid te stel onder andere deur verplaasbare skoolgeboue en onderwyswonings beskikbaar te stel⁴⁹⁾.

Die Superintendent staan dus nou by die kruispunt van twee paaie. In die toekoms sou hy, volgens opdrag van die Regering en die Volksraad, albei bewandel. Daar sou staatskole wees vir die uitlanders en gesubsidieerde skole vir die Boerebevolking⁵⁰⁾.

Dr. Mansvelt sê in sy boekie Het onderwijs in Zuid-Afrika in verband met die oprigting van staatskole: „Het particulier initiatief was niet in staat, zelf zulk een Inrichting tot stand te brengen en in stand te houden en, al ware dit zelfs met ruime regeeringsondersteuning mogelijk geweest, dan bestond er toch nog het gevaar, dat bij de wrijving tusschen de versschillende staatkundige

47). Notule Volksraad, 22 Mei 1895, art. 153.

48). Z.A.R.: onderwysverslag oor 1895, 18.

49). Z.A.R. Onderwysverslag oor 1895, 18.

50). Argiefjaarboek 1952, deel 1, 133.

en kerkelike partijen deze jonge inrichting te veel aan slingeringen en skokken zou blootgesteld zijn geweest en al heel licht in verkeerde richting gestuurd zijn geworden"⁵¹⁾.

In hoeverre het die idees van dr. Mansvelt ooreengestem met die idees van president Kruger en van die Gereformeerde Kerk?

Ons weet dat president Kruger en die Gereformeerde Kerk sterk voorstanders was van die beginsel dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders. Hulle was dus gekant teen staatskole, en in 1895 het ds. P. Postma by geleentheid van die opening van die eerste algemene vergadering van die V.V.O.O.Z.A. verklaar dat daar by die ouers behoefte aan onderwys behoort te bestaan, „want als de ouders zoo onverschillig bleven zou men komen op het punt van Staatsscholen“. Ds. Postma was as predikant van die Gereformeerde Kerk gekant teen staatskole maar het getuig dat sy ervaring hom geleer het dat daar op die platteland in die afgelope twaalf jaar nie veel vooruitgang bespeur kan word nie⁵²⁾.

Ds. Postma het dan net soos dr. Mansvelt besef dat dit 'n gesonde beginsel is, 'n beginsel om na te streef, maar dat dit nie moontlik is om dit toe te pas as die samewerking van die ouers nie daar is nie.

Waar dr. Mansvelt se voorganger, ds. S.J. Du Toit, staatskole veroordeel het, het dr. Mansvelt weer etlike goeie hoedanighede daarin gesien, alhoewel hy altyd 'n voorstander was van die idee dat die inisiatief van die ouer moet uitgaan.

51) Mansvelt: Het onderwijs in Zuid-Afrika, 37.

52) T.O. - Argief: Notule „Eerste Algemene Vergadering“.

3.

Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

a. Toesprake van Mansvelt.

By geleentheid van die nasionale feesviering op 16 Desember 1891 het superintendent Mansvelt sy gedagtes oor die onderwys aan die aanwesiges meegedeel⁵³⁾.

Hy het in sy toespraak gewys op 'n aantal gevare wat die burgers bedreig. Hy het onder andere daarop gewys dat jong Afrikaners geneig was om die ondeugde van die vreemdeling oor te neem, bv. die gebruik van onweloweglike taal, drankmisbruik en die ontheiliging van die Sabbatdag. Om hierdie euwels te bestry is daar nodig, 'n onderwys, gegrond op Gods Woord, op die geskiedenis en die overlevering van ons volk, op den aard en zeden onzer natie⁵⁴⁾.

Dat Mansvelt die godsdienstige onderwys heel eerste gestel het, blyk uit sy toespraak. Hy beweer dat taal en volk eenis, en om onderwys waarlik nasionaal te laat wees is het, naast een gezond, godsdienstig onderwys, van het hoogste belang dat een kind grondig onderwezen worde in zijn moedertaal⁵⁵⁾.

Spreeker beklemtoon vervolgens dat daar baie Afrikaners is wat vir goud of voordele hul selfstandigheid, sedes godsdiens, taal en nasionaliteit verloën en dat die ou, standvastige geslag uitsterf, sodat dit nou nodig geword het om die posisie te red⁵⁵⁾.

In 'n lesing gehou deur Mansvelt en saamgevat in die boekie Het onderwys in Zuid-Afrika verklaar Mansvelt dat die mislukking van die Burgers-wet toegeskryf moet word aan die verontagsaming van die godsdiens. Hy sê: "Deze wet door President Burgers ontworpen, bleef onvruchtbaar, omdat

53) De Volkstem, 7 Jan. 1892.

54) Ibid.

55) Ibid.

ij, zoals Lion Cachet terecht opmerkt, gegrond was op een beginsel, lijnrecht in strijd met het godsdienstig bewustzijn der natie"⁵⁶⁾.

Hieruit blyk dat Mansvelt besef het dat die onderwys op Christelike beginsel gebaseer moet bly.

Dat hy die vertroue van die Staatspresident en Regering gehad het, blyk uit woorde wat hy in dieselfde toespraak gebesig het: „Ondanks allen tegenstand en verdachtmakerij waren er door het geheel land menschen die mij begrepen en vertrouwden, en ook in den Eerste Volksraad, voor welken ik mij jaarliks te verantwoorden had, werd ik door de meerderheid hartelik gesteund. Bovendien mocht ik mij in 't blyvend en zelfs toenemend vertrouwen van den Staatspresident en van bijna alle Regeeringspersonen ver-heugen en dit, gevoegd bij de innerliike oortuiging, dat ik mijn plicht deed en naar mijn beste weten en geweten het waarachtig heil van het Transvaalsche volk trachtte te bevorderen, stelde mij in staat, met moed en vertrouwen op den ingeslagen weg voorwaarts te gaan"⁵⁷⁾.

b. Die Transvaalse Onderwyswet van 1892 met betrekking tot die godsdiens en die toepassing daarvan.

Artikel 1 en 2 van Wet No. 8 van 1892 lui:

„De Regering der Zuid- Afrikaanse Republiek, uitgaande van het beginsel, dat het taak der ouders is te zorgen voor de opvoeding en onderwijs der kinderen, beperkt hare bemoeiingen met de schoolwezen:

(i) Tot het aanmoedigen en ondersteunen van particulier initiatief (onderneming) bij de burgerij door geldelike bijdragen ter ondersteuning van scholen;

56) Mansvelt: Het onderwijs in Zuid-Afrika, 44.

57) Ibid., 36.

(ii) Tot het schoolopzicht voor zoover zij zich roepen acht er voor te waken, dat hare toekomstige burgers de vereischte Protestantsch-Christelijke opvoeding ontvangen; en

(iii) Tot het stichten van een inrichting voor Hooger Onderwijs, voornamelijk ter opleiding van ambtenaren en onderwijzers, volgens hieronder te noemen bepalingen. Artikel 2. Erkennende, dat het leerstellig godsdienstonderwijs bij de Kerk, en niet bij den Staat, zoo eischt de Regeering slechts, dat in alle van Regeeringswege ondersteunde scholen het onderwijs in de verschillende leervakken gegeven worde:

(i) In Protestantsch-Christelijke geest;

(ii) Waarbij begrepen worden het openen en sluiten der school met gebed, het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren;

(iii) Terwijl het bepaald konfessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respectieve Kerkbesturen wordt overgelaten;

(iv) Waarin de verschillende Schoolbesturen naar omstandigheden alleen zullen behulpzaam zijn door het ten dienste stellen van schoollokalen als anderzins".

Aangaande die onderwysers bepaal artikel 33 van die besondere bepalinge betreffende die laer en middelbare onderwys: „Alle onderwijzers aan ondersteunde scholen moeten, voor zij als zoodanig erkend kunnen worden, aan den Superintendent van Onderwijs bewijzen voorleggen, dat zij leden zijn eener Protestantsch-Christelijke Kerk en tevens van goed zedelijk gedrag". Artikel 40 van die Wet bepaal ook dat waar daar in die Wet van „onderwijzer" of „kweekeling" gepraat word, dit sowel vroulike as manlike persone geld, en, waar dit nie uitdruklik vermeld word nie, dit die bedoeling van die Wet is dat die persone aan 'n

Protestants-Christelike kerkgenootskap moet behoort⁵⁸⁾.

Mansvelt het in die Volksraad verklaar dat hy hom soveel moontlik aan die Du Toit-wet gehou het⁵⁹⁾. Die volgende artikels van die Du Toit-wet is letterlik oorgeneem: „Waarbij begrepen word het openen en sluiten der school met gebed, het lezen van Gods Woord en de behandeling der Bijbelgeschiedenis binnen de schooluren.

Terwijl het bepaald konfessioneel (leerstellig) onderwijs aan de respectieve Kerkbesturen word overgelaten⁶⁰⁾. Die volgende is egter in die Mansvelt-wet uitgelaat: „Waarbij de Regering de wenschelijkheid uitsprekt, dat de verschillende Gemeenten en Kerkraden zelf, zooveel mogelijk is, het initiatief nemen in het stichten van Scholen en het kiezen van Schoolcommissiën⁶¹⁾.

Nog 'n verskil tussen die Du Toit-wet en die Wet van 1892 is die volgende: Die Wet van 1892 bepaal dat die Regering dit as sy plig beskou om daarvoor te waak dat die toekomstige burgers „de vereischte Christelike opvoeding⁶¹⁾ ontvang. Die konsepwet van 1892 stel dit duideliker deur die term „Christelijk-Protestantsch“ te gebruik en sluit sodoende Rooms-Katolieke en Jode uit⁶²⁾.

Mansvelt wou graag 'n Transvaalse gimnasium hê en in sy „Memorie van Toeligting“ verklaar hy dat die Regering beoog om „althans eene inrichting in de Republiek te hebben, waarin knapen in echt Christelike en Nationalen geest worden opgeleid, tot zij geheel rijp en vatbaar zijn voor het eigenlijk Universitair Onderwijs in Europa of

58). Wet No. 8 van 1892.

59). Notule Volksraad, 25 Mei 1892, art. 266.

60). Wet No. 1 van 1882, art. 2d.

61). Wet No. 1 van 1882, art. 2b.

62). Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1952, deel I, 82.

elders⁶³). Ook hier wou hy sorg dat daar 'n Christelike gees heers.

Ook die inspekteurs moes 'n Christelike lewensbeskouing besit, want die Wet bepaal: „De inspecteurs zullen bewijs moeten voorleggen van hun wetenschappelijke bekwaamheid tot satisfactie der Regering, van onbesprokenheid van wandel en moeten zijn van een Hollandsch-Protestantsche Kerk”⁶⁴).

In die tyd van Mansvelt het die Hollands kerkgenootskappe in die Republiek in sommige opsigte verskillende gedagtes voorgestaan, veral oor onderwyssake en veral oor die Staatsgimnasium. Van die drie Hollandse Kerke het die Gereformeerde en Nederduits Hervormde Kerke die Krugerbeleid en ook Mansvelt se Onderwyswet ondersteun, terwyl die leiers van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk in die Transvaal dikwels met Kruger en sy beleid gebots het⁶⁵).

In Augustus 1893 het ds. Bosman, predikant van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk bedank as kurator van die Staatsgimnasium. As redes vir sy bedanking het hy gesê dat ses van die nege Nederlandse dosente van die Staatsgimnasium en die Staatsmodelskool lidmate van die Gereformeerde Kerk was, terwyl die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk nie op die personeel van genoemde skole verteenwoordig was nie. Verder het ds. Bosman verklaar dat sy lidmate reeds jarelank vrees „dat men de Gereformeerde Kerk alhier maken wil tot de voornaamste kerk”. Hy waarsku dus sy lidmate om nie die Staatsgimnasium te ondersteun nie, omdat hulle anders aan die ondergang

63). Memorie van Toeligting, art. 51a (konsep), art. 47a (wet).

64). Notule Volksraad, 25 Mei 1892, art. 269; Wet No. 8 van 1892, art. 8.

65). Argief, L.A. 691, H.J. Emous - Superintendent van Onderwys, Amsterdam, 8 Sept. 1899;.

van hul eie Kerk sal meewerk⁶⁶⁾.

'n Ander predikant van die Nederduits Hervormde of Gereformeerde Kerk, nl. ds. M.P.A. Coetzee van Pietersburg, het in De Vereeniging van 16 Augustus 1893 beweer dat Gereformeerde predikante uit Kaapland die wenk gee dat die Staatsginnasium in Pretoria so ingerig moet word dat dit sal dien as 'n toekomstige opleidingskool vir Gereformeerde predikante⁶⁷⁾.

Nog 'n punt waaroor Mansvelt en ds. Bosman verskil het, was die invoer van onderwysers uit Nederland deur die Superintendent. Ds. Bosman wou veel eerder sien dat die onderwysers uit die Kaapkolonie moes kom, terwyl Mansvelt die Engelse invloed wat die Kaapse onderwysers met hulle saambring, wou bestry. Waar Mansvelt onderwysers uit Nederland ingevoer het, het hy egter altyd daarop aangedring dat hulle streng godsdienstig moet wees. In 'n skrywe aan prof. dr. C.B. Spruyt in Amsterdam verklaar dr. Mansvelt dat daar streng gelet word op die godsdienstsin van die uitgestuurde en toekomstige Nederlandse onderwysers in Transvaal⁶⁸⁾. Veral ten opsigte van Bybelkennis en godsdienstige gesindheid van die sollisistante moet die kommissie 'n strenge ondersoek instel, „omdat zoo ontzaglijk veel van deze zaak afhangt en m.i. de handhaving van het godsdienstig onderwijs onder onze menschen een sine qua non is voor het welslagen van ons streven d.i. de handhaving van het Holl. Afr. element in Z.-Afrika.“⁶⁹⁾.

In 1895 het dr. Mansvelt die Regering versoek om £1000 ter verkryging van onderwysers uit die Buiteland beskikbaar te stel⁷⁰⁾. Die Superintendent het gehoop om

66), De Volkstem, 30 Aug. 1893.

67), De Volkstem, 23 Aug. 1893.

68), Argief, L.A. 696, 20 Julie 1894.

69), Idem.

70), Argief, R. 6921/95 in R. 2666/95. Supt. v. Ond. -
Staatsekretaris, 15 Julie 1895.

„de beste onderwyzers uit het buitenland te lokken en toezicht (te) houden dat alleen mannen, die door Christelike begijdenis en Christelijken wandel uitmunten, de opvoeding van kinderen onzes volks in handen houden en die in nationalen zin leiden⁷¹⁾ .

Waar dit egter dr. Mansvelt se beleid was om onbekwame onderwysers te ontslaan en die onderwys daardeur op 'n hoë peil te bring, is dit interessant om president Kruger se beskouings na te gaan. In 1893 het 'n sekere ongekwalifiseerde onderwyser sy ontslag gekry en het daarop by die Staatspresident gaan kla. President Kruger het waarskynlik die onderwyser op sy Skrifkennis geëksamineer, want in 'n skrywe word vermeld: „Z. HEd. de Staatspresident vond, dat Botha veel te goed in den Bijbel thuis was om hem te ontslaan, beter dan de meerderheid van onze Hollandsche onderwyzers die toch te modern waren⁷²⁾ . In hierdie geval het die Staatspresident sterk druk uitgeoefen, en die Superintendent was verplig om die onderwyser te handhaaf.

Dit dien net as voorbeeld om te illustreer hoeveel waarde president Kruger aan godsdienst en kennis van die Bybel geheg het.

4.

Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

a. Toesprake en geskifte van Mansvelt.

Toe Mansvelt nog dosent in moderne tale op Stellenbosch was, het hy al 'n groot aandeel geneem in die stryd teen verengelsing van die Kaapse Afrikaner en het hy op die belang van die gebruik van die moedertaal gewys⁷³⁾ .

71). Idem .

72). Argief, O.D. 228 Bb. 1460/93. G.A. Ode - C.G. de Jonge, 18 Okt. 1893.

73). Argiefjaarboek 1952, deel I, 68.

in 1884 het sy Proeve van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon verskyn en bewys dat hy nie onverskillig teenoor Afrikaans staan nie. Hy het daarna gestreef om Nederlands as 'n versterkende element vir die opkomende Afrikaanse taal te gebruik.

Van Mansvelt het nog verskillende ander geskrifte ontstaan waarin hy sy nasionale gevoel sterk laat deurskemer en as kampvegter optree vir die Hollandse taal⁷⁴⁾.

In 'n toespraak wat hy in 1890 gehou het⁷⁵⁾ het Mansvelt verklaar dat onderwys in die Nederlandse taal en veral meer Nederlandse studieboeke baie sal bydra om die Engelse invloed te bestry. Dit is die plig van die ouer om die kind in die moedertaal te laat onderrig, en doen hy dit nie „dan is hij zelf de oorzaak, dat zijn kind noch de eene noch de andere taal leert en zijn korten kostbaren leertijd verspilt in plaats van zoo veel mogenlijk die kennis op te doen, die onmisbaar is voor zijn later leven als lid van kerk en maatschappij”.

Op 16 Desember 1891 het dr. Mansvelt by die feesviering op Paardekraal sy iddes in verband met nasionale onderwys duidelik bekendgemaak. Hy het beweer dat taal en volk een is, en om onderwys waarlik nasionaal te laat wees is dit van die grootste belang dat die kind in sy moedertaal onderwys word, „niet alleen omdat daardoor de rechte gevoelens als mensch en burger van den Staat bij hem aangekweekt worden, maar ook omdat alleen door het onderricht in en door de moedertaal de menschelijke geest op de natuurlijkste en

74) Van hom het o.a. verskyn: The dutch language in South Africa; Kaapstad, 1880; Proeven van een Kaapsch-Hollandsch Idioticon; Kaapstad, 1884; Beknopte hand-leiding bij de Taalkundige Tafels, Johannesburg 1892; De Regeering der Zuid-Afrikaansche Republiek en het onderwijs; A.N.V., 1900; „De Hollandsche Taal en het Onderwijs in Zuid-Afrika van 1874 tot 1899”. De Gids, III, 1901; De betrekkingen tusschen Nederland en Zuid-Afrika; Utrecht, 1904; Het Onderwijs in Zuid-Afrika, vooral met betrekking tot de Ned. Taal; Amsterdam 1902; Hollands-Afrikaanse Liederbundel, Amsterdam-Kaapstad, 1907.

75) „Aan aale voorstanders der Hollandsche taal in Zuid-Afrika”, Des. 1890; vgl. De Volkstem, 5 Febr. 1891.

geleidelijkste wijze kan worden ontwikkeld".

Spreeker beklemtoon dat onderwysers, ouers en kinders moet saamwerk daartoe dat ook in 'n ander opsig onderwys 'n nasionale gees gegee word „dat niet alleen de moeder-taal in de eerste plaats grondig worde geleerd, maar ook, dat het onderwijs worde ingericht overeenkomstig de eischen van onzen tijd en met het oog op de toekomstige maatschappelijke betrekking der leerlingen".

Die Transvalers kan wel 'n ander taal leer, maar „dat behoef en mag juist niet geschieden door onze eigen zelfstandigheid en nationaliteit te verloochenen en af te sweren Eendracht maakt macht, maar de eendracht eischt niet, dat de een zijn zelfstandigheid, zijn persoonlikheid, zijn aard en karakter verloochene en opgewet wille van den anderen, en allermint is het noodig dat de Afrikaner zijn taal en nationaliteit afzwere om in vrede met zija Engelsche landgenoten te leven"76).

In die koerant De Volkstem, wat die mening van Pres. Kruger en sy volgelinge verkondig het, is onder andere die volgende van die Superintendent gesê na aanleiding van sy toespraak: „Wij gelooven in hem een man te hebben aangetroffen die niet met woorden, maar met daden aan de zoo hoog noodige hervorming van het nationaal onderwijs al zijne onvermoeide krachten zal wijden. Van hem verwachten we dat hij de onuitroeibare wortels die de Hollandsche taal in Zuid-Afrika bodem geslagen heeft - zal doen gedijen"77).

Mansvelt het dit dus sy taak gemaak om „in de eerste plaats ons nationaal onderwijs en onze nationale taal te helpen opbouwen en handhaven"78).

76) De Volkstem, 7 Jan. 1892.

77) Idem.

78) Argief, O.R. 445/99 in O.D. 285.

b. Wet No. 8 van 1892 met betrekking tot nasionale onderwys.

Artikel 24 van afdeling C van die „bijzondere bepalingen betreffende het lager en middelbaar onderwijs” bepaal: „Alle onderwijs moet gegeven worden in de Hollandsche taal. Alleen bij het onderwijs in vreemde talen is het den onderwijzer geoorloofd, zich van de taal te bedienen, welke hij onderwijst”⁷⁹⁾.

Verder bepaal artikel 25 dat daar by die laer onderwys „des vereischt” in die derde standerd drie van die vyf-en-twintig skoolure aan die onderwys van ’n vreemde taal bestee mag word, terwyl by die middelbare onderwys „waar de ouders dit verlangen”, vier uur aan ’n vreemde taal gewy mag word. Die res van die skoolure moet al die onderrig egter deur en in die Hollandse taal geskied⁸⁰⁾.

In sy „Memorie van Toeligting” het die Superintendent verklaar dat die ure wat toegestaan is vir die leer van ’n vreemde taal, meer vir die leerlinge bestemd is wat langer op die skool kan bly en hul studie wil voortsit. Hy ag dit skadelik vir ander kinders om in die beperkte skooltyd nog tyd en aandag tussen twee tale te verdeel. Hy verklaar verder dat dit meer in belang van die kinders van die staat is om die moedertaal deeglik te leer as om „deze en een vreemde taal slechts gedeeltelik en gebrekkig (te) leeren”⁸¹⁾.

Wat die voertaal betref, het die beginsel dieselfde gebly as onder die Du Toit-wet. Die enigste verskil was dat dr. Mansvelt strenger toesig gehou het oor voertaal-onderwys en toegesien het dat die taalbepalings stiptelik

79) Wet No. 8 van 1892, art. 24.

80) Ibid., art. 25.

81) Argiefjaarboek vir S.A. geskiedenis, 1952, deel I, 86.

82) Basson: Die voertaalvraagstuk in die Tvl. skoolwese,

in die praktyk toegepas is⁸²⁾.

c. Toepassing van die Onderwyswet van 1892.

Dr. Mansvelt het alles in sy vermoë gedoen om die onderwys op 'n nasionale grondslag te plaas. Omdat hy so sterk gevoel het oor die Hollandse taal, sou hy nie toelaat dat daar willekeurige verontagsaming van die wet plaasvind nie.

Hoe het hy dan te werk gegaan om die aspekte van die wet wat betrekking het op nasionale onderwys, te handhaaf?

Eerstens het hy gesorg dat daar strenger toesig gehou is en dat die bepalings toegepas is. Om dit te kan doen moes hy die inspeksiestelsel op 'n meer uitgebreide grondslag organiseer. Die inspekteurs moes toesien dat die taalbepalings streng toegepas word en indien dit nie gedoen word nie, verdere subsidie aan die skole te weier.

Tweedens het dr. Mansvelt die gebruik van Engelse skoolboeke beperk, behalwe by die onderwys van 'n vreemde taal. Hy lê in die Wet neer:- "Alle leerboeken moeten in de Hollandsche taal geschreven zyn, behalve die, welke by het onderwys in een vreemde taal gebruikt worden"⁸³⁾.

In 'n toespraak wat dr. Mansvelt in 1890 gehou het, het hy bepleit dat onderwys in die Nederlandse taal en meer studieboeke in Nederlands die moontlikheid dat die Kaapse Afrikaner om Engels sou oorwin baie sterker sou maak. Die gevaar van Engelse boeke en die Engelse taal was - volgens Mansvelt - dat die volk daardeur sou verengels⁸⁴⁾.

Dr. Mansvelt het dan ook voorsiening gemaak vir die nodige skoolboeke, wat oorspronklik uit Holland moes kom maar later deur die Transvaalse boekies vervang is⁸⁵⁾.

83) Wet No. 8 van 1892, art. 27.

84) De Volkstem, 5 Febr. 1891.

85) Bot: Honderd jaar onderwys in Tvl., 1836-1936, 21.

Derdens wou hy die onderwys nasionaal maak deur te sorg dat leerkragte met die regte nasionale gesindheid aangestel word. Dit was die beleid van dr. Mansvelt om meer onderwysers uit Holland in te voer, want daarmee het hy gehoop om die Engelse gesindheid te bestry. Vir die Kaapse onderwysers het hy nie veel omgee nie, omdat hulle hoofsaaklik 'n Engelse opvoeding geniet het. Hollands was vir hulle 'n aangeleerde boektaal, en hulle het derhalwe nie veel vir Hollands omgee nie. Die Kaapse onderwysers, of altans 'n groep van hulle, het dan ook die leiding geneem in die beweging vir meer Engels op skool⁸⁶⁾.

Mansvelt het gevolglik in sy onderwysverslae oor 1893 en 1894 die noodsaaklikheid van die opleiding van jong Transvalers as onderwyser(esse) bepleit. As voordele het hy genoem: (a) voorsiening in "de reeds lang bestaande" behoefte aan deeglik gekwalifiseerde onderwyskragte; (b) versterking van die nasionale element in die geledere van die onderwyser(esse); (c) die vormende Transvaalse onderwysstelsel sal gouer die stempel van Transvaal kry, waardeur die sterkste bolwerk vir die onafhandklikheid en die selfstandige karakter van die Zuid-Afrikaanse Republiek geskep sal word; (d) deur vir onderwysers opgelei te word sal die seuns van die burgers teenoor vreemdelinge met die nodige kennis bewapen word⁸⁷⁾.

Dat Mansvelt die waarde van nasionale onderwys terdeë besef het, blyk uit 'n lesing deur hom gegee en saamgevat in sy boekie Het onderwijs in Zuid-Afrika. Hy verklaar daarin dat dit sy vaste oortuiging is dat "indien in de beide Zuid-Afrikaansche Republieken het onderwijs steeds

86) Bot: Honderd Jaar Onderwys in Tvl., 50-51.

87) Argief-jaarboek 1952, deel I, 137.

in echt nationalen geest ware geleid en gegeven geworden, er voor en na het uitbreken van den oorlog heel wat minder halfslachtigheid en weifelachtigheid zou geheerscht hebben en daardoor of de aanstokers van den oorlog door het vereenigd front van het Afrikanerdom zouden zijn afgeschrikt of, indien toch de oorlog ware door gedreven, deze in den aanvang met meer beslistheid zou gevoerd zijn, terwijl er zeker in den loop van den oorlog ook minder verraders zouden zijn gevonden"⁸⁸⁾.

88) Mansvelt: Het onderwijs in Zuid-Afrika, 8-9.

HOOFSTUK VI.

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS.

Uit die voorafgaande studie kan ons die volgende samevatting en gevolgtrekkings, maak onder die vier grondgedagtes wat behandel is in die hoofstukke, en wil ons probeer aantoon die Gereformeerde beginsel ten opsigte van die onderwys en opvoeding en in besonder hoe president Kruger daardie beginsel gehandhaaf het in die onderwys van die Zuid-Afrikaanse Republiek.

1.

Die skoolopvoeding is noodsaaklik en onmisbaar.

Gedurende die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie was die skool 'n Gereformeerde staatskool. Die noodsaaklikheid van die skoolopvoeding was die godsdienstig-kerklike vorming van die kind en het ten doel gehad om hom voor te berei vir die kerklike aflegging van belydenis van die geloof.

De Mist se Skoolorde bepaal dat die skool voortaan moet wees: „Kweekplaatzten om goede burgers voor de Staat te vormen.....”

Die Engelse tydperk aan die Kaap bring die kerk en skool weer nader en „Koster Scholen” ontstaan. Die invoer van Skotse onderwysers en predikante het daartoe gelei dat „huisonderwys” sterk na vore gekom het.

Opvoeding en onderwys is op trek geensins verwaarloos nie, en die tekort aan onderwysers het nie afbreuk gedoen aan die noodsaaklikheid van die skoolopvoeding nie. Met die Bybel as leerboek is daar geleer lees, skryf en reken. Daar moet vir die aflegging van die belydenis van die geloof onderrig word.

Reeds in die Tweede Voortrekkergrondwet van 1838, in artikel 13, word bepaal: „De Raad (van Presentanten van het volk) zal ook een wakend oog over den Godsdienst en

scholen moeten houden en alles aanwenden tot bevordering derzelve".

Die konsepsgrondwet van 1855 bewys dat die noodsaaklikheid van skoolopvoeding ingesien word, en „het volk verlangt den opbouw, bloei en welvaart van Kerk en Staat, en uit dien hoofde voorziening in de behoeften aan Nederduitsche Hervormde Predikanten en Schoolonderwijzers".

Skoolopvoeding is gedurende die jare 1859 tot 1871 opgevat as 'n gewigtige gemeenskapstaak; selfs staats-president M.W. Pretorius het sitting geneem op die skoolkommissie.

Met die koms van Burgers as President kry ons vir die eerste keer 'n onderwyswet wat rigtinggewend is, maar die Bybelvaste bevolking kon dit nie aanvaar nie. Dié wet was as gevolg van die liberale rigting daarin nie vir die volk aanneembaar nie, en daar kon nie vooruitgang wees nie.

Die Engels tydperk was 'n verdragings tydperk. Die onderwys was weer die middel tot 'n doel, nl. die verengelsing van die burgers in die Republiek. Skoolopvoeding is noodsaaklik vir die oploeding van die landskinders tot amptenare van die Zuid-Afrikaanse Republiek maar nie onder Engelse oorheersing nie; daarom geen nuwe skole nie.

Die Driemanskap gaan van die beginsel uit dat daar 'n skoolwet moet wees wat voorsiening maak vir die opvoeding en onderwys van die Boerevolk. Skoolopvoeding moet binne hulle bereik gebring word.

Die Woord van God is vir president Kruger alles in die lewe. Hy getuig dan ook: „En veral die onderwys van die jeug sal ek na die beste van my vermoë bevorder, gedagtig aan die Woord: „My volk is uitgeroei omdat dit sonder kennis is,.....".

Deur te bely: „Dit is vir my 'n innige begeerte van die hart om al my kragte in te span om u op te lei tot nuttige lede van die maatskappy. U het 'n groot voorreg van die onderwys van die land, en dit is nie alleen enkeles wat daardeur bevoorreg moet word nie, maar dit is ons doel om die onderwys tot almal te bring en almal daarin te laat deel“, handhaaf president Kruger die Gereformeerde beginsel „Skoolopvoeding is noodsaaklik“, en kom dit vir die eerste keer sedert die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie weer op die voorgrond.

Die Woord van God is vir die Gereformeerde Kerk die eerste beginsel in sy leer. Ook die Kerk glo: „My volk is uitgeroei omdat dit sonder kennis is“. Vanaf die herstigting van die Gereformeerde Kerk in 1859 beywer die Kerk hom vir die opvoeding en onderwys van die kinders op Gereformeerde grondslag. Die gemeenteskole wat deur ds. J. de Ridder in sy „Skema van Onderwys“ voorgestaan word, getuig daarvan dat daar gestry word vir die uitbreiding van die skole en die onderwys.

In die Onderwyswette van 1882 en 1892 word die strewe van die Gereformeerde Kerk en van president Kruger dan ook opgeneem en vind ons dat die skole wat gestig is en deur die staat gesubsidieer word, die goedkeuring van die kerk en die President wegdra. Die bewys is die geweldige uitbreiding op onderwysgebied van so 'n klein bevolking. Tereg kan dr. Mansvelt gevolglik in Het onderwijs in Suid-Afrika meld: „Een feit blijft het, dat in de Transvaal binnen minder dan één menschengeslacht tot stand moest gebracht werd; waartoe in andere landen menschengeslachten lang gearbeid is“.

2.

Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding en onderwys van hul kinders.

Die owerheid het soms aan die onderwys 'n subsidie

gegee uit die publieke kas, maar in die reël het die ouers tydens die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie self die koste van die onderwys gedra, en die Gereformeerde owerheid het toesig gehou oor die skole.

Volgens De Mist behoort die skool nie aan enige besondere kerkgenootskap nie, dus ook nie aan die ouers nie, maar aan die staat, wat moet sorg vir die opvoeding en onderwys.

Die „Koster Scholen” voldoen weer in 'n geringe mate aan die beginsel van ouersorg, maar dit was 'n dekmantel vir die anglisasiepolitiek van Engeland.

Op trek word die kinders „geleer”. Dit was 'n essensiële deel van die ouerlike plig. Die huisonderwys kom weer tot sy reg.

As die vestiging van die Trekkers in hulle nuwe land voltrek is, bestaan daar Nederduits Hervormde owerheidskole.

Die Burgers-wet, wat in 1876 in werking tree, maak nie voorsiening vir ouersorg nie, en die Gereformeerde Kerk onttrek sy kinders aan die staatskole en stig gemeenteskole met ouerlike sorg en seggenskap.

Die Driemanskap het besef dat die onderwys en opvoeding onder die Wet van 1874 nie heilsaam kan wees nie. Hulle het gestrewe na 'n onderwyswet wat sal pas by die bevolking van die Republiek. Dit is die taak van die ouers om te sorg vir die opvoeding van hulle kinders, en waar hulle nie daartoe in staat is nie weens gebrek aan tyd of bekwaamheid, moet hulle gebruik maak van die skool. Dit onthef hulle egter nie van hulle verantwoordelikheid nie, want aan hulle het God die kinders toevertrou, en van hulle sal Hy rekenskap van die kinders eis.

Die Onderwyswette van 1882 en 1892 maak die ouersorg verpligtend. Eerstens gaan die Regering van die Zuid-Afrikaanse Republiek van die beginsel uit dat dit die taak van die ouers is om te sorg vir die onderwys van hul

kinders. Die Regering beperk dus sy „bemoeijingen met het schoolwezen” tot die aanmoediging van private inisiatief by die burgery deur geldelike bydrae ter ondersteuning van skole, tot die skoolopsig vir sover dit hom geroepe ag om toe te sien dat die toekomstige burgers die vereiste Christelike opvoeding ontvang.

Volgens die Doopformulier is die ouers verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van hul kinders. Hierop baseer president Kruger en die Gereformeerde Kerk dan ook die onderwys. President Kruger handhaaf hierdie beginsel van sy Kerk, waar hy besluit oor die grondslae van die Onderwyswet van 1882. Die onderwys moet nie die saak van die staat wees nie, die skole nie staatseigendom nie en die onderwysers nie staatsamptenare nie, maar die onderwys sou die saak van die ouers en die kerk wees, en die op rigting en bestuur van die skole sou gelaat word aan „particulier inisiatief” Blykens wat president Kruger verder getuig: „Bleef de school in handen van den staat, dan zouden wij en Rijk des Satans worden”, sien ons sy standvastige geloof en vertroue in die ouersorg oor die opvoeding en onderwys.

Die Gereformeerde Kerk stry altyd vir ouer-verantwoordelikheid oor die onderwys. Van die herstigting tot met die 1882-Onderwyswet was daar gemeenteskole waarvoor die ouers (lidmate) van die Kerk verantwoordelik was. Volgens sinodale besluit behoort ’n Gereformeerde skool onafhanklik te wees van die kerk, want „op de Kerk rust niet de plicht om de kinderen op te voeden, maar op de ouders”.

Die Gereformeerde Kerk en die President was dus volkome tevrede met die reëling van die onderwys vanaf 1882. Die gees en rigting van die skole word bepaal deur die ouergemeenskap, en die Kerk kan nou toesien

dat die beginsel wat hy voorstaan, deur die ouergemeenskap in die skool in toepassing gebring word. Die belofte deur die ouers in die Doopformulier, „in dié leer na u vermoë te onderrig of te laat onderrig“, word dus nou ook werklikheid in die skool.

3.

Die skoolopvoeding moet Christelik wees.

Onder die bestuur van die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie is die Gereformeerde Kerk deur die staat bevooreg en is die belang van die kerk by die onderwys deur die owerheid erken. Die kerk het die reg gehad om op die gebied van die godsdiens voor te skryf wat op die skole geleer moes word, en dit moes ook ondersoek instel na die bekwaamheid en regsinnigheid van die onderwysers.

De Mist se Kerkorde ontnem die Gereformeerde Kerk die reg om voor te skryf wat op die gebied van godsdiens op die skole geleer sou word. Alleen leerstellings waarin die kerke ooreenstem, mag op die skole geleer word.

Die onderdrukking van godsdiens en taal as gevolg van die anglisasiepolitiek van die Engelse oorheersing was een van die hooforsake wat gelei het tot die Groot Trek.

Die Trekkers het as gevolg van gebrek aan onderwysers teruggekeer tot die ou waarhede van opvoeding en onderwys wat hulle geput het uit die Woord van God. Die opvoeding van die kind was oorwegend sedelik-godsdienstig. Die opvoeding het bestaan in 'n deeglike kennis van die Bybelse geskiedenis, 'n noukeurige onderrig in die geloofswaarhede van die Christelike Kerk en in die godsdienstige sang en lees van die Bybel en ander godsdienstige leesstof.

Voor 1859 was die Nederduits Hervormde Kerk die staatskerk en is alleen lidmate van dié Kerk as onderwysers aangestel. As gevolg van die aktuele beginselbesware van die Gereformeerde manne kon of wou hulle hul

kinders nie in die Nederduits Hervormde owerheidskole plaas nie.

Na die herstigting van die Gereformeerde Kerk op 10 Februarie 1859 te Rustenburg open ds. D. Postma 'n Gereformeerde skool aldaar.

President Burgers se Onderwyswet bepaal: „Geen godsdienstonderwijs wordt in den schooluren gegeven.....” Met so 'n liberale onderwyswet kon die burgers hulle nie versoen nie, en die Gereformeerde Kerk gaan voort met gemeenteskole met die oog op suiwer godsdienstonderwys. 'n Streng eensydigheid moet gehandhaaf word, want eerbied is verskuldig aan die godsdienstige begrippe van andersdenkendes, meen Burgers.

Gedurende die aaneksasieperiode was die godsdienstige en nasionale gees wat in die skole tuishoort en aangewakker moet bly, afwesig. Die eintlike bevolking het hulle nie met die bestaande skole verenig nie en het hulle eie huisopvoeding waargeneem.

Die Driemanskap het besef dat die Transvaalse volk Christelik-gereformeerd is en dat die skool gevolglik ook Christelik-gereformeerd moet wees. Die Bybel het die ereplek in die huis ingeneem en moes dit dus ook in die skool inneem.

Die skoolwet deur die Driemanskap in 1882 aangeneem, was na die behoefte van die volk. Die volk was Christelik-gereformeerd, en daarom was ook die skool Christelik, selfs gereformeerd. Die belofte deur die ouers by die doop van hul kinders afgelê, maak so'n onderwyswet gebiedend noodsaaklik.

President Kruger verkry deur die Onderwyswette van 1882 en 1892 die Christelike opvoeding en onderwys en voldoen aan die beginsel van sy Kerk en sy eie lewensbeskouing. Hy getuig in een van sy presidentsredes soos volg: „Staan vas op Gods Woord waarvolgens u ouers u opgevoed het. Laat

die Woord vir u dierbaar wees. Ek sal met al my kragte probeer om die kerk en skole te ondersteun en u in die Christelike onderwys te laat opvoed sodat u, sowel kerklik as maatskaplik nuttige lede van kerk en staat sal word, en ek vertrou dat die leraars en onderwysers ook hulle bes daartoe sal doen. Dit is 'n groot voorreg dat u Regering Christelike onderwys neergelê het en u is grootlike bevoorreg daar u van Christelike onderwys gebruik kan maak".

Die Gereformeerde Kerk het voldoen aan art. 21 van die Dordtse Kerkorde van 1618, nl.: Die Kerk moet toesien dat daar Christelike onderwysers is vir die Christelike onderwys van ons kinders. Die sorg van die kerk gaan om die gees van die onderwys, nl. die Christelike karakter. Die kerk moet toesien dat daar Christelike skole is waarin die goeie onderrig in die godsaligheid en in die kategismus kan wees.

4.

Die skoolopvoeding moet nasionaal wees.

Die Calvinisme, wat onder die Hollands-Oos-Indiese Kompanjie in kerk en skool geleer is, het by die Voortrekkers 'n nasionalisme gekweek wat hulle bewaar het van 'n vermenging met die swart bevolking van die land. Dit was die behoud van 'n blanke beskawing in Suid-Afrika.

As die taal van die klonistee bedreig word deur die anglisasiepolitiek van die Engelse bewind, vrees hulle nie die donker, onbekende binneland nie, maar vir vryheid en behoud van eie identiteit durf hulle dit met moed en vertrouwe aan. As die godsdienst en taal van die Afrikaner onderdruk word, is die stryd fel.

Die opvoeding en onderwys op trek dra 'n nasionale karakter wat eie is aan hulle wat smag na die vryheid om hulle self te wees. Dit was 'n doelbewuste strewe om

nasie te bou wat geheg is aan sy tradisies.

In die nuwe land was daar onmiddellik geen bedreiging vir die nasionale skoolopvoeding nie. Die onderwyswette wat tot stand kom, neem almal as vanselfsprekend aan dat onderwys en opvoeding in die taal gegee moet word wat die volk in sy godsdiens en omgang besig.

Die Burgers-onderwyswet van 1874 vertoon 'n liberalistiese lewens- en wêreldbeskouing wat duidelik teen die gees van die volk was. Dit was 'n onderwyswet volgens Burgers se persoonlike gevoelens en weerspieël die toestand in die Kaapkolonie, waarvandaan die bevolking van die Republiek gekom het op soek na vryheid.

Die Engelse tussenbestuur het die nasionale gees van die volk so versterk dat die vryheid deur 'n klein Boere-republiek met wapengeweld van die magtige Engeland herwin is.

Tydens die regering van die Driemanskap is die eenheidsgevoel onder die burgers versterk en het hulle besef dat hulle burgers van een land en een groot familie is. As ras- en nasiebewuste Afrikaner wat die identiteit van die Afrikanernasie van die grootste belang ag, wil Kruger 'n onderwyswet hê waarin die strewe van die Afrikanervolk weerspieël word.

Die beginsels in die Onderwyswette van 1882 en 1892: „Het onderwijs zelf moet ingericht zijn overeenkomstig de behoeften van ons land en volk”, is konsekwent toegepas en deurgevoer.

Die nasionale beginsel in die onderwys tydens die superintendentskap van dr. Mansvelt is teen teenkanting in deur hom en die President gehandhaaf.

Die skoolopvoeding moet na die oortuiging van die President nasionaal wees. Die nasionale onderwys moet bevorder word. Die kinders moet vashou aan die geskiedenis van die volk, sy taal, godsdiens en Bybel.

Die President beskerm sy geliefde volk en land met hierdie vier nasionale grondgedagtes.

Die Gereformeerde Kerk staan nog altyd nasionalisme voor. Soos die President glo in die beginsel dat onderwys wat in die taal van die huisgesin gegee word, 'n nasionale karakter dra: "As u onverskillig word teenoor u taal, dan is u ook onverskillig teenoor u voorouers en ewe-eens teenoor u Bybel, en naderhand ook teenoor u godsdiens, ja selfs word u teenoor u nasionaliteit onverskillig". - so glo die Gereformeerdes dat taal en godsdiens nasionaliteit kweek en bestendig.

Bibliografie.

A. Ongepubliseerde Bronne.

Argiefstukke, Uniegebou, Pretoria.

1. O.D.-stukke 1-459.
2. O.R.-stukke.
3. R.- en R.A.-stukke.
4. S.S.-stukke 1891-1900.
5. Notule Uitvoerende Raad Z.A.R. 1859-1899.
6. Notulen van de Volksraad 1859-1891.
7. Notulen van de Eerste Volksraad, 1892-1899.

B. Belangrikste gepubliseerde Bronne.

1. Algemeen Nederlandsch Verbond: De Regeering der Zuid Afrikaansche Republiek en het onderwijs
Uitgeversmaatschappij Nederland, 's-Gravenhage-
Pretoria, z.j.
2. Bot, A.K.: Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1836-1936. Staatsdrukker, Pretoria, 1936.
3. Cachet, J. Lion: Gedenkboek der Gereformeerde Kerk in Zuid-Afrika. Potchefstroom, 1909.
4. Coetzee, J.Chr.: Die Gereformeerde beginsel in die onderwys in Transvaal, 1859-1937. Nas. Pers., Bloemfontein, 1939.
5. Coetzee, J.Chr.: Onderwys in Transvaal, 1838-1937. J.L. van Schaik, Pretoria, 1941.
6. Coetzee, J.Chr.: Ds. S.J. du Toit en die onderwys. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1946.
7. Coetzee, J.Chr.: Die Potchefstroomse Gereformeerde Gemeente en die Onderwys, 1863-1930. Die Westelike Stem, Potchefstroom, 1938.
8. Coetzee, J. Chr.: Die Geskiedenis van die Onderwys in Potchefstroom 1838-1938. Die Afrikaanse Pers, Johannesburg, 1939.

9. Coetzee, J.V. en J.Chr.: Die Gereformeerde Kerk van Potchefstroom. Die Westelike Stem, Potchefstroom, s.j.
10. Coster, H.J.: De Locale Wetten der Zuid-Afrikaansche Republiek. Staatsdrukker, Pretoria, 1894.
11. du Toit, S.J.: Program van Beginselen van de Nationale Partij. Paarl, 1884.
12. du Toit, S.J.: Die Bybel in Afrikaans. Paarl, 1869.
13. du Toit, S.J.: Afrikaans ons Volkstaal. Paarl, 1891.
14. du Toit, J.D.: Ds. S.J. du Toit in weg en werk. Paarl, 1917.
15. du Plessis, J.S.: President Kruger aan die woord. Sacum Bepk., Bloemfontein, 1952.
16. Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, Die:
 - a. Almanak, 1871-1900.
 - b. Die Kerkblad, Feesnommer. Potchefstroom, 1923.
 - c. De Maandbode, 1873-1894.
 - d. Het Kerkblad, 1894-1900.
 - e. Notulen van de Algemene Vergaderingen en van de Synoden, 1862-1900.
17. Jeppe en Kotze : De locale wetten der Z.A.R. 1849-1885. J.F. Celliers, Pretoria, 1887.
18. Jorissen, E.J.P.: Transvaalsche herinneringen 1876-1896. Amsterdam-Pretoria, 1897.
19. Kamp, J.: De school hoort aan de ouders. Potchefstroom, 1912.
20. Leyds, W.J.: De eerste annexatie van Transvaal. De Lange, Amsterdam, 1906.
21. Lugtenburg, A.H.: Geskiedenis van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek 1836-1900. J.L. van Schaik, Pretoria, 1925.
22. Mansvelt, N.: Het onderwijs in Zuid-Afrika. De Bussy, Amsterdam, 1902.

23. Ploeger, Jan.: 'n Inleiding tot die studie van die Christelik Nasionale Onderwys in Suid-Afrika, met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse Republiek. Ongepubliseerde M.Ed.-verhandeling, Universiteit van Pretoria, 1942.
24. Ploeger, Jan.: Onderwys en onderwysbeleid in die Suid-Afrikaanse Republiek onder ds. S.J. Du Toit en Dr. N. Mansvelt 1881-1900. Proefskrif, Universiteit van Pretoria; gepubliseer in die Argief-jaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis, deel I, Staatsdrukker, Pretoria, 1952.
25. Skoolboekies in gebruik 1838-1900.
26. Snyman, J.J.: Histories Kritiese studie van die Snuts-Onderwyswet van 1907. Ongepubliseerde Proefskrif, Potchefstroom 1951.
27. Spielstra, C.: Het kerklik en godsdienstig leven der Boeren na den Grooten Trek. J.H. Kok, Kampen, 1915.
28. Venter, E.L.J.: Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika. Van Bottenburg, Amsterdam, 1929.
29. V.V.O.O.Z.A.-Gedenkboek 1893-1918. J.L. van Schaik, Pretoria, 1918.
30. Woltjer, J.: Wat is het doel van Christelijk Nationaal Schoolonderwijs. Wolters, Groningen, 1911.
31. Zuid-Afrikaanse Republiek. Departement van Onderwys:
 - a. C.G. de Jonge Fzn.: „Algemene Opmerkingen over het Onderwijs in den Z.A.R.” Staatscourant, 1891.
 - b. „De Schoolgids”, 1892, 1893, 1894, 1895, 1898.
 - c. S.J. du Toit: „Historische Oversicht van het Staatschoolwezen in de Z.A.R.” Staatscourant 1897.
 - d. Rapporte van die Raad van Eksaminatore, Z.A.R. 1887-1895.
 - e. Inspeksieverslae in die Z.A.R. 1881-1891.
 - f. Inspeksieverslae vervat in Superintendent se verslag 1892-1898.

- g. Verslag van den Toestand van het Gesubsideerd Onderwijs in de Z.A.R. over het Dienstjaar 1890.
- h. „Verslag van den Superintendent van Onderwijs betreffende het gesubsideerd onderwijs in de Z.A.R. gedurende het jaar 1891”. Geteken N. Mansvelt, Staatscourant, 1892.
- i. „Voorlopige Rapport van den Superintendent van Onderwijs aan de Hoogedele Regeering der Z.A.R”. Geteken S.J. du Toit, Staatscourant, Mei 1882.

C. Bykomende Bronne.

I Algemeen.

- 1. Basson, M.A.: Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1944.
- 2. Bavinck, H.: Paedagogische beginselen. J.H. Kok, Kampen, 1904.
- 3. Bavinck, H.: Gereformeerde Dogmatiek, deel IV. J.H. Kok, Kampen, 1911.
- 4. Botes, Edmund.: Die taalmediumvraagstuk. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1941.
- 5. Bedell, H.C. en Grobler, P.: Gedenkskrifte van Paul Kruger. J.L. van Schaik, Pretoria, 1947.
- 6. Cachet, F.Lion: De worstelstrijd der Transvalers. Paarl, 1882.
- 7. du Toit, P.S.: Onderwys in Kaapland 1652-1939. J.L. van Schaik, Pretoria, 1940.
- 8. du Toit, P.S.: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie 1652-1795. Kaapstad-Johannesburg, s.j.
- 9. Engelbrecht, S.: Thomas Francois Burgers. De Bussy, 1933.
- 10. Engelbrecht, S.P.: Geschiedenis van de Nederduits Hervormde Kerk in Zuid-Afrika, deel I. De Bussy, Amsterdam 1920
- 11. Eybers, G.W.: Select constitutional document illustrating South African history 1795-1910. London, 1918.

12. Farrelly, M.J.: The settlement after the War in South Africa, Juta, Cape Town, 1900.
13. Gie, S.F.N.: Geskiedenis vir Suid-Afrika, deel I en II. Stellenbosch, 1924 en 1928.
14. Jeppe : Almanac and Directory, 1877, 1879, 1881, 1887, 1889.
15. Lombard, J.P.la Grange: Paul Kruger die volksman. J.L. van Schaik, Pretoria, 1925.
16. Malherbe, E.G.: Education in South Africa (1652-1922) Juta, Cape Town, 1925.
17. Nathan, M.: Paul Kruger his life and times. The Knox Publishing Company, Durban, 1940-41.
18. Nienaber, P.J.: Ds. S.J. du Toit, die eensame Ismael. Van Schaik, Pretoria. 1940.
19. Preller, G.S.: Voortrekkerwetgewing. J.L. van Schaik Pretoria, 1924.
20. Preller, G.S.: Voortrekkermense, Deel 1-3. Nasionale pers, Kaapstad, 1918, 1920, 1922.
21. Postma, F.: Paul Kruger Christen-volksman en staatsman. Pro Ecclesia-drukkery, Stellenbosch, 1944.
22. Scholtz, J. du P.: Die Afrikaner en sy Taal, Kaapstad, 1939.
23. Statham, F.R.: Paul Kruger and his times. T. Fisher London, 1889.
24. Stuart: De Hollandsche Afrikaner en hunne Republiek in Zuid-Afrika. Amsterdam, 1854.
25. van Jaarsveld, F.A.: Die Eenheidstrewa van die Republikeinse Afrikaners, deel I, Pioniershartstogte 1836-1864. Voortrekkerpers, Johannesburg, 1951.
26. van Niekerk, Lydia.: De Eerste Afrikaanse Taalbeweging en zijne letterkundige voortbrengselen. De Nationale Pers Bep., Kaapstad, 1920.
27. van Oordt, J.F.R.A.: Paul Kruger en de opkomst der Zuid-Afrikaansche Republiek. Kaapstad, 1898.

28. van der Merwe, J.P.: Die Kaap onder die Bataafse Republiek. Amsterdam, 1926.
29. Van Wyk, A.H. du Preez: Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese 1806-1915. J.L. van Schaik, Pretoria, 1947.
30. von Wielligh, G.R.: Eerste Skrywers. J.L. van Schaik, Pretoria, 1922.
31. Waterink, J.: Inleiding tot de Theoretische Paedagogiek, deel I en II. N.V.G.A. Rays uitz.Mij, Zutphen, 1931 en 1934.

Tydskrifte en Koerante.

1. De Getuige, Paarl, 1881-1900.
 2. Die Afrikaanse Patriot, Paarl, 1876-1882.
 3. Die Huisgenoot, 25 Augustus 1933.
 4. De Volkstem, 1874-1900.
 5. Het Christelijk Schoolblad, 1895-1899.
 6. Onderwysblad, Nos. 503, 504, 517, 528, 586, 587, 592, 593, 612, 625, 627, 630, 631, 634, 638, 639, 643, 646, 649.
 7. Goewerment Courant, 1877-1881.
 8. Staatscourant der Z.A.R., 1881-1900.
-